



HOOFSTUK 5

WAPENBEHEER EN ONTWAPENING IN AFRIKA NA DIE KOUE OORLOG

Na die Koue Oorlog het Afrikastate met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die Oos-Europese state, en die ekonomies ontwrigtende hereniging van Duitsland, tot die besef gekom dat Westerse hulp in die vorm van kapitaal en tegnologie eerder na die Gemenebes van Onafhanklike State (eertydse Sowjet-Unie) en Oos-Europa gekanaliseer sal word as na Afrika. Die Westerse moondhede het ook tot 'n groot mate belangstelling in Afrika verloor as gevolg van swak regering, swak bestuur en korrupsie wat hoogty gevier het in vele Afrikastate. Rusland was in elk geval nie meer in staat om hulp te verleen soos in die verlede nie en die Oos-Wes mededinging om die uitbreiding van invloedssfeer in Afrika was iets van die verlede. Bykans terselfdetyd het die Suid-Afrikaanse regering hervormings aangekondig wat die einde van die apartheidsbeleid beteken het en 'n einde aan die insurgensieveldtog teen Suid-Afrika sou meebring. Hierdie verwikkeling het veroorsaak dat die frontliniestate skielik nie meer 'n gemeenskaplike vyand, naamlik Suid-Afrika, gehad het om teë te staan nie. Hulle sou dus ander redes moes vind om buitelandse steun te verwerf.¹

Soos in hierdie hoofstuk aangetoon sal word, is daar op sekere terreine soos kern nie-proliferasie en 'n verbod op teen-personeelmyne na die beëindiging van die Koue Oorlog wel sukses behaal en vordering gemaak in Afrika. Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening word vervolgens bespreek.

1. Afrika perspektiewe op wapenbeheer en ontwapening

Hoewel die beëindiging van die Koue Oorlog in Afrika onder andere tot 'n verlaging van uitgawes aan wapens gelei het, bly Afrika een van die mees oorloggesteierde streke in die wêreld en blyk vrede, veiligheid en stabiliteit steeds bykans onbereikbare illusies te wees. Om egter te aanvaar dat Afrika, as gevolg van die relatief hoë voorkoms van gewapende konflikte, onverskillig teenoor wapenbeheer en ontwapening staan, sal 'n growwe veralgemening wees. Die Onverbonde Beweging (OB), waarvan alle Afrikastate lede is, het byvoorbeeld in Oktober 1999 die Algemene Vergadering van die VN amptelik meegedeel dat hulle herbevestig dat die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO) die enigste multilaterale onderhandelingsliggaam vir ontwapening is; dat hulle 'n kernwapenvrye sone in die Midde-Ooste steun; dat hulle hulself tot die besluite wat tydens die 1995 Kernsperverdrag se hersieningskonferensie geneem is verbind; dat hulle diep bekommerd is oor die onwettige proliferasie van ligte en kleinwapens in baie state; en dat hulle die gebruik van teen-personeelmyne teen burgerlikes ten sterkste afkeur. Hulle het verder 'n beroep op die VN

gedoen om so spoedig moontlik 'n internasionale konferensie te belê, met algehele kernontwapening as doel.²

Die volgende menings van Afrikastate soos uitgespreek in die Eerste Komitee tydens die nege-en-veertigste sitting van die Algemene Vergadering van die VN in Oktober 1994 oor ontwapening dien as verdere illustrasie van die houdings (hoewel nie altyd die praktyk nie) van hierdie state teenoor wapenbeheer en ontwapening:

Sierra Leone was ten gunste van 'n omvattende kerntoetsverbod; het opnuut 'n verbintenis tot die Kernsperverdrag uitgespreek; was ten gunste van konvensionele wapenbeheer, die CWK, die BTWK; en die moratorium op die uitvoer van landmyne; en het steun aan wapenbeheer en ontwapening van alle kategorieë wapens, hetsy kernwapens of konvensionele wapens herbevestig.³

Libië se verteenwoordiger se mening was dat wapens van grootskaalse vernietiging 'n gevaar inhou en 'n bedreiging vir wêreldvrede en veiligheid is; hulle ondersteun alle internasionale pogings om militêre begrotings te verminder sowel as die vernietiging van arsenele van alle wapens van grootskaalse vernietiging. State wat nie die Kernsperverdrag onderteken het nie word aangemoedig om dit so spoedig moontlik te doen; 'n kernwapenvrye sone vir Afrika is ondersteun, sowel as die internasionale gemeenskap se oproep om 'n verbod op alle kerntoetse.⁴

Nigerië se verteenwoordiger het hom sterk ten gunste van 'n verbod op wapens van grootskaalse vernietiging sowel as 'n algehele verbod op kerntoetse uitgespreek; en 'n beroep op die VN gedoen om die VN se Register van Konvensionele Wapens uit te brei om meer kategorieë van toerusting en data in te sluit en die doelwitte van volle deursigtigheid ten opsigte van alle tipes wapens na te streef.⁵

Zimbabwe het steun vir die Sekretaris-Generaal van die VN uitgespreek dat ontwapening alle kategorieë wapens moet insluit. Die Zimbabwe regering besef dat dit konvensionele wapens is wat konflikte in veral Afrika aanvuur en verskafferstate word tot 'n groot mate daarvoor blameer. Die mening is verder gehuldig dat algehele en algemene ontwapening konvensionele sowel as kernwapens moet insluit, en tevredenheid met die vordering wat gemaak is om 'n kernwapenvrye sone in Afrika te bewerkstellig is uitgespreek.⁶

Zambië se verteenwoordiger se mening was dat die wêreld in 'n era verkeer waar daar indringend aandag gegee behoort te word aan pogings om algemene en algehele ontwapening onder effektiewe verifieerbare internasionale beheer te bewerkstellig. In die strewe na kernontwapening moet die noodsaaklikheid van konvensionele ontwapening nie uit die oog verloor word nie. Verder het Zambië 'n versoek gerig vir 'n konvensie vir konvensionele ontwapening aangesien talle konflikte in veral Afrika voortduur as gevolg van

die beskikbaarheid van konvensionele wapens. Zambië het sy totale verbintenis tot ontwapening in die omvattende perspektief herbevestig.⁷

Die toepassing van wapenbeheer en ontwapening, aldan nie, in Afrika het hoofsaaklik op konvensionele wapens, insluitende klein en ligte wapens, betrekking. Die gebruik van konvensionele, ligte en kleinwapens in die talle gewapende konflikte wat deurlopend in Afrika aan die orde van die dag is, sowel as die behoefte aan wapens in enige staat vir selfverdediging teen moontlike vyande en vir die handhawing van binnelandse wet en orde, maak die toepassing van wapenbeheer en ontwapening in Afrika uiters moeilik, soos die volgende faktore sal aandui.

2. Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika benadeel

Faktore wat wapenbeheer en ontwapening van veral konvensionele wapens in Afrika uiters moeilik maak word vervolgens in oënskou geneem.

(a) Volgens Fayemi is militêre konflikte in Afrika die onvermydelike konsekwensie van die akute aard van interne teenstrydighede en die bykans totale afwesigheid van enige bemiddelingsmeganisme in Afrika, en nie net die gevolg van die beskikbaarheid van wapens nie. Indien die onderdrukkende toestande wat rasonale mense die wapen laat opneem aangespreek word sal wapens van minder belang word.⁸ Gewapende konflikte in Afrika is een van die mees belemmerende faktore wat pogings tot wapenbeheer en ontwapening in Afrika in die wiele ry.

(b) Afrika leiers se traagheid om drastiese stappe soortgelyk aan dié wat in Costa Rica, Panama en Haiti geneem is, te neem is grootliks gebaseer op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat hulle die vermindering van gewapende magte sal oorweeg. Genoemde drie state het gedemilitariseer tot op 'n punt waar hulle geen leërmagte besit nie. Streekorganisasies in Afrika soos die (OAE), en substreekorganisasies soos die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) het ook nog geen daadwerklike belangrike besluite oor konvensionele wapenbeheer en ontwapening geneem nie.⁹ Ondersteuning uit Afrika vir die VN se Konvensionele Wapenregister is ook uiters teleurstellend. Vir die periode 1992-1996 het 23 van die 53 Afrikastate gereageer en verslae ingestuur. Twaalf van die 23 state het vir net een jaar 'n verslag ingestuur. Net een staat, naamlik Tanzanië, het vir elke jaar tydens die genoemde vyfjaar periode verslae ingestuur. Die meerderheid verslae toon in elk geval dat daar geen in- of uitvoere van wapens plaasgevind het nie.¹⁰ Die reaksie uit Afrika ten opsigte van die Register vir 1997 was steeds uiters swak. Van die tien state uit

Afrika wat gereageer het, het net Suid-Afrika en Kameroen iets gehad om te rapporteer. Die ander agt state se verslae het “nul” vir invoere en uitvoere aangetoon.¹¹ Die verslag vir 1998 toon dat net drie state uit Afrika gereageer het waarvan net Suid-Afrika iets gehad het om te rapporteer.¹²

- (c) Dit is moeilik om konvensionele wapens te beheer terwyl state ‘n wettige reg op wapens vir verdedigingsdoeleindes het. Dit is verder moeilik om te oordeel wanneer die akkumulاسie van konvensionele wapens destabiliserend of oortollig is. ‘n Bydraende faktor is die proliferاسie van ligte wapens as gevolg van verskeie redes soos gebrekkige benaderings tot nasionale veiligheid; intrastaatlike geweld ; onwettige wapenhandel; en misdaad wat hoogty vier in Afrika. Vele Afrikastate akkumuleer konvensionele wapens as gevolg van ‘n persepsie van bedreiging, veral van binne hul grense.¹³
- (d) ‘n Aantal hindernisse belemmer internasionale pogings om wapenhandel met Afrika te beperk of te beheer. Daar is ‘n bykans onbeperkte aantal lug-, land- en seeroetes waarlangs wapens Afrika kan binnekom, maar min regerings in Afrika het die nodige mannekrag en hulpbronne tot hul beskikking om wapens wat hul staat binnekom te monitor of te verhoed dat dit gebeur. Pogings om wapenoorplasings na Afrika te reguleer word ook bemoeilik deur regerings wat wapens gebruik om in buurstate se interne sake in te meng, sowel as deur die korrupsie van regeringsamptenare en instellings wat by wapenhandel betrokke is.¹⁴
- (e) Die vervaardiging en verkoop van wapens is finansiell voordelig en verskaf werkgeleenthede in state soos Egipte en Suid-Afrika in ‘n tyd van ekonomiese druk.¹⁵
- (f) Ten spyte van ‘n krimpende wêreldmark vir wapenuitvoere het verskeie voormalige Sowjet republieke soos Belarus, Oekraïne en Moldova, en Oos-Europese state soos die Tsjeggiese Republiek en Slowakye na die Koue Oorlog tot die wapenuitvoermark toegetree, wat die kompetisie in dié mark verhoog het. Oekraïne het byvoorbeeld van die vyftiende plek op die lys van vernaamste wapenuitvoerstate in die wêreld vir die periode 1990-1994,¹⁶ tot die negende plek vir die periode 1994-1998 gevorder.¹⁷ Belarus wat vir die periode 1990-1994 nie onder die boonste 25 state was nie is in die veertiende posisie vir die periode 1994-1998.

Oekraïne het na die Koue Oorlog een van die vernaamste wapenverskaffers aan Afrika geword. ‘n Feitesending van die VN wat moes vasstel hoe die rebellebeweging UNITA in Angola van wapens voorsien word het in 1998 bevind dat Oekraïne UNITA se hoof wapenverskaffer is. Daar is vele ander verslae van Oekraïne se betrokkenheid deur

middel van wapens en/of huursoldate by konflikte in Afrika. Voorbeelde hiervan is die konflikte tussen Ethiopië en Eritea (huursoldate aan beide kante); die Soedan (huursoldate aan die rebelle se kant); Sierra Leone; en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK).¹⁸

- (g) Die VN se Konvensionele Wapenregister dek net sewe van die belangrikste konvensionele wapenkategorieë. Kleinwapens en ligte wapens, wat soveel verlies aan menselewens in konflikte oor die wêreld veroorsaak, is uitgesluit van die register.¹⁹ In 1993 het die Sekretaris-Generaal van die VN die stelling gemaak dat streekregisters vir konvensionele wapens die volgende stap moet wees. Teen 1997 het geen streek egter nog 'n register ontwikkel nie. In 1995 het die VN se Staande Advieskomitee vir Veiligheidskwessies in Afrika ook hierdie aangeleentheid bespreek, veral dat metodes gevind moet word om Afrika se deelname aan die VN se Register te verbeter, sowel as om 'n Afrika streekregister te ontwikkel.²⁰

Twee van bogenoemde faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika in die grootste mate nadelig beïnvloed is gewapende konflik en klein- en ligte wapen proliferasie. Dié aspekte word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

2.1 Konflik in Afrika in die negentigerjare

In die plek van Oos-Wes surrogaat konflikte in Afrika om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen Suid-Afrika, het militêre konflikte in Afrika na die Koue Oorlog meer soos eie aan Afrika van aard geword, weens die feit dat die supermoondhede se invloed verdwyn het, en hulle belange dus nie meer gedien is nie. Vanselfsprekend verskaf die nywerheidslande die wapens, ammunisie en selfs die uniforms aan Afrika want die oorgrote meerderheid Afrikastate is nie in staat om hul eie te vervaardig nie. Hierdie situasie het 'n nuwe soort afhanklikheid by Afrikastate geskep, veral as gevolg van die tegnologiese gevorderdheid van wapens. Die moontlikheid van konflik in Afrika word ook verhoog deur die gemak waarmee wapens na rebellegroepe en afskeidingsbewegings ingesmokkel kan word. Privaat wapenhandelaars vanoor die hele wêreld is betrokke by hierdie wapenhandel. Oënskynlik is die beskikbaarheid van ligte wapens soos granaatlanseerders, swaar masjiengewere en Kalashnikofs nimmereindigend en is veral Kalashnikofs teen uiters lae pryse beskikbaar. Geen teenregeringsmag het blykbaar 'n tekort aan vuurwapens en ammunisie nie.²¹

Tussen 1990 en 1999 was daar tien staatsgrepe in Afrika, naamlik in Liberië (1990), Sierra Leone (1992), Burundi (1993 en 1994), Rwanda (1994), Gambië (1994), die Comores (1995) en Niger (1995), Sierra Leone in 1997 en die Ivoorkus in 1999.²² Burgeroorloë het

deurlopend in die Soedan, Somalië, Angola, Burundi, Algerië, Marokko-Wes-Sahara, Liberië en Nigerië gewoed. Intrastaatlike konflikte wat in die vroeë negentigerjare voorgekom het, is teen 1995 beëindig. State soos Suid-Afrika, Mosambiek, Tsjaad, Rwanda en Eritrea-Ethiopië is hier ter sprake. In 1995 was die sterftes as gevolg van hierdie konflikte in Afrika reeds dubbel soveel as in 1986.²³ Die aantal groot gewapende konflikte (wat meer as 1 000 lewens per jaar geëis het) wat tussen 1990 en 2000 in Afrika plaasgevind het sien soos volg daaruit:

1990	1991	1992	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000
11	11	7	7	6	5	3	4	11	11	9

Bron: Sollenberg, M, and Wallenstein, P, "Patterns of major armed conflicts 1990-2000", in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.54; en "Definitions, sources and methods for the conflict data", in SIPRI Yearbook 2001, *op cit*, p.65.

Afrika is die mees konflikgeteisterde streek in die wêreld en die enigste streek waar gewapende konflikte besig is om toe te neem.²⁴ Volgens Nhara was meer as die helfte van oorlogverwante sterftes in die wêreld in 1999 die gevolg van gewapende konflikte in Afrika. Hierdie konflikte in Afrika het verder in 1999 meer as agt miljoen vlugteling, mense wat na hul tuisstate teruggekeer het, sowel as misplaaste burgerlikes, tot gevolg gehad.²⁵

Die primêre oorsake van intrastaatlike konflikte is geweldsmisdaad wat gepaard gaan met die ineenstorting van ekonomiese; stam- en etniese geskille; Islamitiese fundamentalisme; separatisme; en ontevredenheid met 'n bestaande regering. 'n Verdere uiters gevaarlike potensiële oorsaak van toekomstige intrastaatlike konflik in Afrika is die verspreiding van die Menslike Immuniteitsgebreks (MIV)-virus. Indien dit nie betyds onder beheer gebring gaan word nie, en die mense wat besmet is op groot skaal sterf, kan dit tot astronomiese ekonomiese probleme lei wat alle vlakke van die samelewing sal raak as gevolg van die ekonomiese werkmag wat nie meer in staat of beskikbaar sal wees om die ekonomie te bedryf nie. Ekonomiese agteruitgang en ineenstorting sal gewelddadige misdaad laat toeneem, anargie laat ontstaan en 'n onbeheersde stroom van vlugteling oor staatsgrense tot gevolg hê. Die polisie en weermag sal nie besmetting vryspring nie, en as gevolg daarvan sal wet en orde moeilik of glad nie gehandhaaf kan word nie. In 1990 was daar reeds een staat in Afrika waarvan die polisie en weermag 75 persent besmet was met MIV.²⁶

Grense wat gedurende die koloniale tydperk vasgestel is; 'n gebrek aan demokratiese verteenwoordiging in regerings; en etniese verskille, is steeds moontlike bronne van konflik tussen en binne Afrikastate. Rwanda en Oeganda steun tans rebelle wat in die Demokratiese Republiek van die Kongo teen die regering veg.²⁷ Ekonomiese realiteite



soos werkloosheid as gevolg van 'n gebrek aan ekonomiese groei; onvervulde beloftes van regerings; buitelandse beleggings wat uitbly; voedseltekorte; en skaars waterbronne wat gepaard gaan met vinnige bevolkingsaanwas, kan ook tot konflikte lei. 'n Probleem wat steeds bestaan is die gevaar dat intrastaatlike konflikte wat eskaleer dikwels nie tot die grense van die betrokke staat beperk bly nie. Ander state word betrek deurdat vlugteling e eenvoudig oor grense na naburige state vlug.²⁸

2.2 Kleinwapenproliferasie in Afrika na die Koue Oorlog

Ter inleiding word 'n kategorisering van ligte- en kleinwapens soos deur 'n paneel van kundiges aan die Algemene Vergadering van die VN voorgelê, voorgelê. Die kategorisering is gegrond op bevindings deur die paneel van wapens wat in konflikte, waarby die VN deur sy vredes pogings betrokke was (en steeds is), gebruik is.²⁹

(a) Kleinwapens (ontwerp vir persoonlike gebruik):

Rewolwers en selflaai pistole; gewere en karbyne; submasjiengewere; aanvalsgewere; en ligte masjiengewere.

(b) Ligte wapens (ontwerp vir gebruik deur verskeie persone wat in 'n groep optree):

swaar masjiengewere; onderloop- en gemonteerde draagbare granaatlanseerders; draagbare lugafweer wapens; draagbare tenkafweer wapens en terugslaglose gewere; draagbare lanseerders vir tenkafweer missiele en vuurpystelsels; draagbare lanseerders vir lugafweer missielstelsels; en mortiere met 'n kaliber kleiner as 100mm.

(c) Ammunisie en ploftoestelle:

Patrone vir kleinwapens; bomme en missiele vir ligte wapens; mobiele houers met missiele en bomme vir enkelaksie lugafweer en tenkafweer stelsels; teenpersoneel en tenkafweer handgranate; landmyne; en plofstowwe.

Die einde van die Koue Oorlog en die beëindiging van die supermoondhede se wedywering in baie dele van die Derde Wêreld, gevolg deur die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika, het veroorsaak dat vele van Afrika se historiese konflikte tot 'n vreedsame einde gekom het. Voorbeelde hiervan is Namibië, Ethiopië en Mosambiek. Terselfdertyd het vele state in Afrika 'n toename in verskeie vorme van intrastaatlike konflik, wat met hoë vlakke van politieke geweld en onstabielheid gepaard gegaan het, beleef. Die toename in intrastaatlike konflik het vanselfsprekend gepaard gegaan met 'n toename in die vraag na wapens wat vir interne doeleindes eerder as teen eksterne militêre bedreigings gebruik kon

word. In vele state het nie-staatlike groepe soos insurgensiegroepe, separatiste magte, plaaslike krygshere en misdaadsindikate die hoofverbruikers van wapens geword.³⁰

Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoë vlakke van politieke geweld en onstabiliiteit in vele Afrikastate, het 'n aanvraag vir kleinwapens laat ontstaan. Kleinwapens is lig, kan maklik vervoer word, en verg min logistieke steun, opleiding en instandhouding. In baie dele van Afrika is die owerheid onbevoeg en het 'n gebrek aan legitimiteit. Daarom is die owerheid dikwels onbevoeg om die verskeie vorms van intrastaatlike konflik wat mag bestaan die hoof te bied. Wetstoepassingsinstellings soos die polisie en doeane het ook dikwels nie die kapasiteit of die vermoë om effektief met probleme soos politieke geweld, gewapende misdaad en die proliferasie van kleinwapens wat verband hou met intrastaatlike konflik, te handel nie.³¹ Groot hoeveelhede kleinwapens het Afrika binne gekom as gevolg van 'n toenemende vraag daarna deur staatlike sowel as nie-staatlike akteurs in vele Afrikastate. Alhoewel dit baie moeilik is om die presiese omvang van die verskaffing van hierdie wapens vas te stel, het dit 'n baie voordelige bedryf vir verskaffers en handelaars geword. Die hoogs kompeterende aard van die internasionale markte, as gevolg van 'n surplus van wapens, tesame met die groot swart mark vir wapens, het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Dit het veroorsaak dat groot hoeveelhede wapens deur arm Afrikaregerings en nie-staatlike akteurs van amptelike sowel as nie-amptelike eksterne bronne bekom kan word.³²

Kleinwapenproliferasie het 'n belangrike politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, substreek en streekvlakke in Afrika geword. Dit is die gevolg van die volgende faktore: 'n lang geskiedenis van inter- en intrastaatlike konflik in baie Afrikastate; die rol van super- en streekmoondhede in die verskaffing van groot hoeveelhede wapens en militêre toerusting aan hul surrogaat weermagte in Afrika; onvoldoende wapenbeheer en ontwapeningsmaatreëls tydens VN vredesoperasies in Afrika, wat veroorsaak het dat talle wapens nie ingehandig is deur strydende groepe wanneer hul ontwapen is na beëindiging van vyandighede en die sluiting van vredesooreenkomste nie; staatsgrense wat nie eerbiedig word nie; en die reeds genoemde onvoldoende staatsoptrede deur middel van die polisie en doeane met wetstoepassing.³³

Voorbeelde van state waar onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsmaatreëls deur die VN gedurende vredesoperasies toegepas is, is Angola, Mosambiek en Namibië. Faktore wat 'n rol hierin gespeel het is onder andere beperkte en/of onvoldoende mandate wat aan die VN-magte verleen is; onvoldoende hulpbronne; onvoldoende bergingsfasiliteite; en/of 'n gebrek aan samewerking aan die kant van die strydende partye. Verder het die VN-magte nie genoeg vooraf kennis gehad van die kwaliteit en kwantiteit van wapens wat in omloop in hierdie state was voor die VN magte ontplooi is nie; die VN personeel was nie voldoende opgelei vir die toepassing van wapenbeheer- en ontwapeningsmaatreëls nie; en

personeel en toerusting om wapenbeheer en ontwapeningsoperasies te onderneem was onvoldoende. As gevolg van hierdie faktore en gevolglike gebrekkige maatreëls om wapenbeheer en ontwapening effektief toe te pas gedurende genoemde vredesoperasies, het baie wapens veral in Angola en Mosambiek buite die ontwapeningsproses gebly. In meeste gevalle waar wapens buite die ontwapeningsproses gebly het, is dit nie versamel, geberg of vernietig nie, en het dit in die hande van strydende faksies beland wat dan opnuut met intrastaatlike konflikte begin het. Van hierdie wapens het ook in die onwettige wapenmarkte in buurstate beland en sodoende tot wapenproliferasie in hierdie state bygedra. Selfs in Namibië wat as 'n relatief suksesvolle sending deur die VN se multilaterale magte beskou is, het groot hoeveelhede wapens buite die ontwapeningsproses gebly, wat tot die probleme met wapenproliferasie, na gewapende konflikte beëindig is, bygedra het.³⁴

As gevolg van vyf-en-twintig jaar se oorlog in Suider-Afrika het 'n oorvloed van wapens dié substreek binne gestroom. Namate die substreek na die Koue Oorlog 'n periode van relatiewe vrede begin beleef het, het die probleme verbonde aan kleinwapenproliferasie, veral van die AK-47 aanvalswapen, egter net vererger. Kleinwapens het 'n handelskommoditeit geword, is maklik verkrygbaar en word vir 'n verskeidenheid van doeleindes aangewend. In Mosambiek alleen is daar 'n geskatte een en 'n half miljoen outomatiese wapens vrylik onder die gewone publiek in omloop en gee dit vanselfsprekend aanleiding tot die verhoging van misdaadvoorkoms in dié staat. Vele van die wapens word deur misdaadsindikate na Suid-Afrika gesmokkel. Wanneer hierdie wapens eers in die hande van burgerlikes beland het, dra dit daartoe by dat etniese geskille in etniese konflik en politieke geskille in politieke geweld ontaard en dat geweldsmisdaad toeneem.³⁵

In teenstelling met die faktore wat na die Koue Oorlog 'n negatiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening gehad het word die faktore wat 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening gehad het vervolgens bespreek.

3. Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bevorder het

Alhoewel genoemde negatiewe faktore wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog geweldig bemoeilik het, het sekere gebeure soos die beëindiging van sekere sogenaamde bevrydingstryde; die verandering in benadering van die supermoondhede teenoor Afrika; en verswakkende ekonomieë, wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika tog positief beïnvloed. Dié positiewe faktore word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

- (a) Net twee van die 47 sub-Sahara Afrikastate, naamlik Angola en Suid-Afrika, het wapens ter waarde van meer as 100 miljoen Amerikaanse dollar vir die periode 1993-1997 ingevoer. Die jaarlikse gemiddelde waarde van wapen invoere vir die streek vir die periode 1993-1997 was 243 miljoen dollar, wat die laagste vir enige vyfjaar periode sedert 1960 is. Die sterk afname na 1990 kan deels toegeskryf word aan Angola se verlaagde invoere. Angola se aandeel in die streek se invoere vir die periode 1988-90 was 62 persent, maar dit het tot 12 persent gedaal in die periode 1991-1997. Die res van die sub-Sahara Afrikastate se invoere was deurgaans laag vir die periode 1988-1998.³⁶
- (b) Die Koue Oorlog wat tot 'n einde gekom het, het ook die einde van die wedywing tussen die Sowjet-Unie en die VSA om die guns van state in Afrika beteken. 'n Groot gedeelte van die wapens wat in die sewentiger en tagtigerjare na Afrika uitgevoer is, was as gevolg van strategiese redes en motiewe wat ekstern tot Afrika was. Na die Koue Oorlog was daar 'n definitiewe afname in die volume wapens wat vanaf Rusland en die Weste na Afrika uitgevoer is.
- (c) 'n Verwante oorsaak is die feit dat burgeroorloë in Afrika beduidend minder geword het na die Koue Oorlog weens die feit dat die Sowjet-Unie aanvanklik en Rusland later belang verloor het in die ondersteuning van hul eertydse bondgenote wat by sommige van die oorloë betrokke was. Die situasie ten opsigte van gewapende konflikte in Afrika het egter sedert 1997 weer verswak toe die aantal konflikte met meer as 1 000 ongevallen weer begin toeneem het tot 1989/1990 vlakke.³⁷ In 1999 het gewapende konflikte in 20 Afrikastate voorgekom.³⁸
- (d) Die sogenaamde anti-koloniale bevrydingsoorloë het met die onafhanklikwording van Namibië in 1990 tot 'n einde gekom. Namibië was die laaste formele kolonie in Afrika wat moes veg vir sy onafhanklikheid.
- (e) Die pro-demokratiese bewegings oor die hele streek se eise vir meer verantwoordelike en meer verantwoordbare regerings. Die pro-demokratiese bewegings het tot gevolg gehad dat regerings begin het om finansiële bronne eerder aan te wend om stemme en ondersteuning te "koop" as om dit op wapens te spandeer.
- (f) Die verswakkende ekonomieë van Afrikastate het veroorsaak dat uitgawes aan wapens eenvoudig 'n laer prioriteit ten gunste van ekonomiese oorlewing geword het. Die ekologie is ernstig beskadig, bevolkingsaanwas is geweldig hoog, en landbou produksie

is baie swak. Die skuld las van meeste Afrikastate is baie hoog en daar is dus nie geld vir luukshede soos wapens nie. Afrika het die meeste van die armste state in die wêreld.

(g) In die verlede was die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se houding dat Afrika se verdedigingsuitgawes polities van aard was en dat hulle dus nie daarin kon inmeng nie. In die negentigerjare het hierdie twee instansies egter begin beseef dat militêre uitgawes 'n direkte uitwerking op strukturele ontwikkelingsprogramme het. Met die nuwe benadering word regerings aanspreeklik gehou vir "goeie regering". Verdedigingsuitgawes word dus meer direk gekontroleer en die IMF en die Wêreld Bank se *laissez faire* houding van die verlede ten opsigte van militêre uitgawes is vinnig besig om te verander.³⁹

(h) Wapenuitvoere vanaf tradisionele verskaffers soos die VSA, Rusland, Brittanje, Frankryk, die Volksrepubliek van Sjina, Israel en Brasilië na Afrika het skerp afgeneem. Terselfdetyd het belangrike nuwe bronne, waaronder Egipte en Suid-Afrika, egter beskikbaar geword vir wapenverskaffing aan Afrika. Allerlei nuwe verskaffers het ook tot die mark toegetree om wins te maak en politieke invloed te bekom. Afrikaregerings wat wapens aan vriende en bondgenote in ander state verskaf, privaat wapenhandelaars en kriminele organisasies is hierby ingesluit. Met enkele uitsonderings, is hierdie verskaffers, anders as vroeër, egter nie bereid om konvensionele wapens en militêre hulp teen lae of geen koste aan Afrikastate te verskaf nie. As gevolg hiervan het min Afrikastate toegang tot duur swaar konvensionele wapentuig en het hulle al meer afhanklik geword van die gebruik van kleinwapens en ander ligte wapentuig om hulle veiligheidsmagte teen relatiewe lae koste toe te rus en militêre uitdagings van regeringsgesag die hoof te bied. Die probleem is egter dat die opponente van regeringsmagte ook toegang het tot die bronne wat ligte wapentuig en kleinwapens verskaf en dus bykans net so goed soos die veiligheidsmagte bewapen is.⁴⁰

Bykomend tot hierdie omstandighede wat na die Koue Oorlog bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening was, het inisiatiewe wat na die Koue Oorlog deur die VN en organisasies in Afrika geloods is, indirek tot wapenbeheer en ontwapening bygedra. Dié inisiatiewe word vervolgens bespreek.

4. Inisiatiewe wat deur die VN en organisasies in Afrika na die Koue Oorlog geneem is wat bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening is.

Alhoewel daar na die Koue Oorlog geen multilaterale direkte wapenbeheer en ontwapeningsooreenkomste ten opsigte van konvensionele wapens as sulks in Afrika gesluit is nie, is daar wel 'n aantal inisiatiewe deur die VN en organisasies in Afrika geloods wat as bevorderlik vir wapenbeheer en ontwapening beskou kan word.

4.1 Vredesendings deur die VN in Afrika na die Koue Oorlog

Met verwysing na die veiligheidsprobleme in Afrika het die VN se Sekretaris-Generaal hom in 'n verslag in die vroeë negentigerjare soos volg uitgelaat:

“Our aims must be:

To seek to identify at the earliest possible stage situations that could produce conflict, and to try through diplomacy to remove the sources of danger before violence results;

Where conflict erupts, to engage in peace-keeping aimed at resolving the issues that have led to conflict;

Through peace-keeping, to work to preserve peace, however fragile, where fighting has been halted and to assist in implementing agreements achieved by peacemakers;

...rebuilding the institutions and infrastructures of nations torn by civil war and strife; and building bonds of peaceful mutual benefits among nations...;

And in the largest sense, to address the deepest causes of conflict, economic despair, social injustice and political oppression”.⁴¹

Gedurende die tydperk wat gestrek het vanaf 1989 tot 1993 het die VN 15 vredesendings, waarvan nege in Afrika, wêreldwyd onderneem. Sommige van hierdie operasies was baie meer ambisieus as voorheen. Sommige van die konflikte waarby die VN deur vredesendings betrokke geraak het, het nasionale ekonomieë vernietig, bevolkings ontwortel en regerings- en burgerlike instellings ernstig verswak. As gevolg hiervan is ambisieuse mandate aan vredesendings toevertrou. Hierdie mandate het sommige of al die volgende take ingesluit: multi-faset vredesooreenkomste; nasionale rekonsiliasie; ontwapening en demobilisering; die totstandbring van verenigde weermagte en polisiemagte; versterking van siviele administrasie, lewering van humanitêre hulp en ondersteuning; monitering van die handhawing van menseregte; en die hou van verkiesings. Ander het die beskerming van burgerlikes en die verskaffing van humanitêre hulp aan state waar konflikte nog aan die gang was behels. Hierdie operasies het geweldige eise aan die

VN gestel ten opsigte van die ontplooiing van duisende militêre en burgerlike personeel en die verskaffing van die nodige logistieke ondersteuning. As gevolg van suksesse wat met vredesoperasies ook in Afrika behaal is na die Koue Oorlog, het die VN, sommige lidstate en streekorganisasies stappe begin neem om hul kapasiteit vir vredesoperasies te verbeter. Sommige Afrikastate is bereid om 'n substantiewe rol in vredehandhawing te speel en het die personeel om dit te doen. Vele het egter nie die hulpbronne om militêre personeel toe te rus, op te lei en op bystand te hou vir vinnige ontplooiing nie.⁴²

Ses multidimensionele vredehandhawingsoperasies is deur die VN na die Koue Oorlog in Afrika onderneem. Vier van die belangrikste operasies was die waarnemersending in Mosambiek vanaf 1993 tot 1995; die tweede VN vredesoperasie in Somalië vanaf 1992 tot 1995; die VN hulpsending aan Rwanda vanaf 1993 tot 1996; en die VN waarnemersending na Liberië vanaf 1993 tot 1997. Eersgenoemde en laasgenoemde sendings was suksesvol maar die ander twee was onsuksesvol, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan volgehoue steun deur die internasionale gemeenskap aan die VN sendings. Die sukses van die sendings na Mosambiek en Liberië kan hoofsaaklik aan volgehoue steun vanaf die internasionale gemeenskap ten opsigte van mannekrag, logistieke steun en finansiering toegeskryf word.⁴³ Die VN was vanaf 1991 tot 1995 ook by 'n verifikasiesending in Angola betrokke. Die doel was om toe te sien dat die ooreenkoms wat tussen die Angolese regering en UNITA in Mei 1991 aangegaan is nagekom word. Demobilisering en ontwapening was ook deel van dié ooreenkoms.⁴⁴

Die meer ambisieuse mandate wat aan die VN vredesendings toevertrou is, het vanselfsprekend groter betrokkenheid van die VN by vredesoperasies gevra, wat beteken het dat die gevaar dat foute begaan kon word; om van partydigheid beskuldig te word; en gedwing te word om geweld te gebruik, baie groter geword het.

Die VNSVOA verskaf ook substantiewe en administratiewe steun aan staats-, streek en substreekorganisasies in Afrika in hulle inisiatiewe om vrede in die streek te bewerkstellig. Organisasies soos SAOG, EGWAS en die VN se Staande Advieskomitee oor Veiligheidskwessies in Sentraal-Afrika is hierby ingesluit. So onlangs soos Julie 1999 was die VNSVOA suksesvol betrokke by die herstel van vrede in Noord-Mali sowel as by toesighouding oor die vernietiging van wapens en ammunisie wat deur die VN se waarnemersending na Liberië en ECOMOG gedurende die vredesproses in Liberië versamel is.⁴⁵ Die VNSVOA dien ook as operasionele raamwerk vir die VN se Programme for Co-ordination and Assistance for Security and Development (PCASED) om ondersteuning aan die Wes-Afrikaanse state te verleen met die implementering van die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens. Gedurende 'n periode van vyf jaar sal die PCASED die volgende aktiwiteite onder andere ondersteun: die skepping van 'n databasis en substreek wapenregister; versameling en vernietiging van surplus en onwettige wapens;



verbeterde wapenbeheer by grensposte; en opvolgwerk om te verseker dat die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens geïmplementeer word.⁴⁶

Soos reeds genoem was ontwapeningspogings tydens multilaterale (VN) vredehandhawingsoperasies in Afrika en veral in Suider-Afrika in state soos Mosambiek, en Angola in die negentigerjare oneffektief en is dit een van die belangrikste oorsake van kleinwapenproliferasie in Suider-Afrika. Ontwapeningspogings in Namibië was meer suksesvol.

Afgesien van die VN se vredesinisiatiewe in Afrika is verskeie inisiatiewe na die Koue Oorlog deur verskeie organisasies eie aan Afrika, geneem om vrede, veiligheid en stabiliteit in die streek te bevorder en daardeur 'n omgewing te skep waarbinne wapenbeheer en ontwapening bewerkstellig kon word. 'n Aantal van die belangrikste ontwikkelings in dié verband word vervolgens bespreek.

4.2 Die Kampala Dokument

Gedurende 1991 het die Afrika Leierskapforum, die OAE en die VN Ekonomiese Kommissie vir Afrika gesamentlik 'n konferensie te Kampala (Oeganda) gereël. Die konferensie was 'n reaksie op 'n resoluë wat in 1990 deur die OAE aanvaar is, waarvolgens Afrikaleiers 'n behoefte uitgespreek het om vinnige vreedsame oplossings vir die gewapende konflikte in Afrika te vind. Hulle was oortuig dat die beëindiging van konflikte nie alleen vrede en stabiliteit sal bevorder nie, maar dat dit ook hulpbronne sou vrystel wat vir ontwikkeling aangewend sal kan word en die grondoorsake van die vlugtelingprobleem in Afrika sal verwyder. Die Kampala Dokument is gevolglik by die spitsberade van die OAE gedurende 1991 en 1992 bespreek en het die basis vir die totstandkoming van die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing gevorm.⁴⁷

Volgens paragrawe agt tot tien van die Kampala Dokument is die lidstate van die OAE deeglik bewus van die noodsaaklikheid van die skepping van 'n raamwerk vir die voorkoming, bekamping en beëindiging van intra- en interstaatlike konflikte in Afrika, sowel as dat 'n effektiewe proses ontwikkel moet word vir die bestuur en oplossing van geskille en konflikte, om sodoende 'n bevorderlike omgewing vir streeksamewerking, integrasie en ontwikkeling te skep. Hulle is verder van oortuiging dat die verantwoordelikheid vir veiligheid, stabiliteit, ontwikkeling en samewerking in Afrika nie net op spesifieke regerings rus nie maar ook op nie-regerings organisasies sowel as die individu. Hulle verwag ook samewerking en ondersteuning van state buite Afrika in die Conference on Security, Stability, Development and Cooperation in Africa (CSSDCA) proses.⁴⁸

Ten opsigte van veiligheid geld die volgende beleidmaatreëls: die skepping van 'n struktuur vir arbitrasie en uitspraak in gevalle waar state in dispute of geskille betrokke raak; die skepping van 'n liggaam vir versoening en bemiddeling tussen state wat in geskille betrokke raak; die skepping van 'n Afrika vredesmag; vertroueskeppende maatreëls soos uitruil van inligting aangaande bewegings van troepe en waar hulle gestasioneer is, gesamentlike militêre oefeninge, opleiding, vlootpatrollies en gesamentlike studies en seminare oor substreek en streek veiligheidsaangeleenthede; en 'n nie-aanvalsverdrag tussen alle Afrikastate sowel as 'n verbintenis om mekaar te verdedig in geval van eksterne militêre aggressie. Indien voorgenoemde maatreëls doeltreffend toegepas kan word sal dit lei tot verlaagde inter-Afrika spanninge en openlike militêre konflik met verlaagde militêre uitgawes as resultaat, en dus indirek tot wapenbeheer en ontwapening. 'n Algehele vermindering in militêre uitgawes deur deelnemende state behoort werklike verminderings van, en beperkings op mannekrag en militêre toerusting in te sluit. Oorweging sal ook geskenk moet word aan 'n kollektiewe verstandhouding aangaande die tipe militêre toerusting wat geregverdig is vir gebruik deur Afrikastate. Om selfonderhoudend te word sal Afrikastate selektiewe vervaardiging van wapentuig vir Afrika se verdediging moet oorweeg.⁴⁹

Soos reeds genoem het die Kampala Dokument die basis gevorm vir die stigting van die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing.

4.3 Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en –Oplossing

Soos uit die Kampala Dokument blyk was die bedoeling dat 'n kollektiewe poging om spanning en konflik in Afrika te verminder en uit te skakel sal lei tot verminderde militêre uitgawes en daardeur 'n bydrae tot die bevordering van wapenbeheer en ontwapening in Afrika gemaak sou kon word. Dit het aanleiding gegee tot die inisiatief wat deur die OAE geneem is om die Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing tot stand te bring.

Konflikbestuur in Afrika het na die Koue Oorlog 'n radikale verandering ondergaan. Afrika se koloniale verlede het veroorsaak dat die beginsel van geen inmenging in interne sake in die Handves van die OAE opgeneem is. Hierdie beginsel het kollektiewe optrede deur Afrikastate deur middel van die OAE of substreekorganisasies in burgeroorloë en interne konflikte verydel. As gevolg hiervan is konflikbestuur in Afrika deur vreemde moondhede oorheers. Hierdie situasie het egter in Junie 1993 verander, toe die OAE se Vergadering van Staatshoofde te Kairo die Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en –Oplossing geskep het. Konflikoplossing is sodoende geïnstusionaliseer in die OAE en Afrika probleme sou voortaan deur Afrika self, naamlik die OAE Meganisme, behartig word

en nie meer deur eksterne moondhede of organisasies nie. Die Sentrale Orgaan, bestaande uit 'n komitee van lidstate, is in beheer van die proses. Die OAE Sekretariaat behartig al die verantwoordelikhede en pligte verbonde aan die Meganisme.⁵⁰

Die besluit deur die OAE om die Meganisme tot stand te bring is geneem teen die agtergrond van 'n geskiedenis van vele uitgerekte en vernietigende konflikte in Afrika; en as gevolg van die beperkte sukses wat, ten spyte van vele pogings deur die OAE, behaal is om blywende oplossings daarvoor te vind. Die OAE beskou die Meganisme as 'n vinniger metode om konflikte te voorkom, te bestuur en op te los waar en wanneer dit voorkom. Die Meganisme se werksaamhede sal binne die raamwerk van die doelstellings en beginsels van die OAE geskied. Die Meganisme se primêre doelwit is die antisipasie en voorkoming van konflikte. In gevalle waar konflikte reeds plaasgevind het sal dit die taak van die Meganisme wees om vredesluitings- en vrede-instandhoudingsfunksies te verrig om die oplossing van hierdie konflikte te fasiliteer. Klem op antisiperende en voorkomende maatreëls en gedetermineerde optrede met vredesluiting en vrede-instandhouding sal voorkom dat dit nodig sal wees om oor te gaan tot komplekse en veeleisende vredehandhawingsoperasies, wat die lidstate moeilik sal kan finansier.⁵¹ In hierdie verband verklaar Omitoogun soos volg: "All major arms control regimes in the world share certain basic objectives in addition to their specific goals. These basic objectives are, first, to help reduce the likelihood of war, or in the case of war, to limit the scope and level of violence and, second, to free resources for more productive uses".⁵²

In Suider-Afrika getuig die doelstellings van die SAOG se Orgaan vir Politiek, Verdediging en Veiligheid (OPVV) oënskynlik van Suider-Afrika se verbintenis om die OAE te ondersteun in sy pogings om konflikvoorkoming, -bestuur en -oplossing doeltreffend toe te pas, en daardeur die las van die OAE en die VN om vrede en veiligheid in Afrika te bevorder ligter te maak.⁵³ Ingevolge die siening in Afrika dat vrede, veiligheid en stabiliteit eers in die streek bewerkstellig moet word voordat daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word, is die SAOG se OPVV oënskynlik 'n poging deur die Suider-Afrikaanse substreek om 'n omgewing waarbinne daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word, te skep.

4.4 Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap

Die SAOG het uit die "South African Development Coordination Conference" (SADCC) ontstaan. Die SADCC is in Julie 1979 deur die frontliniestate (Front Line States (FLS)) te Arusha, Tanzanië gestig. Die FLS het ten tye uit Angola, Botswana, Mosambiek, Tanzanië en Zambië bestaan. Die SADCC was oorspronklik ingestel op die bevordering van samewerking op die gebied van infrastruktuur; op ekonomiese samewerking en

ontwikkeling; en om ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder.⁵⁴ Vir die eerste 12 jaar van die SADCC se bestaan het dit sonder 'n wetlike raamwerk, verdrag of protokol gefunksioneer. Dit was eers in 1989 by 'n vergadering van die staatshoofde van die betrokke state te Harare dat 'n besluit geneem is om die organisasie te formaliseer en dit wetlike status te gee. Na vier jaar se onderhandelinge is die Deklarasie en Verdrag van die SAOG staatshoofde in 1992 te Windhoek onderteken. Met die verandering van naam het die SAOG se fokus ook van ontwikkelingskoördinasie na ontwikkelingsintegrasie verander. Lidmaatskap van die SAOG het sedert sy stigting tot 14 state toegeneem deurdat Suid-Afrika, Mauritius, die Demokratiese Republiek van die Kongo en die Seychelle teen 1997 ook lede geword het. In Artikel vyf van die Verdrag van die SAOG word daar agt doelwitte gestel. Onder andere word dit sterk beklemtoon dat daar samewerking binne die streek sal wees wat solidariteit, vrede en veiligheid sal bevorder sodat die inwoners van die streek in vrede en harmonie sal kan saamwoon en werk. Hierdie beroep op lidstate het aanleiding gegee tot die stigting van die SAOG se OPVV in Junie 1996.⁵⁵

Die doel van die SAOG was van die begin af om politiek en veiligheid van ekonomiese ontwikkeling te skei, vandaar die stigting van die OPVV gedurende Junie 1996.⁵⁶ Die OPVV onderskryf en eerbiedig die SAOG se beginsels soos byvoorbeeld die soewereine gelykheid van alle lidstate, die vreedsame beslegting van geskille, die eerbiediging van menseregte, demokrasie en die oppergesag van die reg. Die OPVV se doelstellings sluit onder andere die volgende in: om die substreek te vrywaar teen onstabiliteit van binne of buite sy grense; bevordering van politieke samewerking en gemeenskaplike politieke waardes; veiligheids- en verdedigingsamewerking deur konflikvoorkoming, konflikbestuur en konflikoplossing; bemiddeling in dispute en konflikte; die ontwikkeling van voorkomingsdiplomatie en meganismes met strafmaatreëls as laaste uitweg; skepping van blywende vrede en veiligheid deur vrede te maak en vrede te bewaar; die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike veiligheidskapasiteit; en 'n wedersydse verdedigingsverdrag sowel as 'n substreekkapasiteit om vrede te handhaaf;⁵⁷ en om die ratifikasie van die VN-, OAE- en ander internasionale konvensies en verdrae ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening, menseregte en vreedsame verhoudinge tussen state aan te moedig en te monitor.⁵⁸ Soos soortgelyke organisasies in Afrika, konsentreer die OPVV daarop om vrede, veiligheid en stabiliteit binne die substreek te bevorder. In 'n substreek waar vrede, veiligheid en stabiliteit heers, sal wapens, behalwe vir defensiewe aanwending, minder noodsaaklik wees.

Indien dit in ag geneem word dat Afrikastate se strewe in die algemeen eers na vrede, veiligheid en stabiliteit skyn te wees voordat aandag aan wapenbeheer en ontwapening gegee kan word, dui die faktore soos deur Honwana genoem daarop dat die ideaal van konstruktiewe wapenbeheer en ontwapening in Afrika nie in die afsienbare

toekoms 'n werklikheid sal word nie. Die regte omstandighede vir onderhandelinge oor wapenbeheer en ontwapening bestaan volgens genoemde faktore in elk geval nog nie in Suid-Afrika nie. Alhoewel die Kampala Dokument se inhoud; die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur en -Oplossing en die SAOG se OPVV prysenswaardige pogings is om vertroue tussen Afrikastate te skep, konflik te voorkom, en stabiliteit en veiligheid te bevorder het dit nog nie in reële terme tot noemenswaardige wapenbeheer en ontwapening in Afrika gelei nie. Die VN en die VNSVOA se vredes pogings het ook net gemengde welslae in Afrika tot gevolg gehad.

5 Afrikastate en wapenbeheer/ontwapeningsooreenkomste na die Koue Oorlog

Soos vroeër gemeld is daar na die Koue Oorlog op sekere terreine wel vordering gemaak met wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste in Afrika asook deur Afrikastate ten opsigte van globale ooreenkomste. Dié ooreenkomste word vervolgens bespreek.

5.1 Die instelling van 'n kernwapenvrye sone in Afrika

Soos gemeld, het pogings in Afrika om Afrika as 'n kernwapenvrye sone verklaar te kry reeds in die vroeë sestigerjare begin. 'n Kernwapenvrye sone in Afrika het egter nie gedurende die Koue Oorlog 'n werklikheid geword nie. Moontlik die vernaamste rede hiervoor was die feit dat daar in die laat sewentigerjare reeds gerugte ontstaan het dat Suid-Afrika oor 'n kernwapenvermoë sou beskik. 'n Sterk vermoede in die laat tagtigerjare het dié gerugte versterk en later bewaarheid. Toe F W de Klerk in 1989 president van Suid-Afrika geword het, is die kernwapenprogram gestaak en op 10 Julie 1991 het Suid-Afrika die Kernsperverdrag onderteken. Die IAEA het gedurende dieselfde jaar begin om kernfasiliteite in Suid-Afrika te inspekteer ten einde te verseker dat Suid-Afrika die bepalinge van die Kernsperverdrag nakom. Op 24 Maart 1993 het de Klerk vir die eerste keer in die openbaar erken dat Suid-Afrika inderdaad oor kernwapens beskik het. Daar is ses kernwapentoeestelle vervaardig.⁵⁹

Hierdie toedrag van sake het tot 'n groot mate die weg voorberei vir die skepping van 'n kernwapenvrye sone in Afrika. Die skepping van 'n Afrika kernwapenvrye sone is deur middel van die Verdrag van Pelindaba op 11 April 1996 te Kaïro vir ondertekening beskikbaar gestel.⁶⁰ In 'n resoluë van 1996 spoor die OAE lidstate wat nog nie die Pelindaba Verdrag onderteken het nie aan om dit so gou moontlik te doen, en word 'n beroep op die lidstate wat die Verdrag onderteken het, om dit so gou moontlik te ratifiseer,

gedoen.⁶¹ Vyftig state het dit tot op daardie stadium reeds onderteken, maar 28 ratifikasies word benodig voordat die Verdrag in werking kan tree. Teen 1 Januarie 2000 het 11 state, naamlik Algerië, Botswana, Burkina Faso, die Ivoorkus, Gambië, Mali, Mauritius, Mauritanië, Suid-Afrika Tanzanië en Zimbabwe die Verdrag geratifiseer.⁶² Teen 9 Januarie 2001 het 15 state dit geratifiseer.⁶³ Daar is dus 'n duidelike traagheid by Afrikastate om hierdie Verdrag te ratifiseer.

Die Verdrag plaas 'n verbod op navorsing, ontwikkeling, vervaardiging of die aanskaffing van kernploftoestelle en die toets of plasing van enige kernploftoestel binne die kernwapenvrye sone. Die Verdrag verbied ook enige aanval op kerninstallasies. Die partye onderneem om geen radio-aktiewe afval of enige ander radio-aktiewe stowwe binne die sone te stort of toe te laat dat iemand anders dit doen nie. 'n Afrika kernwapenvrye sone beteken die gebied van die streek van Afrika, eilandstate wat lede van die OAE is en alle eilande wat deur die OAE as deel van Afrika beskou word.⁶⁴

Volgens Protokol I van die Pelindaba Verdrag moet die vyf erkende kernwapenstate naamlik die Volksrepubliek van Sjina, Frankryk, Rusland, Brittanje en die VSA onderneem om geen kernwapens teen enige van die partye tot die Verdrag te gebruik of te dreig om dit te gebruik nie. Volgens Protokol II moet genoemde kernwapenstate onderneem om geen kernploftoestel binne die sone te toets nie. Volgens Protokol III moet state wat internasionaal verantwoordelik is vir gebiede binne die sone sekere bepalings van die Verdrag ten opsigte van sulke gebiede respekteer en dit nakom.⁶⁵

Benewens die kernwapenvrye sone vir Afrika wat na die Koue Oorlog uiteindelik op besluit is illustreer onderstaande tabel die status, ten opsigte van Afrika, van die Seebodem Verdrag, die Omvattende Kerntoetsverbod, die Kernsperverdrag, en die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT), soos op 15 April 2001.

Verdrag/ooreenkoms	Seebodem Verdrag 1971	Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT) 1996	Kernsperverdrag (NPT) 1968	Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT) 1963
Geratifiseer	23	9	53	35
Onderteken maar nie geratifiseer nie	11	31	0	7

Bron: Ferm, R, and Berggren, C, "Arms control and disarmament agreements" in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, pp. 647-669.

Volgens die gegewens in hierdie tabel is dit duidelik dat Afrikastate die Kernsperverdrag as die belangrikste van hierdie verdrae beskou. Die meerderheid Afrikastate ondersteun ook die PTBT Verdrag. Die Omvattende Kerntoetsverbod is deur nog net vier Afrikastate, naamlik Suid-Afrika, Lesotho, Mali en Senegal geratifiseer, alhoewel 36 ander Afrikastate dit onderteken het. Suid-Afrika is die enigste staat in Afrika wat al vier genoemde verdrae geratifiseer het. Vyf-en-dertig state het die NPT en die PTBT geratifiseer. Zimbabwe het die NPT geratifiseer en die CTBT onderteken, maar die ander twee verdrae nie onderteken nie.

5.2 Die Kernsperverdrag se Hersieningskonferensie van 2000

Die Kernsperverdrag se hersieningskonferensie is vanaf 14 April tot 22 Mei 2000 te New York gehou. Die belangrikste aspekte waaroor daar onder andere beraadslaag is, is die volgende: die erkende kernwapenstate, naamlik die Volksrepubliek van Sjina, Brittanje, die VSA, Frankryk en Rusland, se verbintenis tot algehele kernontwapening; hul onderneming om geen kernwapens of ander kernploftoetelle na enige ander staat oor te plaas of om 'n ander staat op enige wyse in beheer daarvan te plaas nie; die kernwapenstate se versekering en verbintenis dat hulle geen nie-kernwapenstaat met kernwapens sal aanval nie; alle partye tot die verdrag se onbetwisbare reg van toegang tot kerntegnologie, -toerusting en -materiaal vir aanwending vir vreedsame doeleindes; die ontwikkeling van 'n verifikasieproses om te verseker dat state wat tot die Kernsperverdrag verbind is, hul verbintenis sal nakom; en die kwessie van universaliteit.⁶⁶

Gedurende die konferensie het sommige Afrikastate hul sterk uitgespreek teen die onbuigsaamheid van die kernwapenstate om hul tot 'n groter mate tot kernontwapening te verbind. Ghana se verteenwoordiger se opmerking was byvoorbeeld "For how long, Mr President, can the NWS expect the NNWS to show commitment to the NPT and other disarmament treaties, when they themselves evince attitudes to the contrary?"⁶⁷ Namibië se mening was ook dat die toepassing van Artikel VI van die Kernsperverdrag nie die gewenste resultate gelewer het nie. Alhoewel kernarsenale substansieel kleiner geword het, is die vlakke van kernwapens steeds veel groter as wat vir redelike militêre doeleindes nodig is. Daar is steeds voortgegaan om kwantitatief en kwalitatief kernwapens te vermeerder en te verbeter. Die verteenwoordiger het dit gestel dat "One wonders whether what has taken place was real reduction or just the replacement of obsolete weapons with newer, more accurate weapons".⁶⁸ Tanzanië se verteenwoordiger se standpunt was dat die kernwapenstate nie die nie-kernwapenstate kan verhinder om ook by die "klub" aan te sluit deur dieselfde argumente oor afskrikking te gebruik as wat deur die kernwapenstate gebruik

word nie.⁶⁹ Zambië se verteenwoordiger het beweer dat onnodige beperkings op die uitvoer van kernmateriaal, toerusting en tegnologie na ontwikkelende state steeds aan die orde is.⁷⁰

Slotverklarings deur, en namens, onder andere, state uit Afrika het egter groter tevredenheid met resultate wat tydens die konferensie bereik is weerspieël. Mexiko se verteenwoordiger het namens 'n groep van sewe state waaronder Egipte en Suid-Afrika, gesê dat die ondubbelsinnige verbintenis deur die kernwapenstate tot die totale eliminering van hul kernwapens, veroorsaak het dat dit wat vroeër implisiet was nou eksplisiet geword het. Dié verbintenis het die Verdrag, wat die hoeksteen van kernontwapening vorm, aansienlik verstewig, het hy gesê. Genoemde sewe state, naamlik Mexiko, Egipte, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Swede, Brasilië en Ierland het in Junie 1998 'n alternatiewe beweging, die Nuwe Agenda Deklarasie, gestig in 'n poging om kernontwapening te bespoedig.⁷¹ Indonesië se verteenwoordiger het namens die OB gesê dat die hoogtepunt van die konferensie ongetwyfeld die aanvaarding van stelselmatige, progressiewe praktiese stappe om kernontwapening en kern nie-proliferasie tot 'n groter mate 'n werklikheid te maak, was.⁷² Egipte se verteenwoordiger het sy tevredenheid oor die sukses wat daar tydens die konferensie spesifiek ten opsigte van kernontwapening behaal is, uitgespreek.⁷³

Vervolgens word wapenbeheer en ontwapening, met spesifieke verwysing na chemiese en biologiese wapens, bespreek.

5.3 Wapenbeheer en ontwapening met verwysing na biologiese en chemiese wapens in Afrika na die Koue Oorlog

Ongeveer die helfte van die Afrikastate is lidstate van die 1972 Biologiese Wapenkonsensie. Meeste indien nie al die Afrikastate nie, het nie die kapasiteit om biologiese wapens, wat potensieel baie gevaarliker as chemiese wapens is, te vervaardig nie. Ingevolge voorstelle wat deur die Onverbonde Beweging tydens die BTWK Hersieningskonferensie in 1996 gemaak is, het die Konferensie soos volg ten opsigte van Artikel I van die Konsensie verklaar: "The Conference stresses that, as stated by the International Court of Justice in its Advisory Opinion of 8 July 1996, the principle according to which States must never make civilians the object of attack and must consequently never use weapons that are incapable of distinguishing civilians and military targets, is a fundamental rule of International Humanitarian Law to be observed by all States whether they have ratified or not the Conventions that contain it, because it constitutes an intransgressible principle of international customary law."⁷⁴ Artikel I van die Konsensie lui soos volg: " Each State Party to this Convention undertakes never in any circumstances to develop, produce, stockpile or otherwise acquire or retain."⁷⁵

- (1) Microbial or other biological agents or toxins whatever their origin or method of production, of types and in quantities that have no justification for prophylactic, protective or other peaceful purposes;
- (2) Weapons, equipment or means of delivery designed to use such agents or toxins for hostile purposes or in armed conflict.”

Ten opsigte van Artikel II van die Konvensie het die Hersieningskonferensie in antwoord op voorstelle deur die Onverbonde Beweging, soos volg verklaar:

“(1) The Conference expresses the view that destruction, or diversion to peaceful purposes, is a process by which biological agents are converted in an essentially irreversible way to a form unsuitable for production of biological weapons, and which in an irreversible manner renders munitions and other devices unusable as such.

(2) The Conference urges the States Parties which have destroyed their stockpiles in accordance with Article II to submit to the Centre for Disarmament Affairs, in addition to information supplied..., full information and details of the destruction in order to enhance confidence in the Convention.”⁷⁶ Artikel II van die Konvensie lui soos volg: “ Each State Party to this Convention undertakes to destroy, or to divert to peaceful purposes, as soon as possible but not later than nine months after entry into force of the Convention, all agents, toxins, weapons, equipment and means of delivery specified in article I of the Convention , which are in its possession or under its jurisdiction or control. In implementing the provisions of this article all necessary safety precautions shall be observed to protect populations and the environment.”⁷⁷

Die tegnologie vir die vervaardiging van chemiese wapens, ten minste die minder gesofistikeerde tipes, is binne die bereik van vele Afrikastate. Teen die einde van die Koue Oorlog en gedurende die negentigerjare het die internasionale benadering tot konflikte egter van een van konfrontasie na een van onderhandelinge om konflikte op te los verander. Dit, tesame met die internasionale tendens om nasionale hulpbronne eerder vir ontwikkeling as vir militêre uitgawes aan te wend, is hoopvolle tekens dat die moontlikheid van die proliferasie van chemiese wapens in Afrika tans baie skraal is. Afrikastate was aktief betrokke by die onderhandelinge wat tot die Chemiese Wapenkonvensie (CWK) in 1993 gelei het. Tydens ‘n konferensie wat gedurende 1989 in Parys gehou is het vele ontwikkelende lande die globale pogings om ‘n totale verbod op chemiese wapens te plaas ondersteun maar hulle het gevra dat effektiewe veiligheidswaarborgs vir hulle lede in die Konvensie opgeneem moes word. Egipte se Minister van Buitelandse sake het gesê dat “It would not be logical for the international community to permit some countries in the most sensitive regions of the world the nuclear option without the least international control, while the same international community demands the total prohibition of chemical weapons. We

consider that the progress in the field of prohibition of chemical weapons is linked to the realization of a parallel prohibition on the level of nuclear weapons.”⁷⁸

Die Afrikalidstate van die Konferensie vir Ontwapening (KO) het nog altyd in die verlede ‘n aktiewe rol gespeel in die strewe na die bereiking van die ideaal om ‘n totale wêreldwye verbod op die vervaardiging, opberging, besit, oorplasing of gebruik van chemiese wapens te plaas.⁷⁹ Die KO is die enigste multilaterale onderhandelingsforum vir ontwapening tot beskikking van die internasionale gemeenskap, en is ‘n VN liggaam wat in 1979 tot stand gekom het. Dit het oorspronklik uit 40 lidstate, waarvan sewe, naamlik Algerië, Egipte, Ethiopië, Zaïre, Marokko, Kenia en Nigerië van Afrika afkomstig is, bestaan. Die KO bestaan tans uit 66 lidstate waarvan 12 Afrikastate (insluitende Suid-Afrika) is.⁸⁰ Gedurende 1992 toe daar deur die KO onderhandel is oor die CWK, is Afrika deur sewe state verteenwoordig.⁸¹ In ‘n resoluëie van Julie 1996 doen die OAE ‘n beroep op die Afrikastate wat die CWK onderteken het om dit te ratifiseer.⁸² Soos reeds in hoofstuk 3 genoem het die CWK op 29 April 1997 in werking getree. Onderstaande tabel illustreer die status van die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokool van 1925, in Afrika soos op 1 Januarie 2001.

Verdrag/Protokol	CWK 1993	BTWK 1972	Geneefse Protokool 1925
Geratifiseer	34	28	34 (4 voorwaardelik)
Onderteken maar nie geratifiseer nie	13	12	0

Bron: Ferm, R, and Berggren, C, “Arms control and disarmament agreements” in SIPRI Yearbook 2001: Armaments Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, pp.647-669.

Dié reaksie toon dat die meerderheid Afrikastate die internasionale gemeenskap ten opsigte van hierdie konvensies/protokolle steun. Uit ‘n ontleding van bostaande tabel blyk dit dat 15 state aldrie ooreenkomste geratifiseer het. Alhoewel sommige van die volgende state sommige van die ooreenkomste onderteken het, het nie een van hulle enige ooreenkoms geratifiseer nie: Comores, Djibouti, Eritrea, Tsjaad, Gaboen, Mosambiek, Somalië, en Zambië. Libië wat al geruime tyd daarvan verdink word dat hy chemiese wapens vervaardig het nie die CWK onderteken nie.

Deel van die probleem van wapenproliferasie in Afrika is sekerlik die proliferasie en gebruik van landmyne en meer spesifiek, teen-personeelmyne. Duisende mense, waarvan ‘n groot aantal onskuldige burgerlikes is, is as gevolg van hierdie wapens oor ‘n lang tydperk in

Afrika gedood en vermink. Die probleem van teen-personeelmyne is na die Koue Oorlog daadwerklik in Afrika aangespreek. Die vordering wat gemaak is word vervolgens in oënskou geneem.

5.4 Teen-personeelmyne in Afrika

Sedert die Tweede Wêreldoorlog, het konflikte wat in Afrika geveg is, hetsy tussen state, burgeroorloë, of bevrydingsoorloë, 'n dodelike proliferasie van myne, waarvan 'n groot hoeveelheid teen-personeelmyne is, regoor Afrika nagelaat. Van die geskatte 110 miljoen geplante landmyne in 62 state in die wêreld is daar 30 miljoen in Afrika te vind. Afrika is inderwaarheid die streek waar die grootste konsentrasie van geplante landmyne in die wêreld te vinde is; 18 Afrikastate worstel met landmynprobleme; en meer landmyne word steeds geplant as wat onskadelik gestel word.⁸³

Landmyne veroorsaak verder 'n konstante bedreiging vir die veiligheid, stabiliteit en ontwikkeling van Afrikastate. Dit verhoed dat mense wat weens konflikte hulle huise en omgewings vroeër moes verlaat, daarheen kan terugkeer en ontwrig dus hul normale lewenspatroon en verhoed dat hulle kan voortgaan om hul lande te verbou. Verder is die koste verbonde aan die onskadelikstelling van landmyne geweldig hoog, en plaas dit 'n geweldige finansiële las op state wat reeds verarm is deur jare se verwoestende oorloë. Dit kos tot 1 000 Amerikaanse dollar om een landmyn onskadelik te stel.⁸⁴

In 1995 het die OAE in samewerking met die Internasionale Komitee van die Rooi Kruis deur die reëling van drie seminare met 'n landmyn bewuswordingsveldtog onder Afrikastate begin. As gevolg van die seminare het die OAE se Raad van Ministers tydens dié organisasie se 62ste gewone sitting 'n resoluëie in dié verband sonder teenstem aanvaar.⁸⁵ Die resoluëie fokus op die volgende:⁸⁶

- (a) Die ratifikasie of aanvaarding van die 1980 Onmenslike Wapenkonvensie en Protokol II daarvan. Die Protokol plaas beperkings op die gebruik van myne, fopmyne en ander soortgelyke meganismes;
- (b) ondersteuning van 'n wêreldwye verbod op teen-personeelmyne - Afrikastate is versoek om 'n gemeenskaplike mening aangaande dié saak by die 1996 hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie te huldig;
- (c) ontwikkeling en versterking van inter-Afrika samewerking op die gebiede van die onskadelikstelling van myne en hulp aan mynslagoffers; en
- (d) beroepe op die internasionale gemeenskap om meer hulp te verleen aan Afrikastate wat deur landmyne geaffekteer is.

Gedurende Februarie 1996 het die Raad van Ministers van die OAE tydens hul 63ste gewone vergadering 'n resoluëie aanvaar waarvolgens die OAE kennis geneem het dat daar

by die 1995 hersieningskonferensie van die Onmenslike Wapenkonvensie nie 'n besluit oor 'n algehele verbod op teen-personeelmyne geneem is nie en dat, ten spyte van 'n vroeëre oproep dat soveel as moontlik Afrikastate verteenwoordigers na die konferensie moes stuur, daar minder as 12 Afrika verteenwoordigers was. Daar is toe 'n verdere beroep gedoen dat meer Afrikastate die 1996 hersieningskonferensie moes bywoon.⁸⁷

Gedurende Mei 1997 het die OAE in samewerking met die Suid-Afrikaanse regering die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges op die gebied van landmyne te Kempton Park, Suid-Afrika gehou. Twee honderd afgevaardigdes van 40 state het dit bygewoon. Die konferensietema was "Towards a Landmine-Free Africa: The OAU and the Legacy of Anti-Personnel Mines".⁸⁸ Tydens dié konferensie is daar op 'n plan van aksie besluit wat onder andere die volgende ingesluit het: om die doelwit te stel om van alle teen-personeelmyne in Afrika ontslae te raak en Afrika 'n teen-personeelmynvrye sone te maak; alle Afrikastate is aangemoedig om die Teen-personeelmyn (TPM) Konvensie te onderteken; dat daar op streek en substreek vlakke instellings geskep word om landmynopsporing en vernietiging te beplan, te koördineer en te organiseer; om sover moontlik finansiële en humanitêre hulp aan landmynslagoffers te verskaf; en internasionale samewerking om alle moontlike hulp aan Afrikastate te voorsien in hul pogings om landmyne onskadelik te stel.⁸⁹

Die OAE het in 1997 bogemelde twee resolusies bevestig en die plan van aksie waarop by die Kempton Park konferensie besluit is ten volle onderskryf. Dié besluit het onder andere bepaal dat die Sekretaris-Generaal van die OAE die implementering van die Kempton Park Plan van Aksie moes monitor en 'n verslag daarvoor moes indien by die volgende gewone vergadering van die Raad van Ministers van die OAE.⁹⁰

In 1998 verbind die OAE hom tot die doelwit van algehele afskaffing ("elimination") van teen-personeelmyne in Afrika; bevestig die noodsaaklikheid van inter-Afrika samewerking in die proses van mynopsoring en vernietiging sowel as hulp aan mynslagoffers; en doen 'n beroep op die internasionale gemeenskap om tegniese bystand en verskaffing van hulpbronne aan Afrikastate ingevolge die bepalings van die TPM Konvensie.⁹¹

Soos in hoofstuk 3 gemeld het die hersieningskonferensies van die Onmenslike Wapenkonvensie wat gedurende 1995 en 1996 gehou is nie 'n totale verbod op teen-personeelmyne opgelewer nie. Elf Afrikastate het die eerste vergadering van die Ottawa Groep in Oktober 1996 bygewoon. Die Ottawa Groep was die resultaat van 'n Kanadese inisiatief in reaksie op genoemde konferensies wat nie op 'n algehele verbod op teen-personeelmyne ooreen kom nie.⁹² Soos reeds genoem is die TPM Konvensie wat in 1997 deur 121 state onderteken is die resultaat van hierdie inisiatief. 'n VN resoluëie, An International Agreement to Ban Anti-Personnel Landmines, is deur 155 state waarvan 38 Afrikastate was, ondersteun.⁹³ Teen 23 Februarie 2001 het 137 state wêreldwyd die TPM

Konvensie reeds onderteken en het 111 dit geratifiseer. Teen dieselfde datum het 43 Afrikastate, die TPM Konvensie reeds onderteken, en het 32 dit geratifiseer. Die TPM Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree.⁹⁴ Die VSA, Rusland en die Volksrepubliek van Sjina het dit nog nie onderteken nie.⁹⁵

Indien die ondersteuning uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonsensie en die verwante protokolle as maatstaf vir Afrika se erns met die besluite wat oor teen-personeelmyne geneem is, dien, is die Afrikastate nie werklik ernstig om 'n verbod op teen-personeelmyne te aanvaar nie. Die status ten opsigte van ondersteuning van die Onmenslike Wapenkonsensie en verwante protokolle uit Afrika het op 1 Januarie 2001 soos volg daaruit gesien:

Afrikastate wat die Konvensie geratifiseer het ----- 12 (Benin steun net Protokol I en III)

Afrikastate wat die Konvensie onderteken het maar nie geratifiseer het nie ---- 5

Afrikastate wat die veranderde Protokol II steun---- 4

Afrikastate wat Protokol IV steun---- 3

Die Onmenslike Wapenkonsensie is 'n "sambreel" ooreenkoms waaronder spesifieke ooreenkomste in die vorm van protokolle aangegaan kan word. Protokol I verbied die gebruik van wapens wat skrapnel kan veroorsaak wat nie deur X-strale in die menslike liggaam opgespoor kan word nie. Protokol II verbied die gebruik van myne, fopmyne en ander toestelle. Die veranderde Protokol II wat strenger beperkings op die gebruik van landmyne plaas het op 3 Desember 1998 in werking getree. Protokol III beperk die gebruik van wapens wat ergere brandwonde kan veroorsaak. Protokol IV wat in 1995 aanvaar is verbied die gebruik van laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak. Dié Protokol het op 30 Julie 1998 van krag geword.⁹⁶

Ter aanvulling tot die stappe wat ten opsigte van 'n verbod op teen-personeelmyne in Afrika na die Koue Oorlog geneem is, word die pogings wat na die Koue Oorlog binne Afrika en internasionaal aangewend is om ligte- en kleinwapens te beheer, vervolgens in oënskou geneem.

5.5 Klein- en ligte wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog

In 1998 het die OAE in 'n resoluë die dringendheid en noodsaaklikheid van inter-Afrika samewerking in die soeke na oplossings vir die probleme wat deur die proliferasie van ligte wapens veroorsaak word beklemtoon.⁹⁷ In Julie 1999 het die OAE die stappe wat reeds deur lidstate en streekorganisasies in Afrika geneem is om kleinwapenproliferasie teen te werk, in 'n resoluë verwelkom. Die EGWAS moratorium op kleinwapens; die vernietiging van surplus en uitgediende kleinwapens in Suid-Afrika; en die vernietiging van onwettige wapens

in Mosambiek is voorbeelde hiervan. In dié resolusie verwelkom die OAE ook die stappe wat deur die VN, die Europese Unie en die Organisasie van Amerikaanse State geneem is om die onwettige handel, vervaardiging en proliferasie van kleinwapens en ammunisie te bekamp. Die OAE doen ook weereens 'n beroep om internasionale samewerking sowel as inter-Afrika samewerking om die probleem van kleinwapenproliferasie die hoof te bied.⁹⁸ Die inisiatiewe wat deur die VN, die OAE en deur Afrikastate na die Koue Oorlog ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na klein- en ligte wapens geneem is word vervolgens in oënskou geneem.

5.5.1 VN inisiatiewe

Die VN Staande Komitee oor veiligheidskwessies in Sentraal -Afrika wat in 1989 gestig is het by hul negende ministeriële vergadering wat in Julie 1997 gehou is, die volgende aanbevelings gedoen: dat konflikvoorkoming meer effektief, haalbaar en goedkoper is as duur konflikbestuur en –oplossing; dat effektiewe optrede teen onwettige oorplasing en sirkulasie van wapens binne Sentraal-Afrika sal help om gewapende konfrontasies in die substreek te verhoed; dat addisioneel tot wapenbeheer aandag aan die afskaling van gewapende magte in die substreek gegee moet word; en dat CSBM's van groot belang is in die soeke na vrede en stabiliteit in die substreek. Sentraal-Afrikaleiers behoort dus 'n nie-aggressie ooreenkoms te onderteken en saam te werk in die stryd teen onwettige wapen- en dwelmhandel. Die vergadering het ook die volgende programme geloods: die ontwikkeling van 'n vroeë waarskuwingstelsel; programme om gedemobiliseerde troepe in die burgerlike lewe te integreer; gesamentlike militêre oefeninge vir vredesoperasies; en opleiding van militêre en veiligheidspersoneel oor aangeleenthede soos goeie regering, die oppergesag van die reg, en respek vir menseregte.⁹⁹

In 1995 het die VN 'n internasionale kommissie van ondersoek aangestel om die oorplasing van wapens na die voormalige regering van Rwanda te ondersoek. In 1998 het die VN dié kommissie weer geaktiveer en twee verslae het hieruit voortgevloei. Die wapens waarop die kommissie gefokus het was hoofsaaklik ligte wapens. Die volgende aanbevelings is gemaak: die instelling van 'n moratorium op die oorplasing na of vervaardiging van ligte wapens in Sentraal-Afrika, soortgelyk aan die moratorium wat in Wes-Afrika ingestel is; die standaardisering van eindgebruikersertifikate; die instelling van 'n effektiewe stelsel om wapens te merk en te identifiseer; en die identifisering van wapenmakelaars. 'n Verslag van die Sekretaris-Generaal van die VN in 1998 oor die konfliktsituasie in Afrika het 'n dringende behoefte om die proliferasie van ligte wapens in Afrika te stuit, onderstreep. In die verslag is onder andere aanbeveel dat Afrikastate aangemoedig moet word om die VN se Register van Konvensionele Wapens te ondersteun

sowel as om substreek registers van konvensionele wapens in te stel.¹⁰⁰ Soos reeds gemeld het net tien Afrikastate, waaronder Suid-Afrika, Kameroen, Tanzanië en Libië, inligting vir die 1997 register ingedien en net drie vir 1998.

Verdere aanbevelings deur die VN se Sekretaris-Generaal soos hierbo gemeld sluit in dat wapenverskaffers die nodige beheersdheid aan die dag sal lê, en die openbare identifikasie van wapenhandelaars. Die Veiligheidsraad van die VN het ook uit dié verslag daarvan kennis geneem dat kommersiële en politieke motiewe 'n belangrike rol speel in die onwettige oorplasing en akkumulاسie van kleinwapens in Afrika, en het die belangrikheid van die insameling van inligting in dié verband beklemtoon. Die moontlikheid van die insluiting van ligte wapens in die Register is in 1997 oorweeg maar verwerp. Sommige state was onwillig om ligte wapens in te sluit.¹⁰¹

Die VN se wapenembargo's wat om uiteenlopende redes na die Koue Oorlog teen verskeie Afrikaregerings en rebellegroepe toegepas is het ook tot 'n sekere mate bygedra daartoe dat minder wapens Afrika binne gekom het. Onderstaande tabel toon aan teen watter Afrikastate en rebellegroepe die VN na die Koue Oorlog wapenembargo's toegepas het.

Afrikastaat	Datum Verbod ingestel	Datum verbod opgehef	VN Veiligheids Raad Resolusie	Verpligte of vrywillig
Angola (Unita)	15/09/93		864	Verpligte
Eritrea	17/05/00		1 298	Verpligte
Ethiopië	17/05/00		1 298	Verpligte
Liberië	19/11/92		788	Verpligte
Libië	31/03/92	05/04/99	748	Verpligte
Rwanda	17/05/94	16/08/95	918	Verpligte
Rwanda Rebelle	16/08/95		1 011	Verpligte
Sierra Leone	08/10/97	05/06/98	1 132	Verpligte
Sierra Leone Rebelle	05/06/98		1 171	Verpligte
Somalië	23/01/92		733	Verpligte
Eritrea	12/02/99	17/05/00	1 227	Vrywillig
Ethiopië	12/02/99	17/05/00	1 227	Vrywillig

Bron: Hagelin, B, et al, "Transfers of major conventional weapons" in SIPRI Yearbook 2001: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2001, p.346.

Die VN het in 1998 'n internasionale verbod op die aankoop van Angolese diamante, wat nie deur die Angolese regering goedgekeur is nie, geplaas. Dit is 'n poging om te verhoed dat UNITA fondse uit diamantverkope vir sy oorlog teen die Angolese regering

bekom om daarmee wapens aan te koop. Dié pogings is blykbaar nie suksesvol genoeg nie want UNITA gaan steeds voort met sy oorlog teen die Angolese regering.¹⁰²

Om die probleem van kleinwapenproliferasie in Afrika en meer spesifiek in Suider-Afrika die hoof te bied, doen Gamba onder andere die volgende voorsorgmaatreëls tydens vredesoperasies aan die hand :

- (a) die implementering van 'n omvattende, stelselmatige ontwapeningsprogram sodra 'n vredesoperasie in werking gestel word;
- (b) die instelling van 'n behoorlike wapenbestuursprogram wat voortgaan tot in die stadium dat nasionale postkonflik heropbouprosesse in werking gestel word en die wapenbestuurprogram dan deel word van dié prosesse; en
- (c) die bevordering van noue samewerking ten opsigte van wapenbeheer en –bestuurs programme tussen state in die streek waar die vredesoperasie geïmplementeer word.

Hierdie drie aspekte is ongelukkig in VN vredesoperasies in Afrikastate soos Mosambiek, Angola, Liberië, Somalië en tot 'n mindere mate in Namibië, verwaarloos.¹⁰³

Die state wat nie direk beïnvloed word nie moet natuurlik die gevaar van kleinwapenproliferasie vir hulself besef indien genoemde prosesse nie behoorlik en effektief in werking gestel word nie, en die politieke wil hê om saam te werk en 'n bydrae te lewer om sulke programme te laat slaag. Baie belangrike aspekte van die wapenbestuursprogram is die kontrolering van wapens wat veronderstel is om ingehandig te word deur die gevegsmagte wat gedemobiliseer word; om sover moontlik te verseker dat alle wapens wel ingehandig word; dat wapenbergingsplekke deeglik bewaak word; en dat wapens wat nie weer uitgereik gaan word nie sonder versuim vernietig word.

Verdere maatreëls wat al voorgestel is om kleinwapenproliferasie te beperk en veral die probleem van onwettige wapenhandel en smokkelary aan te spreek, is die volgende:¹⁰⁴

- (a) Die identifikasie van bron, deurgang en gebruikerstate in die streek;
- (b) die identifikasie van vraag en aanbod faktore en stappe om dit aan te spreek;
- (c) die opgradering van bestaande strukture en maatreëls by staatsgrense en doeaneposte om onwettige wapenhandel te beëindig;
- (d) verskerpte beheer oor en kontrole van staatsvoorrade van wapens;
- (e) die uitroei van smokkelnetwerke en swartmarkbedrywighede;
- (f) strengere regeringsbeleid oor privaat eienaarskap van kleinwapens.

Die eskalاسie van wapenverwante misdaad en die proliferasie van veral handwapens in Suider-Afrika, getuig daarvan dat die daadwerklike effektiewe toepassing van bogemelde maatreëls gebiedend noodsaaklik geword het. Die eerste poging om die probleem van proliferasie van kleinwapens en ligte wapens in Afrika op streekvlak omvattend te koördineer en aan te spreek is gedurende Mei 2000 deur die OAE van stapel gestuur, toe 'n konferensie in dié verband gehou is.

5.5.2 Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in klein- en ligte wapens in Afrika

Die eerste streekkonferensie van Afrika deskundiges oor die onwettige proliferasie, sirkulasie en handel in kleinwapens en ligte wapens, is vanaf 17 tot 19 Mei 2000 deur die sekretariaat van die OAE te Addis Ababa gereël. Regeringsdeskundiges van OAE lidstate, die Afrika Diplomatieke Korps in Addis Ababa, VN agentskappe en ander internasionale organisasies sowel as nie-regeringsorganisasies, het die vergadering bygewoon. Die doel van die konferensie was, om ter voorbereiding vir 'n soortgelyke internasionale konferensie wat vir 2001 geskeduleer is, 'n omvattende en gekoördineerde Afrika benadering ten opsigte van die probleem van die proliferasie van kleinwapens en ligte wapens in Afrika te ontwikkel. Die Sekretaris-Generaal van die OAE het dié organisasie se volle steun en samewerking aan die poging toegesê.¹⁰⁵ Die konferensie het 'n aantal aspekte wat 'n bydrae tot die verbetering van die kapasiteit van lidstate om die probleem van kleinwapenproliferasie en onwettige handel in wapens aan te spreek, onder andere geïdentifiseer, en steun is vir die volgende maatreëls uitgespreek.¹⁰⁶

- (a) Die identifikasie en vernietiging van surplus en uitgediende voorrade van wettige en onwettige wapens en ligte wapens;
- (b) gesamentlike operasies vir die identifikasie, verwydering en vernietiging van onwettige wapens en ammunisie van opslagplekke in gebiede waar konflikte tot 'n einde gekom het; en
- (c) verhoogde kapasiteit van die OAE en streekorganisasies vir toesighouding en monitering van ontwapeningsoperasies tydens internasionale vredesoperasies in Afrika.

Die vergadering het verder oor die volgende aspekte ooreengekom:

- (a) 'n Beroep is op die internasionale gemeenskap gedoen om 'n verantwoordelike benadering ten opsigte van die storting van surplus wapens in Afrika te volg;
- (b) dat burgerlike besit van militêre tipe wapens soos outomatiese en semi-outomatiese wapens onaanvaarbaar is;
- (c) dat langtermyn programme op nasionale en streekvlak onderneem moet word om gemeenskappe wat wapens wil inhandig te ondersteun; en
- (d) dat langtermyn programme vir die demobilisering, ontwapening en herintegrering van voormalige vegters ondersteun en aangemoedig moet word.

Inisiatiewe wat elders in Afrika na die Koue Oorlog geneem is ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na klein en ligte wapens word vervolgens bespreek.

5.5.3 'n Moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika

Na die beëindiging van 'n etniese konflik in Mali in 1996 het die regering van Mali in samewerking met die VN die opposisie-groepe oorreed om hul wapens in te handig. Dié 3 000 wapens is tydens 'n seremonie te Timbuktu vernietig deur dit te verbrand. Hierdie ontwapeningsaksie is 'n voorbeeld van ontwapening aan die einde van 'n konflik soos in hoofstuk 1 beskryf. Voortspruitend hieruit het die president van Mali in 1996 'n beroep op buurstate in Wes-Afrika gedoen dat 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van kleinwapens in dié substreek ingestel moet word. Die VN het hierdie versoek ondersteun en 'n konferensie oor konflikvoorkoming, ontwapening en ontwikkeling in Wes-Afrika is in November 1996 te Bamako gereël. Twaalf Wes-Afrikaanse state het die konferensie bygewoon en EGWAS is ook verteenwoordig. Die idee van 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens het deurgaans gedurende die konferensie aandag geniet. Die moratorium is in essensie 'n vertroueskeppende maatreël wat die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens dek en vir 'n sekere tydperk sal geld. Dit sal wapens soos handwapens, gewere, masjiengewere, landmyne, granate, draagbare vuurpyllanseerders, mortiere sowel as ammunisie vir die wapens insluit.

Die moratorium bied 'n geleentheid aan Wes-Afrikaanse leiers om saam te werk om die Wes-Afrika substreek veiliger te maak.¹⁰⁷ Op 31 Oktober 1998 het die lidstate van EGWAS die verklaring oor 'n moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika onderteken. Die moratorium is van krag vir 'n periode van drie jaar waarna dit hersien sal moet word.¹⁰⁸ Soos reeds genoem speel PCASED 'n belangrike rol in die implementering van die moratorium. Die omvang van die taak om die moratorium ten volle te implementeer sal egter meer as drie jaar neem, veral as in ag geneem word dat daar 'n geskatte agt miljoen ligte wapens in omloop is in die Wes-Afrikaanse substreek en dat sestien state by die moratorium betrokke is. Teen Augustus 2000 het vier state, naamlik Gambië, Liberië, Mali en Niger, nasionale kommissies, wat die moratorium moet implementeer, tot stand gebring.¹⁰⁹ Liberië het ook sy erns met die bestryding van die proliferasie van konvensionele wapens gedemonstreer deur gedurende Oktober 1999, na 'n sewe jaar lange burgeroorlog, 'n groot aantal wapens te vernietig. Meer as 19 000 klein- en swaar masjiengewere en drie miljoen rondes ammunisie is vernietig. Artillerie, mortiere en tenkafweer vuurpyllanseerders is daarby ingesluit. Die grootste hoeveelheid van die wapens is vrywillig deur gevegsmagte ingehandig en ander is deur ECOMOG ingesamel.¹¹⁰ Hierdie is 'n tipiese voorbeeld van ontwapening aan die einde van 'n konflik.

5.5.4 Operasies Rachel in Suider-Afrika

In 1995 het die regering van Suid-Afrika en Mosambiek 'n misdaadbestedingsooreenkoms aangegaan. Dit was die gevolg van die besef van die omvang van onwettige wapensmokkelary en voertuigdiefstalle en die negatiewe effek wat hierdie tipes misdade op veiligheid in die twee state gehad het. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat wapenopslagplekke in Mosambiek die hooforsaak is van wapens wat na Suid-Afrika gesmokkel word. 'n Gesamentlike operasie bekend as Operasie Rachel om wapens in Mosambiek op te spoor en te vernietig, is in die lewe geroep. Daar is ooreengekom dat beide Suid-Afrika en Mosambiek se polisiemagte inligting oor die ligging van wapenopslagplekke sou inwin en uitruil. 'n Gesamentlike polisiemag sou dan die wapens op die terrein vernietig. Teen September 1998 is daar reeds drie sulke operasies in Suid-Mosambiek van stapel gestuur. Polisie statistiek toon aan dat daar met die drie operasies meer as 300 ton vuurwapens en 40 miljoen rondes ammunisie vernietig is. In Oktober 1998 is Operasie Rachel IV in Sentraal-Mosambiek van stapel gestuur. Meer as 100 ton onwettige wapens, insluitende twee kannonne, aanvalsgewere, vier tipes handwapens, drie tipes ontstekers, agt tipes mortierbomme en vyf tipes vuurpyllanseerders is met dié operasie gevind en vernietig. Hierdie operasies moes 'n baie positiewe impak op die bestryding van onwettige wapensmokkelary in Suider-Afrika gehad het.¹¹¹

Met die Afrika benadering van "spanning eerste" en "politieke skikking" tot wapenbeheer en ontwapening is die toepassing van vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls van groot belang. Dit word vervolgens bespreek.

6. CSBM's in die Afrika konteks

Soos reeds in hoofstuk 3 aangedui is militêre vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls van kardinale belang om vreedsame interstaatlike verhoudinge en streekveiligheid te bevorder en daardeur 'n bevorderlike omgewing, waarbinne wapenbeheer en ontwapening kan plaasvind, te skep. Solank state mekaar wantrou en bedreig voel sal hulle nie daaraan dink om wapens te beheer of om te ontwapen nie. Meeste interstaatlike konflikte in Afrika was tot dusver voorspelbaar in die sin dat dit voorafgegaan is deur periodes van spanning, vyandige propaganda en wedersydse beskuldigings. Só 'n situasie leen homself tot die toepassing van vertroueskeppende maatreëls om spanning te ontfont en moontlike militêre konflik te vermy.¹¹²

Meeste interstaatlike konflikte in Afrika is in die verlede deur *ad hoc* inisiatiewe van individuele staatshoofde, die OAE of deur substreek reëlings bemiddel. As gevolg van die

feit dat meeste Afrikastate hul wapens moet invoer, speel wapenverskaffers 'n belangrike rol in die toepassing van vertroueskeppende maatreëls deurdat hulle die situasie kan manipuleer deur die verskaffing aan, of die weerhouding van wapens van, die partye wat in die konflik betrokke is.¹¹³

Alhoewel daar geen formele forum, soos die OSCE in Europa, vir onderhandeling oor vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls in Afrika bestaan nie, bestaan daar wel deur middel van die OAE 'n institusionele raamwerk vir die toepassing van hierdie maatreëls in 'n konfliktsituasie. Die aanhef van die Handves van die OAE bevestig die Handves van die VN en die Universele Deklarasie van Menseregte as 'n basis vir vreedsame en positiewe samewerking tussen state. Die beginsels wat in Artikel III van die OAE Handves voorkom, dien as 'n gedragskode vir bilaterale en multilaterale verhoudinge tussen Afrikastate,¹¹⁴ naamlik die soewereine gelykheid van alle lidstate word erken; geen inmenging in die huishoudelike sake van state nie; respek vir die soewereiniteit en gebiedsintegriteit van elke staat en vir sy onvervreembare reg tot onafhanklike bestaan; vreedsame beslegting van geskille deur onderhandeling, bemiddeling, konsiliasie en arbitrasie; summiere verwerping en afkeur van politieke sluipmoord, in al sy vorms, sowel as enige subversiewe aktiwiteite van buurstate of enige ander staat teen 'n lidstaat.

Die OAE se Kommissie vir Bemiddeling, Konsiliasie en Arbitrasie wat reeds in 1964 tot stand gekom het en destyds alreeds met die instelling van vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls kon begin het, het nie werklik tot sy reg gekom nie.¹¹⁵ Soos reeds genoem is die OAE se Meganisme vir die Voorkoming, Bestuur en Oplossing van konflikte in 1993 tot stand gebring. Daar bestaan egter sekere probleme om die Meganisme ten volle operasioneel te maak. Daar is 'n groeiende besef by state in Afrika dat interstaatlike sowel as intrastaatlike konflikte 'n ernstige destabiliserende invloed op verskeie terreine in die streek of substreke kan hê.¹¹⁶

Intrastaatlike konflikte is moeiliker vatbaar vir bemiddelingspogings, veral wanneer die outoriteit en die legitimiteit van 'n regering deur sy teenparty uitgedaag word. So 'n uitdaging word deur die regering van die dag as hoogverraad beskou en as 'n interne saak, wat deur die regering self opgelos moet word. Die beginsel van geen inmenging in die huishoudelike sake van state het dit moeilik gemaak vir state in Afrika om by 'n spesifieke staat se huishoudelike sake betrokke te raak in 'n bemiddelingshoedanigheid; om hulp aan te bied in 'n vredesproses; of om betrokke te raak in 'n proses van vertroue- en veiligheidskepping. Daar is egter 'n groeiende besef by state in Afrika dat betrokkenheid by intrastaatlike konflikte deur state van buite, van waarde kan wees om orde en vrede in 'n staat te herstel.¹¹⁷ Die pogings van die OAE, EGWAS en die SAOG ten opsigte van konflikresolusie kan as vertroue- en veiligheidskeppende maatreëls beskou word.

7. Samevatting

Na die Koue Oorlog het daar veral ten opsigte van kleinwapenproliferasie en teenpersoneelmyne 'n merkbare verandering in die houding van sommige Afrikastate ingetree en is daadwerklike stappe gedoen om die proliferasie van hierdie wapens teen te werk. Die situasie ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met betrekking tot konvensionele wapens in die algemeen, het egter nie werklik verander nie. Die traagheid by Afrikaleiers om ontwapening en wapenbeheer in 'n ernstige lig te beskou is grootliks gegrond op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat wapenbeheer en ontwapening oorweeg kan word. Dié “spanning eerste” en “politieke skikking” benaderings word dus eerder gevolg. Alhoewel dit as 'n CSBM beskou word, word die VN se Register van Konvensionele Wapens swak ondersteun deur state uit Afrika en vele Afrikastate akkumuleer steeds wapens as gevolg van 'n persepsie van bedreiging veral van binne hul grense sowel as om oorlog te voer. Die VN se Register van Konvensionele Wapens sluit nie landmyne, ligte en kleinwapens in nie. Alhoewel gewapende konflik in Afrika in die middel negentigerjare afgeneem het, het dit nie 'n vermindering in konvensionele wapens teweeg gebring nie. Gewapende konflik het in die laat negentigerjare in elk geval weer tot die 1990 vlak toegeneem. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die mededinging tussen die Ooste en die Weste in Afrika grootliks tot 'n einde gekom en het die supermoondhede se belangstelling in Afrika verminder; hervormings het in Suid-Afrika begin wat uiteindelik tot die beëindiging van apartheid gelei het; en Oos-Wes surrogaat konflikte om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen apartheid en koloniale bevrydingsoorloë het ook tot 'n einde gekom. Hierdie gebeure het wapenbeheer en ontwapening bevorder. Oorsake van intrastaatlike konflikte, eie aan Afrika, soos separatisme, ontevredenheid met bestaande regerings, en etniese en stamgeskille, bestaan egter steeds en lei steeds tot bloedige konflikte.

Faktore wat wapenbeheer en ontwapening in Afrika na die Koue Oorlog bemoelijk is die volgende: intrastaatlike en interstaatlike konflikte wat toeneem; Afrikaleiers se siening om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word; swak reaksie uit Afrika op die VN se Register van Konvensionele Wapens; en vele onbewaakte toegangsroetes na Afrika vir wapenhandel en smokkelary. Logistieke probleme en 'n gebrek aan hulpbronne en mannekrag maak die beheer van konvensionele wapens ook uiters moeilik.

Kleinwapenproliferasie het na die Koue Oorlog 'n ernstige politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, streek en internasionale vlakke in Afrika geword. Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoë vlakke van

politieke geweld en onstabiliteit in vele Afrikastate het 'n aanvraag na kleinwapens laat ontstaan. 'n Surplus van wapens op die internasionale mark en in Afrika en 'n groot swart mark vir klein- en ligte wapens het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Ander redes waarom daar so baie van hierdie wapens in omloop is in Afrika is 'n lang geskiedenis van intrastaatlike konflik in Afrika; en onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsreëlings tydens VN vredesoperasies in Afrika, wat veroorsaak het dat talle wapens nie deur strydende groepe ingehandig is met die sluiting van vredesooreenkomste nie. Pogings word reeds in Afrika aangewend om hierdie enorme en gevaarlike probleem die hoof te bied. EGWAS se moratorium op kleinwapens en die vernietiging van onwettige wapens in Mosambiek (Operasie Rachel) is bewys hiervan. Strenger maatreëls met vredesoperasies en om die proliferasie van kleinwapens, en veral die probleme van wapensmokkelary en onwettige wapenhandel aan te spreek, is egter nodig. Die tyd is ryp dat daar ernstige oorweging geskenk word aan die instelling van 'n register van konvensionele wapens in Afrika, wat klein en ligte wapens sal insluit.

Geplante teen-personeelmyne is 'n groot bron van kommer in Afrika. Gedurende 1997 is die eerste streekkonferensie oor die gevaar van landmyne in Afrika te Kempton Park, Suid-Afrika, gehou. 'n Plan van aksie waarop by dié konferensie besluit is sluit onder andere die volgende in: opsporing en vernietiging van alle landmyne, insluitende teen-personeelmyne in Afrika, en alle Afrikastate is aangemoedig om die TPM Konvensie te onderteken. In die VN het 38 Afrikastate 'n resoluë wat 'n wêreldwye verbod op teen-personeelmyne plaas, ondersteun. Teen 23 Februarie 2001 het 43 Afrikastate die TPM Konvensie reeds onderteken en het 32 dit geratifiseer. Die Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree. Teen 1 Januarie 2001 was die steun uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie egter steeds swak. Twaalf van die 17 state wat dié Konvensie onderteken het, het dit tot op daardie stadium geratifiseer.

Ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging toon die steun uit Afrika vir die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokol dat dit ook die meerderheid state in Afrika se erns is dat hierdie wapens wêreldwyd verbied word. Die Pelindaba Verdrag wat in 1996 vir ondertekening beskikbaar gestel is, het die weg voorberei vir 'n kernwapenvrye sone in Afrika om uiteindelik 'n werklikheid te word. Teen 9 Januarie 2001 het 50 state dit reeds onderteken, maar die verlangde 28 ratifikasies om dit in werking te laat tree is toe nog nie bereik nie. Net 15 state het dié Verdrag tot op daardie stadium geratifiseer. Hierbenewens het 53 Afrikastate die Kernsperverdrag en 35 die Gedeeltelike Kerntoetsverbod teen 15 April 2001 geratifiseer.

Soos aan die begin van hierdie hoofstuk genoem, is die voorkoms van gewapende konflikte in Afrika, wat aanleiding gee tot die invloei van wapens in Afrika, geweldig inhiberend op enige pogings tot wapenbeheer en ontwapening van hoofsaaklik

konvensionele wapens in Afrika. Daar sal dus in individuele state, veral dié waar politieke onstabiliteit heers, eers 'n politieke omgewing geskep moet word waarbinne mense in vrede en harmonie saam kan bestaan voordat onderhandelinge oor wapenbeheer en ontwapening kan plaasvind. Om regerings se vrese vir aggressie teen hulle van buite hul grense en wantroue tussen state te besweer, is vertrou- en veiligheidskeppende maatreëls van kardinale belang. Konflikvoorkoming, -bestuur en -resolusie is essensieel in gevalle waar konflikte wel dreig of reeds aan die gang is. Die OAE se Meganisme vir Konflikvoorkoming, -Bestuur, en Oplossing; en die SAOG se OPVV is pogings om dié doelstellings te bereik. Ten opsigte van al die voorgenoemde aspekte dien die Kampala Dokument se voorgestelde CSSDCA-proses as 'n handleiding vir Afrika.¹¹⁸

Om hierdie doelwitte van vrede en stabiliteit in individuele state, vertrou- en veiligheidskeppende maatreëls, en konflikvoorkoming, -bestuur en resolusie in Afrika te bereik, is die politieke wil en samewerking van alle state in Afrika gebiedend noodsaaklik. Doeltreffende verifikasieprosedures en afdwingsmaatreëls, soos in hoofstuk 1 beskryf, mag selfs nodig wees om state in Afrika te dwing om hul voornemens uit te voer en hul beloftes en ondernemings na te kom en growwe menseregteskendings tot 'n einde te bring.

Indien Afrikastate ernstig is om wapenbeheer en ontwapening en konflikbestuur 'n werklikheid in Afrika te maak, is die riglyne vir 'n vennootskap onderling tussen Afrikastate en tussen Afrika en die internasionale gemeenskap, en die riglyne soos uiteengesit in die Kampala Dokument, van wesenlike belang.¹¹⁹

In die volgende hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening soos dit gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gemanifesteer het, sowel as die rol wat Suid-Afrika in die sluit van sommige ooreenkomste gespeel het, in oënskou geneem.

VERWYSINGS

- 1 Furley, O, Conflict in Africa, I B Tauris Publishers, London, 1995, pp.7-8.
- 2 UN: Final communique of the meeting of Ministers of Foreign Affairs and Heads of Delegations of the Movement of Non-Aligned Countries, held in New York on 23/09/99. General Assembly/Security document of the United Nations A/54/469; S/1999/1063, 1999.
- 3 UN: Permanent Mission of the Republic of Sierra Leone to the United Nations New York. Statement by His Excellency Dr Alusine Fofana of the Republic of Sierra Leone in the General Debate on Disarmament and International Security Issues, First Committee, 24/10/94.

- 4 UN: The Permanent Mission of the Libyan Arab Jamahiriya to the United Nations. Statement by Mr A Azwai, Permanent representative to the United Nations, before the First Committee of the 49th Session of the United Nations General Assembly on Disarmament and International Peace and Security, New York, 21/10/94.
- 5 UN: Permanent Mission of Nigeria to the United Nations, UNGA49 First Committee. Statement by Ambassador I E Ayewah, Deputy Permanent Representative of Nigeria to the United Nations, New York, 18/10/99.
- 6 UN: Permanent Mission of the Republic of Zimbabwe to the United Nations. Statement by H E Simbarashe; S Mumbengegwi in the General Debate in the First Committee, 19/10/99.
- 7 UN: Permanent Mission of Zambia to the UN. Statement by Mr H B Kunda, Deputy Permanent Secretary in the Ministry of Foreign Affairs of the Republic of Zambia in the First Committee of the 49th Session of the United Nations General Assembly, New York, 24/10/99.
- 8 Fayemi, K, "Disarmament Illusions", African Events, Vol 9 No 2, 1993, p.25.
- 9 Olonisakin, F, "Conventional Arms Control in Post-Cold War Sub-Saharan Africa: Problems and Prospects", Strategic Review for Southern Africa, Vol XXI No1, 1999, pp.16-17.
- 10 Wezeman, S T, and Wezeman, P D, "Transfers of major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1998, *op cit*, pp.312-314.
- 11 UN Register of Conventional Arms, 1997, pp.2-3. Internet: <http://domino.un.org/register.nsf/> Toegang: 06/10/01.
- 12 The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, Department of Disarmament Affairs, United Nations, New York, 2000, pp.108-110.
- 13 Olonisaken, F, "Conventional Arms Control in Post-Cold War Sub-Saharan Africa" *op cit*, p.2.
- 14 Volman, D, The evolving pattern of African arms transfers, paper presented at the 38th Annual Meeting of the African Studies Association, Orlando, Florida, ASA, Atlanta, 1995, pp.8-9.
- 15 *Ibid.*
- 16 Anthony, I *et al*, "The trade in major weapons", in SIPRI Yearbook 1995: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1995, p.493.
- 17 Hagelin, B, *et al*, "Transfers of major conventional weapons", in SIPRI Yearbook 1999, Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1999, p.424.
- 18 "Washington faced with choice between Africa and Ukraine", Stratfor Commentary: Global Intelligence Update, 02/08/99.

- 19 Hiltermann, J R , “Stemming the Flow of Arms into Africa: How African NGO’s can make a Difference”, African Journal of Political Science, New Series, Vol 3 No 1, 1998, p.126.
- 20 Meek, S, “Developing a Regional Register of Conventional Arms: An Option for Africa ?”, African Security Review, Vol 6 No 4, 1997, pp.49-55.
- 21 Furley, O, op cit, pp. 9-10.
- 22 Mills, G, “Inter- and Intra-state Conflict in Africa in the 1990’s: Democracy as a Cure-all?” Strategic Review, Vol XVIII No 1, 1996, pp. 24-25; en Beeld, (Pretoria), 11/01/00.
- 23 Mills, G, op cit, pp.24-25.
- 24 Sollenberg, M, et al, “Major armed conflicts”, in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.18-20; en Sollenberg M, et al, “Major armed conflicts 1999”, in SIPRI Yearbook 2000: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 2000, pp.52-55.
- 25 Nhara, W G, “The Impact of Armed Conflict in Africa” , Resolving Conflicts: OAU Conflict Management Bulletin, Special Edition, 1999, p.20.
- 26 Heitman, H, “Security and Africa’s Armed Forces at the End of the 1990’s”, ISSUP Bulletin, 4/95, 1995, pp.1-12.
- 27 Beeld, (Pretoria), 11/01/00.
- 28 Mills, G, op cit, pp.24-28.
- 29 Di Chiaro III, J, “Reasonable Measures: Addressing the Excessive Accumulation and Unlawful Use of Small Arms”, Brief 11, Bonn International Center for Conversion, 1998, pp.31-33.
- 30 Batchelor, P, “Intra-state Conflict, Political Violence and Small Arms Proliferation in Africa”, in Gamba, V (ed) Society Under Siege: Crime Violence and Illegal Weapons, Vol 1, Institute for Security Studies, Halfway House, 1997, p.103.
- 31 Ibid, p.105.
- 32 Ibid, pp.119-120
- 33 Ibid, pp.121-122.
- 34 Batchelor, P, “ Disarmament, Small Arms, and Intra-State Conflict: The Case of Southern Africa”, in Smith, C, et al, Disarmament and Conflict Resolution Project: Small Arms Management and Peacekeeping in Southern Africa, United Nations, New York, 1996, pp. 85-89.
- 35 Solomon, H, and Cilliers, J, “The Southern African Development Community and Small Arms Proliferation”, in Gamba, V, (ed) Society Under Siege: Licit Responses to Illicit Arms Vol II, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1998, p.88.
- 36 Wezeman, S T, and Wezeman, P D, in SIPRI Yearbook 1998, op cit, p.302; en Hagelin, B, et al, “The volume of transfers of major conventional weapons, 1989-1998”, in SIPRI Yearbook 1999, op cit, p.450.

- 37 Sollenberg, M, et al, SIPRI Yearbook 1999, *op cit*, p.18.
- 38 Beeld, (Pretoria), 11/01/2000.
- 39 "Africa Disarmed, Africa: No Shining Armour", African Events, Vol 9 No 2, 1993, pp.20-22.
- 40 Volman, D, *op cit*, pp.3-5.
- 41 El Shafei, O, "Conventional Disarmament in Africa" in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1992, p.90.
- 42 Carey, M, "Peacekeeping in Africa: recent evolution and prospects", in Furley, O, and May, R, (ed) , Peacekeeping in Africa, Ashgate, Aldershot, Brookfield USA, Singapore, Sydney, 1998, pp.13-25.
- 43 *Ibid*, pp.17-26.
- 44 Batchelor, P, "Disarmament, Small Arms, and Intra-State Conflict: The Case of Southern Africa" *op cit*, p.65.
- 45 United Nations Regional Centre for Peace and Disarmament in Africa, UNRCPDA, July 1999, p.2
- 46 *Ibid*, pp.1-2.
- 47 "Draft Kampala Document for a Proposed Conference on Security, Stability, Development and Co-operation in Africa (CSSDCA)", in Hough, M, and du Plessis, A, Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, Ad hoc Publication No 33, Institute for Strategic Studies, University of Pretoria, Pretoria, 1996, p.7.
- 48 Draft Kampala Document for a Proposed Conference on Security, Stability, Development and Co-operation in Africa, (CSSDCA), Kampala, Uganda, 1991, pp.2-3.
- 49 *Ibid*, pp.3-7.
- 50 De Coning, C, "The Role of the OAU in Conflict Management in Africa", in Malan, M, (ed), Conflict Management, Peacekeeping and Peace-building: Lessons for Africa from a Seminar Past, ISS Monograph Series No 10, Institute of Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997, pp. 14-15.
- 51 OAU: Declaration of the Assembly of Heads of State and Government on the Establishment within the OAU of a Mechanism for Conflict Prevention, Management and Resolution, Cairo, June 30 1993, p.ii.
- 52 Omitoogun, W, "Arms control and conflicts in Africa", DDA Occasional Papers, No 4, Department for Disarmament Affairs, United Nations, 2000 , p.43.
- 53 Monnakgotla, K, "From Ambivalence and Adversity to Stability in Southern Africa", in Malan, M, (ed), New Partners in Peace: Towards a Southern African Peacekeeping Capacity, Monograph Series No 5, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1996, p.21.

- 54 "Regional Organisations: Geographically Proximate", in Hough, M, and Du Plessis, A, (eds) Contemporary International Organisations and Treaties, *op cit*, p.91.
- 55 Solomon, H, and Cilliers, J, *op cit*, pp.79-80.
- 56 *Ibid*, p.80.
- 57 Monnakgotla, K, *op cit*, p.20.
- 58 Olonisaken, F, "Rethinking regional security in Africa", Strategic Review for Southern Africa, Vol XX , No2, 1998, p.64.
- 59 Albright, D, "South Africa and the Affordable Bomb", The Bulletin of the Atomic Scientists, Vol 50 No 4, 1994, pp.37-38 en 45.
- 60 Ferm, R, " Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1999, *op cit*, pp.721-722.
- 61 OAU: "Resolution CM/Res. 1660 (LXIV), Resolution on Expediting the Process of Ratification of the Treaty Establishing the African Nuclear Weapon Free-Zone", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council Of Ministers/Organisation Of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1996.
- 62 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 2000, *op cit*, pp.710-711.
- 63 UN: Memorandum on activities relating to the African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (Pelindaba Treaty) submitted by the Secretary-General of the Organization of African Unity at The 2000 NPT Review Conference (RevCon), 14 April-19 May 2000, New York; en Ferm, R, and Berggren, C, SIPRI Yearbook 2001, *op cit*, p.666.
- 64 Ferm, R, in SIPRI Yearbook 2000, *op cit*, pp.710-711.
- 65 Acharya, A, and Ogunbanwo, S, "The nuclear weapon-free zones in South East Asia and Africa", in SIPRI Yearbook 1998, *op cit*, p.454.
- 66 2000 Review of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, Final Document, NPT/CONF.2000/28 (Vol I, Part I and II), New York, 22/05/2000.
- 67 UN: The 2000 Review Conference (Rev Con), 14 April-19 May 2000, New York. Statement by Mr Y Osei, Deputy Permanent Representative of the Mission of Ghana to the United Nations, pp.1-2.
- 68 UN: African Speakers in Concerted Assault against Failure of Nuclear Powers to Honour 1995 Commitments, United Nations Press Release DC/2701, 27/04/2000, p.4
- 69 *Ibid*, p.1.
- 70 *Ibid*.
- 71 UN: Nuclear Weapon States Endorse Goal of "Total Elimination" of Nuclear Arsenals at NPT Review Conference Concludes, United Nations Press Release DC/2710, 27/05/2000, p.7.
- 72 *Ibid*, pp.8-9.

- 73 Ibid, pp.9-10.
- 74 The Biological and Toxin Weapons Convention Database, Fourth Review Conference Final Documents, Part III, p.9; Document BWC/CONF.IV/9, p.44.
- 75 Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling of Bacteriological (Biological) Biological and Toxin Weapons and on their Destruction,(1972), pp.1-2. Internet <http://www.sipri.se/cbw/docs/bw-btwc-text.html>
Toegang:7/10/2001.
- 76 The Biological and Toxin Weapons Convention Database, Fourth Review Conference Final Documents, Part III, p.45.
- 77 Convention on the Prohibition of the Development, Production and Stockpiling of Bacteriological (Biological) and Toxin Weapons and on their Destruction, (1972), op cit, p.2.
- 78 Ezz, E A, "Chemical weapons: an African point of view", in Disarmament: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1991, p.89.
- 79 Azikiwe, E, "The Role of African States in Disarmament and Security Issues in Global Multilateral Forums", in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, United Nations, New York, 1992, pp.45-47
- 80 UN: Conference on Disarmament: Overview, Internet: <http://www.unog.ch/disarm/disconf.htm> Toegang: 06/10/01.
- 81 UN:"Report of the Conference on Disarmament" in General Assembly Official Records-Forty seventh Session, Supplement No 27 (A/47/27), United Nations, New York, 1992, p.1.
- 82 OAU: "CM/Res 1661 (LXIV), Resolution on the Convention on the Prohibition of the Development, Manufacturing, Stockpiling, and Use of Chemical Weapons and their Destruction ", Resolutions Adopted by the Sixty-Fourth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity , OAU, Addis Ababa, OAU, 1996.
- 83 Salim Ahmed Salim, "Message", in Cilliers, J, (ed) Towards a Landmine-free Africa, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1997, p.7.
- 84 Ibid,
- 85 El Ghassim Wane, "Introduction", in Cilliers, J, (ed) Towards a Landmine-free Africa, op cit, p.4.
- 86 Ibid.
- 87 OAU: Resolution "CM/Res 1628 ", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, p.62
- 88 El Ghassim Wane, op cit, p.4.
- 89 " Plan of Action", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, pp.41-44.



- 90 OAU: "Decision CM/Des.363 (LXVI), Report of the Secretary-General on the Issue of Anti-Personnel (Mines), and International Efforts to Reach a Total Ban", Decisions adopted by the Sixty-sixth Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1997, pp.28-30.
- 91 OAU: "Decision CM/Dec. 377 (LXVII), Report of the Secretary-General on the Decision CM/Dec. 363 (LXVI) on the International Efforts to Ban Landmines", Decisions of the Sixty-Seventh Ordinary Session of the Council of Ministers/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998, pp.17-19.
- 92 El Ghassim Wane, op cit, p.4.
- 93 UN: "General Assembly Resolution 51/45S: An International Agreement to Ban Anti-Personnel Landmines", in Towards a Landmine-free Africa, op cit, pp.91-92; en Salim Ahmed Salim, "Message", in Towards A Landmine-free Africa ,op cit, p.8.
- 94 Ferm, R and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.668-669.
- 95 Beeld, (Pretoria), 03/03/00.
- 96 Ferm, R, and Berggren, C, in SIPRI Yearbook 2001, op cit, pp.660-661.
- 97 OAU: "Decision CM/Dec. 432 (LXVIII), Proliferation of Small Arms and Light Weapons", Decisions of the Sixty-eighth ordinary session of the Council of Ministers/Organisation of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1998 , p.33.
- 98 OAU: "Draft Decision on the Illicit Proliferation , Circulation and Illicit Trafficking of Small Arms and Light Weapons, AHG/Draft/Dec.6 (LXX)", Draft Decisions of the Thirty-Fifth Ordinary Session of the Heads of State and Government/Organization of African Unity, OAU, Addis Ababa, 1999, pp.5,7 en 8.
- 99 Benson, W, Report: Light weapons control and security assistance: A review of current practice, A Safer World/International Alert Publication, London, 1998, p.38.
- 100 Adam, B, "Efforts to control the international trade in light weapons", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, pp.510-511.
- 101 Ibid.
- 102 Sköns, E, et al, "Military expenditure", in SIPRI Yearbook 1999, op cit, p.273.
- 103 Gamba, V, "Disarmament and the Control of Light Weapons: Lessons from UN Peace Missions and Small Arms Proliferation in Southern Africa", in Malan, M (ed) New Partners in Peace: Towards a Southern African Peace Keeping Capacity, Monograph Series No 5, Institute for Security Studies, Halfway House, South Africa, 1996, p.64.
- 104 Gamba, V, "Small Arms Proliferation in Southern Africa: The Potential for Regional Control", African Security Review, Vol 7 No 4, 1998, p.61
- 105 OAU: "Report of the meeting of experts" on the First Continental meeting of African Experts on Illicit Proliferation, Circulation and Trafficking of Small Arms and Light Weapons, Addis Ababa, May 2000, pp.1-2.

- 106 Ibid, p.11
- 107 Poulton, R, and Youssouf, I, The Peace of Timbuktu, New York, Geneva, 1998, pp.120-122, 227-230, en 287-291.
- 108 ECOWAS: Declaration of a Moratorium on Importation, Exportation and Manufacture of Light Weapons in West Africa, Abuja, 31 October 1998.
- 109 ECOWAS: Workshop on Small Arms Opens in Abuja. Internet: www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/ecowas_workshop_on_small_arms_op Toegang 08/10/01.
- 110 Liberia Destroys Remaining Wartime Weapons. Internet: www.nisat.org/west%20africa/news%20from%20the%20region/liberia_destroys_remaining_warti Toegang: 8/10/11
- 111 “Initiatives in Africa-Operations Rachel in Southern Africa”, Small Arms Proliferation and Africa, Newsletter 1, 1998, p.4.
- 112 Mahiga, A P,“ Confidence- and Security-Building Measures in the African Context: Relevance and Characteristics”, in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, op cit, p.130.
- 113 Ibid, p.131.
- 114 Ibid.
- 115 Ibid.
- 116 Ibid.
- 117 Ibid, p.133 ; en Ibrahima Sy, “Africa: A changed security environment? Challenges and Prospects”, in Disarmament Topical Papers 12: Disarmament and Security in Africa, op cit, pp. 25-26.
- 118 Hough, M, and du Plessis, A, Africa: Selected Documents on Political, Security, Humanitarian and Economic Issues, op cit, pp.7-26
- 119 Cohen, H J, “African Capabilities for Managing Conflict:The Role of the USA” , in Smock, D R, and Crocker, C A (eds), African Conflict Resolution: The U S Role in Peacekeeping,1995, United States Institute of Peace Press, Washington D C, 1995, pp.84-85 en 88-89.

HOOFSTUK 6

SUID-AFRIKA EN WAPENBEHEER EN ONTwapening GEDURENDE EN NA DIE KOUe OORLOG

In hierdie hoofstuk word wapenbeheer en ontwapening soos dit gedurende en na die Koue Oorlog in Suid-Afrika gemanifesteer het, sowel as die bydraes wat deur Suid-Afrika op die globale terrein van wapenbeheer en ontwapening gemaak is, bespreek. Die tydperk wat gedek word strek vanaf die vroeë sestigerjare, toe Suid-Afrika begin herbewapen het, tot 1999. Waar toepaslik sal daar na verwickelinge in 2000 en 2001 op die gebied van wapenbeheer en ontwapening verwys word. Soos sal blyk, was daar gedurende die Koue Oorlog (die periode wat van 1960 tot 1991 gestrek het) nie werklik sprake van enige pogings tot wapenbeheer of ontwapening in Suid-Afrika nie. Ontwapening en wapenbeheer het eers aan die einde van die Koue Oorlog, en ná die Koue Oorlog, in Suid-Afrika 'n werklikheid geword. Gedurende die Koue Oorlogtydperk was die teenoorgestelde van ontwapening en wapenbeheer, naamlik herbewapening en groot uitgawes aan wapenproduksie en wapenaankope, eerder aan die orde in Suid-Afrika.

1. Die Koue Oorlogtydperk

Suid-Afrika het gedurende die tydperk wat gestrek het vanaf 1945 tot 1960 'n party tot drie belangrike internasionale ooreenkomste, naamlik die Handves van die VN (1945); die Statuut van die IAEA; (1956) en die Suidpool Verdrag (1959), wat betrekking op wapenbeheer /ontwapening gehad het, geword. Volgens artikel 11 van die VN se Handves kan die Algemene Vergadering aanbevelings aangaande wapenbeheer en ontwapening aan die lidstate of die Veiligheidsraad of albei maak. Volgens die Statuut van die IAEA het die IAEA 'n mandaat om internasionale veiligheidsvoorsorgmaatreëls toe te pas om te verseker dat kernmateriaal, kerntoerusting, -fasiliteite en -tegnologie uitsluitlik vir vreedsame doeleindes aangewend word. Suid-Afrika was ook een van die aanvanklike ondertekenaars van die Suidpool Verdrag in 1959. Volgens dié Verdrag mag die Suidpoolstreek uitsluitlik vir vreedsame doeleindes gebruik word en is 'n verbod op alle militêre aktiwiteite, insluitende die toets van enige wapens, geplaas.¹

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar tot in die vyftigerjare geen onmiddellike streekbedreiging of 'n interne militêre bedreiging vir Suid-Afrika nie. Die blanke regeringsnoord van Suid-Afrika het ook 'n doeltreffende buffer tussen Suid-Afrika en die noordelike Afrikastate gevorm. Suid-Afrika het wel deur middel van sy weermag en polisiemag beperkte teeninsurgensie hulp aan die destydse Rhodesiese (later Zimbabwe) en Portugese

(Mosambiek) regerings verleen. In die vroeë sestigerjare het Suid-Afrika se verdedigingsuitgawes egter vinnig begin styg. Die redes daarvoor word vervolgens bespreek.

1.1 Konflikte waarby Suid-Afrika betrokke was en herbewapening gedurende die Koue Oorlog

In 1958/59 was Suid-Afrika se verdedigingsbegroting 36 miljoen rand. Ses jaar later was dit 210 miljoen rand. Die redes hiervoor was onder andere dat insurgensies in Rhodesië, Mosambiek en Angola ontstaan het. Die gevaar wat ontstaan het dat dié konflikte deur ANC-insurgensie na Suid-Afrika kon oorspoel het die Suid-Afrikaanse regering genoop om sy teeninsurgensie vermoë te versterk. Ander minder belangrike redes vir die verhoogde verdedigingsuitgawes op daardie stadium was die persepsie van 'n moontlike konvensionele aanslag deur Afrikastate teen Suid-Afrika en ekonomiese en militêre sanksies deur die VN teen Suid-Afrika.² Die VN het inderdaad in 1963, as gevolg van Suid-Afrika se beleid van apartheid, 'n vrywillige wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel.³ 'n Verdere rede vir Suid-Afrika se verhoogde militêre uitgawes was die stigting van "Umkhonto we Sizwe", (MK), die militêre vleuel van die "African National Congress" (ANC) in 1961, toe die ANC sy gewapende stryd teen die Suid-Afrikaanse regering begin het.⁴ Suid-Afrika was volgens die VN ook onwettig in beheer van die destydse Suidwes-Afrika (later Namibië). In die laat sestigerjare het die Suid-Afrikaanse weermag dan ook met 'n lae intensiteit teeninsurgensie oorlog teen die "South West African Peoples Organisation" (SWAPO) begin.⁵ Tussen 1970 en 1975 het verdedigingsuitgawes van 257 miljoen rand tot 692 miljoen rand per jaar gestyg; teen 1980 tot 1,970 miljard rand; en teen 1988 tot 6,680 miljard rand.⁶ Hierdie verstommende verhoging in verdedigingsuitgawes gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was hoofsaaklik aan vier verwikkelinge in Suider-Afrika te wyte; die onafhanklikwording van Angola en Mosambiek in 1975; die onafhanklikwording van Zimbabwe in 1980; die intensifisering van die oorlog teen SWAPO; en die intensifisering van die terreuraanslag deur die ANC binne Suid-Afrika. Mosambiek en Angola se regerings was aanvanklik duidelik Marxisties georiënteerd en dus vyandig gesind teenoor Suid-Afrika; honderde swart vlugteling uit Soweto is opgelei in kampe in Tanzanië, Mosambiek en Algerië; en Suid-Afrika se buurstate het tot 'n groter mate skuilplek aan ANC lede gebied vanwaar hulle dan Suid-Afrika binnegesypel het.⁷

Om hierdie gevare die hoof te bied het Suid-Afrika gedurende die tydperk wat vanaf 1975 tot 1979 gestrek het, met 'n program van modernisering en hertoerusting van sy konvensionele magte begin. Die doel hiermee was om die weermag in staat te stel om grootskaalse voorkomende- en strafaanvalle op ANC basisse in buurstate uit te voer, sowel

as om 'n konvensionele teenaanval vanuit so 'n buurstaat die hoof te kan bied.⁸ Suid-Afrika het selfs, soos later in hierdie hoofstuk beskryf sal word, so ver gegaan om 'n chemiese-, biologiese- en kernwapenvermoë te ontwikkel. Dit is gedurende hierdie periode, naamlik in 1977, dat die VN 'n verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika ingestel het, wat Suid-Afrika onder genoemde omstandighede genoop het om pogings aan te wend om die wapenverbod te omseil asook om maniere te vind om sy eie wapens te vervaardig.

Gedurende die tagtigerjare het Suid-Afrika 'n meer aggressiewe militêre houding teenoor sy buurstate begin inneem. Oorgrensaanvalle teen SWAPO basisse in Angola, wat daarop gemik was om hulle militêre vermoë te verswak, wat reeds in die laat sewentigerjare begin is, het in die tagtigerjare toegeneem. Deur middel van grond- en lugaanvalle is dele van Angola selfs beset. Suid-Afrika het die *União Nacional para a Independência Total de Angola* (UNITA) terselfdertyd in hulle guerilla oorlog teen die Angolese regering ondersteun.⁹ Die Sowjet-Unie se ondersteuning van die *Movimento Popular de Libertação di Angola* (MPLA), deur middel van opleidingspersoneel en wapens, en Kuba se ondersteuning deur middel van soldate, het sake vir Suid-Afrika egter baie moeilik gemaak.¹⁰

'n Soortgelyke strategie is deur Suid-Afrika ten opsigte van Lesotho en Mosambiek gevolg. In dié gevalle was die oorgrensaanvalle op ANC basisse gerig. In hierdie gevalle was daar ook sterk gerugte dat Suid-Afrika die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho en die "Mozambique National Resistance" (RENAMO) in Mosambiek teen die onderskeie regerings ondersteun het.¹¹ Volgens Luckham het Suid-Afrika inderdaad vir RENAMO in Mosambiek en UNITA in Angola logisties sowel as met wapens en opleiding ondersteun.¹² Daar was gedurende hierdie periode ook sterk gerugte van Suid-Afrikaanse oorgrensaanvalle teen die ANC in Botswana, Zambië en Zimbabwe.¹³ Angola, Zambië, Lesotho, en die Seychelle het sedert die sewentigerjare tot in 1984 gereeld klagtes oor Suid-Afrikaanse aggressie teen hulle by die VN aanhangig gemaak.¹⁴

Die Suid-Afrikaanse regering se beleid van apartheid; sy volgehoue teenwoordigheid in die destydse Suidwes-Afrika (Namibië); en die militêre konflikte wat daarmee gepaard gegaan het, het veroorsaak dat Suid-Afrika internasionaal al meer geïsoleerd geraak het. Gevolglik het die VN sedert die vroeë sestigerjare begin om wapenembargo's teen Suid-Afrika in te stel.

1.2 Die VN se wapenembargo's van 1963, 1977 en die boikotte van 1984 en 1986

Die VN se wapenverbod van 1963 teen Suid-Afrika het 'n beroep gedoen op alle lidstate om alle verkope van wapens en militêre toerusting aan Suid-Afrika vrywillig te staak.¹⁵ 'n

Verdere resolusie het ook toerusting en materiaal vir wapenproduksie in Suid-Afrika gedek. Hierdie verbod was ingestel weens die VN se afkeur van Suid-Afrika se beleid van apartheid.¹⁶ Hierdie twee resolusies is in 1977 vervang deur 'n verpligte wapenverbod teen Suid-Afrika. Behalwe dat hierdie verbod die verkope van wapens en materiaal vir wapenproduksie gedek het, het dit ook samewerking met Suid-Afrika in die ontwikkeling en vervaardiging van kernwapens verbied. Hierdie verbod is teen Suid-Afrika ingestel weens, volgens die VN, Suid-Afrika se volgehoue beleid van apartheid, onderdrukking van sy burgers, gebruik van geweld binnelands en as gevolg van Suid-Afrika se aanvalle op sy buurstate en sy bedreiging vir internasionale vrede.¹⁷ In 1984 het die VN 'n verdere vrywillige boikot teen Suid-Afrika ingestel waarvolgens 'n beroep op alle state gedoen is om geen militêre voertuie, wapens of ammunisie vanaf Suid-Afrika in te voer nie. Hierdie boikot is teen Suid-Afrika ingestel in 'n poging om Suid-Afrika te verhinder om sy eie wapens te vervaardig.¹⁸ In 1986 het die VN deur 'n verdere resolusie die 1977 verbod versterk en bevestig en ook die vrywillige boikot van 1984 uitgebrei om invoere van wapens vanaf Suid-Afrika vir internasionale uitstallings, asook toegang tot state van Suid-Afrikaanse wapens vir uitstaldoeleindes te verhoed. Die 1986 resolusie versoek state verder om nie aan enige aktiwiteite in Suid-Afrika deel te neem nie, indien sulke deelname Suid-Afrika se militêre vermoë sou bevorder.¹⁹

Die vraag ontstaan onwillekeurig hoe effektief hierdie wapenembargo's en boikotte deur die VN teen Suid-Afrika was. Die antwoord hierop is dat die Suid-Afrikaanse regering sedert 1963 herhaaldelik verklaar het dat die wapenverbod veroorsaak het dat Suid-Afrika 'n eie wapennywerheid ontwikkel het. In reaksie op die instelling van die boikot in 1984 het die Suid-Afrikaanse afgevaardigde in die VN soos volg gereageer: "The outcome of the embargo was the creation of an efficient industry for the manufacture of arms of all types necessary for South Africa's self defence with the result that we are today self-sufficient in a number of important armaments sectors - and will be increasingly so tomorrow"²⁰ Voor 1963 het Suid-Afrika 70 persent van sy militêre uitgawes aan wapen invoere spandeer. Teen 1984 is bykans 100 persent van dié uitgawes aan plaaslike wapenvervaardiging bestee.²¹

Ten spyte van isolasie weens sy beleid van apartheid, het Suid-Afrika daarin geslaag om sommige Westerse state, weens hulle vrees vir 'n kommunistiese aanslag teen Suid-Afrika, dikwels in stryd met die VN wapenverbod teen Suid-Afrika, te oorreed om Suid-Afrika met vervaardigingstechnologie vir sy wapennywerheid te help. Deur homself onomwonde as anti-kommunisties te verklaar het Suid-Afrika 'n beeld van 'n "bolwerk" teen die snelle dekolonialisering van Afrika, wat tot talle linkse nasionalistiese bewegings in sub-Sahara Afrika gelei het, aan die Weste voorgehou. Gretig in die stryd teen kommunisme, het Westerse state gemaklik gevoel met die idee om die wapenverbod te ignoreer en Suid-Afrika van groot hoeveelhede militêre toerusting en tegnologie te voorsien. Die VSA, Wes-

Duitsland, Frankryk, Brittanje en Israel het almal losse interpretasies van die wapenverbod uitgebuit en Suid-Afrika van tweedoelige toerusting wat nie spesifiek verbied is nie, voorsien. Verder het Westerse wapenvervaardigers Suid-Afrika deur middel van die swart mark van militêre hulp voorsien.²²

In 1968 is Krygkor, 'n organisasie wat spesifiek deur die Suid-Afrikaanse regering in die lewe geroep is om wapenvervaardiging in Suid-Afrika te behartig, gestig. In 1982 het Krygkor, ten spyte van die VN wapenverbod, met wapenuitvoere begin. Die waarde van uitvoere vir 1982 was 94 miljoen rand. Vanaf 1985 tot 1991 het die omset egter geweldig gestyg tot 'n gemiddelde van 661 miljoen rand per jaar.²³

Genoemde pogings van die VN het ten doel gehad om gedwonge wapenbeheer teen Suid-Afrika toe te pas, maar soos uit voorgaande duidelik is, was dié pogings nie baie suksesvol nie.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog, behalwe vir die pogings van die VN, ten opsigte van konvensionele wapens nie sprake van wapenbeheer of ontwapening deur Suid-Afrika nie. Suid-Afrika het intendeel 'n selfversorgende wapennywerheid ontwikkel wat hom in staat gestel het om vol te hou met genoemde gewapende konflikte.

Suid-Afrika se ontwikkeling van 'n chemiese en biologiese wapenvermoë gedurende die Koue Oorlog word vervolgens bespreek.

1.3 Suid-Afrika en chemiese en biologiese wapens gedurende die Koue Oorlog

Suid-Afrika is sedert 1930 'n party tot die Geneefse Protokol, ook die "Gasprotokol" genoem, wat in 1925 oopgestel is vir ondertekening. Die "Gasprotokol" verbied die gebruik van giftige gasse tydens oorlogvoering, sowel as bakteriologiese metodes van oorlogvoering. Suid-Afrika is ook sedert 1975 'n party tot die Biologiese Wapenkonvensie.²⁴

Suid-Afrika het, vóór enige Europese staat, gedurende die Tweede Wêreldoorlog chemiese stowwe vir wapens vervaardig. Die NCP Chloorkop chemiese aanleg in Gauteng het mosterdgas vir die geallieerde magte vervaardig.²⁵ Volgens Landgren was daar in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare sterk gerugte dat Suid-Afrikaanse magte chemiese wapens in Angola en in die noorde van Namibië teen Angolese en SWAPO troepe gebruik het. Verskeie chemiese stowwe, senuweegas, asook virusse en bakterieë vir gebruik in biologiese oorlogvoering is ook, volgens Landgren, in Suid-Afrika vervaardig.²⁶

Die Suid-Afrikaanse chemiese en biologiese wapenprogram, "Project Coast", is in die vroeë tagtigerjare begin omdat Suid-Afrika geglo het dat die Angolese regeringsmagte chemiese wapens in hulle konflik teen die Suid-Afrikaans gesteunde UNITA magte gebruik

het.²⁷ Volgens D Gerhardt, 'n vlootkommodoor, wat in 1983 vir spioenasie en hoogverraad gevonnissen is, was die Suid-Afrikaanse chemiese en biologiese wapenprogram van 'n baie selektiewe en defensiewe aard.²⁸

“Project Coast” is onder leiding van Dr Wouter Basson, Hoof van die Mediese Bataljon Groep in die Suid-Afrikaanse Mediese Dienste, in die vroeë tagtigerjare begin. Hierdie eenheid was deurlopend interaktief met die Suid-Afrikaanse Spesiale Magte, waarvan Basson 'n lid was. Daar was gedurende die tagtigerjare en selfs tot in die vroeë negentigerjare sterk gerugte dat hierdie eenheid by die gebruik van chemiese wapens in Angola en Mosambiek teen regeringsmagte betrokke was.²⁹

Die Suid-Afrikaanse Waarheid en Versoenings Kommissie (WVK) het gedurende Junie en Julie 1998 met verhore aangaande die Suid-Afrikaanse Chemiese en Biologiese Oorlog (CBO) program, (“Project Coast”) begin. Die Kommissie se ondersoek het reeds in 1996 begin met 'n hoogs geheime inligtingsessie deur ene M. Kennedy van die Nasionale Intelligensie Agentskap (NIA) en die Geneesheer-Generaal, Dr D. Knobel. Die teenwoordige persone moes almal sekerheidsgeklaar wees. Die kern van die inligtingsessie was dat Suid-Afrika wel oor 'n CBO vermoë in die verlede beskik het maar dat dit sedertdien reeds tot niet gemaak is.³⁰

Die program is deur middel van 'n aantal frontorganisasies bedryf en deur 'n sentrale liggaam, bestaande uit onder andere die Hoof van Staf van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Hoof van Staf Intelligensie, die Geneesheer-Generaal as projekbestuurder en Dr Basson as projekteier, beheer.³¹

Die WVK se ondersoek het met 'n enkele aansoek om amnestie, 'n aantal gekonfiskeerde dokumente wat oor die CBO program gehandel het en die CWK se navorsingsdepartement se dokumente begin. Nadat 'n aantal tromeels met dokumente oor die program in 1997 in Basson se besit gevind en gekonfiskeer is, het die ondersoek tot 'n omvattende blootlegging, gebaseer op meer as 150 dokumente, beëdigde verklarings, amnestie aansoeke en onderhoude gelei. Bewyse van navorsing met cholera, botulisme, en antraks, chemiese vergiftiging en grootskaalse vervaardiging van dwelms wat vermoedelik vir skarebeheer bedoel was, is onder die projekte van die program gevind. Verder is chemiese stowwe, giwwe en dodelike mikro-organismes vir gebruik teen individue vervaardig en gekweek en is wapens vir die aanwending daarvan vervaardig. Dr A. Immelman, hoofnavorsers by een van die frontlaboratoria het onder eed verklaar dat hy, op versoek van Basson, gifstowwe aan sekere individue moes voorsien. Items het antraks in sigarette, “botulinum” in melk en “paraoxon” in whisky ingesluit.³²

Dit is egter by herhaling deur betrokkenes gedurende die WVK verhoor beklemtoon dat die CBO program nooit bedoel was om 'n offensiewe program te wees nie en dat dit ook nie 'n offensiewe program was nie. Die projek is begin met die doel om Suid-Afrika van 'n

defensiewe vermoë te voorsien. Hierdeur is verstaan dat die nodige kundigheid beskikbaar moes wees om 'n chemiese of biologiese oorlogbedreiging van buite die staatsgrense te kan herken en daarop te kan reageer. Suid-Afrika moes ook oor die vermoë beskik om teenaanvalle te kan loods in geval chemiese of biologiese wapens teen Suid-Afrikaanse magte gebruik sou word.³³ President de Klerk het in 1993 opdrag gegee dat die oorblyfsels van chemiese en biologiese stowwe vernietig moes word.³⁴

Volgens voorgaande beskrywing van Suid-Afrika se betrokkenheid gedurende die Koue Oorlog by chemiese en biologiese wapenvervaardiging, het die feit dat Suid-Afrika al sedert 1975 'n party tot die Biologiese Wapenkonsensie is hom geensins verhinder om genoemde wapens gedurende die Koue Oorlog te vervaardig nie. Soos reeds genoem is Suid-Afrika reeds sedert 1930 ook 'n party tot die Geneefse Protokol. Soos aan die begin van hierdie hoofstuk gemeld is het Suid-Afrika selfs 'n kernwapenvermoë gedurende die Koue Oorlog ontwikkel.

1.4 Suid-Afrika en kernwapens gedurende die Koue Oorlog

Gedurende die laat tagtigerjare toe spanning tussen Suid-Afrika, Angola en SWAPO op sy hoogste was, het Suid-Afrika 'n konvensionele aanslag deur Kubaanse troepe, wat ten tye die Angolese regering in hulle stryd teen UNITA en Suid-Afrika gehelp het, gevrees. Om die bedreiging van 50 000 Kubaanse troepe op Suidwes-Afrika se grens die hoof te kon bied, het die Suid-Afrikaanse regering nie veel van 'n keuse gehad as om die Weste op een of ander wyse te oorreed om in te gryp in die konflik nie. Volgens verslae was Luanda, die Angolese hoofstad, ten tye as 'n uiterste maatreël, geteiken vir 'n kernaanval indien die Kubane Suidwes-Afrika sou inval. In reaksie hierop het die VSA en die Sowjet-Unie, Angola, Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gehelp om 'n onderhandelde skikking te bereik, wat gelei het tot die onttrekking van Suid-Afrikaanse en Kubaanse troepe vanuit die konflikgebied en die uiteindelijke vreedsame oplossing van die Suidwes-Afrika kwessie.³⁵

Wetenskaplike werk aan die lewensvatbaarheid van kernplofstowwe vir vreedsame aanwending het reeds in die sestigerjare in Suid-Afrika begin. Die vermoede wat in die sewentigerjare buite Suid-Afrika ontstaan het dat Suid-Afrika besig was om 'n kernvermoë te ontwikkel was dus nie heeltemal ongegrond nie. In 1977 het Suid-Afrika reeds 'n kerntoestel vir 'n "koue toets" {sonder die hoogs verrykte uraan (HVU) kern} gereed gehad. Die toestel sou in die Kalahari woestyn getoets word, maar die VSA en die Sowjet-Unie het Suid-Afrika oorreed om dit nie te doen nie nadat hulle vasgestel het dat Suid-Afrika die toets wou uitvoer.³⁶ Die Gedeeltelike Kerntoetsverbod (PTBT) wat in 1963 deur Suid-Afrika geratifiseer is, verbied nie ondergrondse toetse nie.³⁷

In 1978 is die eerste hoeveelheid HVU vervaardig, en in 1979 die eerste kerntoestel met 'n HVU kern.³⁸ In 1982 is die eerste aflewerbare toestel vervaardig en teen 1987 is die eerste produksiemodel vervaardig. Daarna is 'n totaal van ses kerntoestelle vervaardig en 'n sewende was onder konstruksie toe kernwapenvervaardiging in 1989 deur die Suid-Afrikaanse regering gestaak is.³⁹

Die aanleg vir die vervaardiging van HVU is in 1990 finaal gesluit en vanaf Julie 1990 tot Julie 1991 is die kerntoestelle vernietig en die verrykte uraan vir veilige bewaring deur Krygkor na die Atoomenergiekorporasie (AEK) oorgeplaas en het Suid-Afrika sodoende die eerste staat in die wêreld geword wat kernontwapening algeheel toegepas het.⁴⁰

In 1991 het Suid-Afrika die Kernsperverdrag onderteken en homself tot 'n omvattende veiligheidsooreenkoms met die IAEA verbind. Op 24 Maart 1993 het die destydse Staatspresident van Suid-Afrika, F W de Klerk tydens 'n toespraak in die Parlement dit amptelik wêreldkundig gemaak dat Suid-Afrika wel oor 'n kernwapenvermoë beskik het maar dit tot niet gemaak het.⁴¹

Ter verbetering van die effektiwiteit van sy konvensionele wapenarsenaal en met die oog op 'n afleweringstelsel vir kernwapens, was die ontwikkeling van 'n missielprogram 'n bykans outomatiese keuse in Suid-Afrika se wapenvervaardigingsproses. Vandaar dan ook die ontwikkeling van 'n missielvervaardigingsvermoë gedurende die Koue Oorlog.

1.5 Suid-Afrika en missielvervaardiging gedurende die Koue Oorlog

Die ontwikkelingsgeskiedenis van die eerste Suid-Afrikaans vervaardigde lug-tot-lug missiel het gestrek vanaf die eerste toetse in 1968 totdat die V3B Kukri in 1982 bekend gestel is. See-tot-see missieltegnologie is met die hulp van Israel in die vorm van die Skerpioen missiel vanaf 1978 bekom. Die enigste suksesvolle missielprojek van die sestigerjare was die Kaktus grond-tot-lug missiel wat deur middel van Suid-Afrikaanse finansiering deur Frankryk vervaardig is.⁴²

In 1964 is die Vuurpyl Navorsingsinstituut (VNI) gestig met die oog op navorsing en ontwikkeling in die missielveld. Volgens Prof A.J.A. Le Roux, ten tye vise-president van die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) van Suid-Afrika, was Suid-Afrika as gevolg van verwickelinge in Afrika verplig om betrokke te raak in die missielnywerheid. Die navorsing en vervaardiging van hierdie missiele sowel as meer gesofistikeerde tipes het voortgegaan tot in die tagtigerjare en daarna.⁴³

In die vroeë tagtigerjare was daar gerugte dat Suid-Afrika met die hulp van Israel en Taiwan 'n kernmissiel met 'n reikafstand van 2 400 kilometers vervaardig het.⁴⁴ Suid-Afrika het nie gedurende die Koue Oorlog 'n lid van die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR) geword nie.⁴⁵

Teen die einde van die Koue Oorlog het die Suid-Afrikaanse regering egter 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat verreikende gevolge sou hê en wat onder andere daartoe gelei het dat Suid-Afrika met 'n omvattende ontwapenings- en wapenbeheerproses begin het.

2. Die na-Koue Oorlogtydperk

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het na 1989 dramaties verander. Die einde van die Koue Oorlog en die verbokkeling van die Sowjet-Unie het 'n einde aan die wedywering in Suider-Afrika tussen die twee supermoondhede gebring. Dit het 'n belangrike bydrae gelewer tot die vreedsame oplossing van meeste van die substreek se historiese konflikte en het vir die betrokke state geleenthede geskep om militêre uitgawes te verminder en te begin om ontwapeningsmaatreëls in te stel. Dit het ook 'n invloed op Suid-Afrika se eksterne bedreigingspersepsie gehad wat tot dramatiese veranderinge in buitelandse beleid gelei het.⁴⁶ Dié veranderinge word vervolgens bespreek.

2.1 Die aanvang van ontwapening

Suid-Afrika het sy gewapende magte na 1989 aan Suidwes-Afrika (Namibië) en Angola onttrek en aanvullend hiertoe in 1991 met onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika ook tot 'n einde te bring. Terselfdertyd het Suid-Afrika sy ergste resessie sedert die dertigerjare beleef. As gevolg van begrotingbeperkings is die verdedigingsuitgawes na 1989 drasties verminder.⁴⁷ In 1989 was Suid-Afrika se verdedigingsuitgawes die hoogste in die geskiedenis, naamlik 20 000 miljoen rand. Vanaf 1990 het dit egter vinnig verminder tot ongeveer 10 250 miljoen rand in 1995.⁴⁸

Die verdedigingsbegroting se struktuur het ook drasties verander. Personeel en bedryfsuitgawes het verhoog ten koste van wapen/toerusting uitgawes sowel as uitgawes op navorsing en ontwikkeling. Personeelkoste het gestyg as gevolg van ontplooiing van die Weermag om die polisie te ondersteun as gevolg van 'n toename in politieke geweld net voor die algemene verkiesing in 1994 sowel as die integrasieproses en skepping van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) net na die verkiesing. 'n Aantal wapenprojekte is uitgestel wat onder andere veroorsaak het dat uitgawes op wapens en toerusting drasties verminder is.⁴⁹

Tesame met die vermindering in uitgawes is 'n aantal wapenbeheermaatreëls ingestel: die SANW is geherstruktureer en gerasionaliseer; verskeie eenhede is ontbind en basiese en installasies is afgeskaal. In 1993 is diensplig vir blanke mans beëindig en surplus

militêre toerusting is verkoop of vernietig. Krygkor is in 1992 in twee aparte organisasies verdeel. 'n Nuwe staatsbeheerde nywerheidsmaatskappy, Denel, is gestig en onder beheer van die Minister van Openbare Instellings geplaas. Denel het meeste van Krygkor se vervaardigings-, navorsing- en ontwikkelingsfasiliteite oorgeneem. Krygkor het deel van die Ministerie van Verdediging gebly en het die verantwoordelikheid van wapenverkryging vir die SANW behou.⁵⁰

Hierdie maatreëls het tot 'n groot mate gegaan met wetgewing, beleidsveranderinge en beheerliggame wat na die Koue Oorlog deur Suid-Afrika in werking gestel is en vervolgens bespreek word.

2.2 Suid-Afrika se beleid ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening

Die Suid-Afrikaanse regering is sedert die April 1994 demokratiese verkiesing verbind tot 'n beleid van nie-proliferasie, ontwapening en wapenbeheer wat alle wapens van grootskaalse vernietiging insluit en strek tot die regering se pogings om die proliferasie van konvensionele wapens (insluitende klein en ligte wapens) teë te werk.⁵¹ Op 17 Oktober 1994 tydens die nege-en-veertigste sitting van die Algemene Vergadering van die VN, het Suid-Afrika se verteenwoordiger onder andere die volgende verklaar: "South Africa's Government of National Unity has committed itself to a policy of non-proliferation and arms control which covers all the weapons of mass destruction and extends to our concerns about the proliferation of conventional weapons. To implement this policy South Africa is in the process of taking numerous substantive steps. It is our intention to be a responsible possessor of advanced technologies."⁵²

Volgens die Witskrif oor Verdediging van 1996 is Suid-Afrika se nuwe wapenbeheermaatreëls gebaseer op die Handves van die VN, internasionale wetgewing, erkende internasionale wapenbeheerstelsels en 'n balans van ekonomiese, etiese, politieke, militêre en veiligheidsoorwegings.⁵³

Volgens die Verdedigingsoorsig van 1998 is Suid-Afrika verbind tot die doelwitte van wapenbeheer en ontwapening op nasionale, streek- en internasionale vlakke. Soos later in hierdie hoofstuk bespreek sal word het Suid-Afrika onder andere 'n nuwe beleid aangaande die uitvoer van konvensionele wapens ingestel; 'n verbod op die vervaardiging en uitvoer van teen-personeelmyne geplaas; en ondersteun Suid-Afrika die internasionale verbod op die vervaardiging, gebruik en uitvoer van chemiese-, biologiese- en kernwapens en verwante tegnologieë.⁵⁴

Dit is 'n duidelik gestelde Suid-Afrikaanse standpunt om 'n verantwoordelike benadering tot internasionale handel in verdedigingsverwante produkte te volg. Suid-Afrika



ondersteun dus, volgens die regering, alle resolusies ten opsigte van deursigtigheid in wapens, streeksvertroueskepping, en nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en konvensionele wapens.⁵⁵

Die Suid-Afrikaanse regering se beheer van wapens en verwante toerusting word in ses areas op nasionale vlak toegepas. Elke area het 'n eie stel wetgewing en strukture. Die ses areas van owerheidsbeheer op nasionale vlak is: konvensionele wapens (twee areas); wapens van grootskaalse vernietiging en dubbeldoelige items; vuurwapens, ammunisie en traangas; plofstowwe; en kernverwante tegnologie.⁵⁶ Nasionale wapenbeheer wetgewing, beheerstrukture en verantwoordelikhede word in onderstaande tabel aangetoon.

Wetgewing	Beheer	Struktuur	Verantwoordelike Departement
Konvensionele Wapenbeheerwet; (Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens, 50/2000)	Konvensionele Wapens	Nasionale Konvensionele Wapenbeheer Komitee (NKWK); Direktoraat van Konvensionele Wapenbeheer (DKW)	Departement van Verdediging
Wapenontwikkeling en Vervaardiging Wet No 57 van 1968	Konvensionele Wapens	NKWK; DKW	Departement van Verdediging
Nie-Proliferasie Van Wapens van Grootskaalse vernietiging (Wet 87 van 1993)	Wapens van Grootskaalse vernietiging gebruiksitems	Nie-Proliferasie Raad	Departement van Handel en Nywerheid
Wet op Plofstowwe (No 26 van 1956)	Plofstowwe	Suid-Afrikaanse Polisie Diens (Inspektoraat van Plofstowwe)	Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit
Wet op Vuurwapens en Ammunisie (No 75 van 1969); (Wetsontwerp op die Beheer van Vuurwapens, (B34D-2000)	(Kommersiële en Militêre aanwending)	Suid-Afrikaanse Polisie Diens (Sentrale Wapen Register)	Ministerie van Veiligheid en Sekuriteit
Wet op Traangas (No 16 van 1964)	Kommersiële Wapens en Ammunisie		
Wet op Kern Energie (1993)	Kernmateriaal en verwante Tegnologie	Kernenergiekorporasie (KEK) (voorheen AEK)	Dept van Mineraal en Energiesake

Bron: RSA: White Paper on South African Defence Related Industries, Chapter Six, 1999, p4.

Benewens hierdie wetgewing is Suid-Afrika ook tot 'n groot aantal multilaterale ooreenkomste, sowel as unilaterale aksies wat, soos later uit hierdie hoofstuk sal blyk, op wapenbeheer en ontwapening betrekking het, verbind. Daar word vervolgens oorgegaan tot die bespreking van die multilaterale wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste waarvan Suid-Afrika teen die einde van die Koue Oorlog en daarna 'n party geword het.

2.3 Suid-Afrika se benadering tot die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging

Veranderinge in die veiligheidsomgewing in die laat tagtigerjare het 'n belangrike rol in Suid-Afrika se besluit om te “ontkern” gespeel. Na die ineenstorting van die Sowjet-Unie; die onafhanklikwording van Namibië; die beëindiging van vyandighede in Angola; en die terugtrekking van die Kubaanse troepe in Angola, was daar 'n opmerkbare verandering in die veiligheidsituasie in Suider-Afrika, wat veroorsaak het dat vanuit Suid-Afrika se oogpunt gesien, kernafskrikking onnodig geword het. Toe F W de Klerk in 1989 as Staatspresident van Suid-Afrika gekies is, het hy dadelik met 'n program, wat gemik was op die normalisering van Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge, begin. In November 1989 het 'n spesiale komitee van ondersoek aanbeveel dat Suid-Afrika se kernwapenprogram beëindig word, 'n besluit wat deur de Klerk goedgekeur is. Suid-Afrika het die Kernsperverdrag van 1968 in Julie 1991 onderteken. Die ooreenkoms met die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA) oor veiligheidsvoorsorgmaatreëls het op 16 September 1991 in werking getree. In 'n poging om nie-proliferasie pogings in die laaste paar jaar van die de Klerk regering te verskerp is streng maatreëls ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging en hul afleweringstelsels ingestel. Op 23 Junie 1993 het de Klerk die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging, onderteken. Dié wet verbied Suid-Afrikaanse burgers om op enige wyse by enige program wat daarop gemik is om wapens van grootskaalse vernietiging of hul afleweringstelsels te bekom betrokke te raak.⁵⁷ Dié Wet omskryf 'n aantal van die belangrikste terme soos volg:⁵⁸

- “wapen van grootskaalse vernietiging - enige wapen wat ontwerp is om deur die effekte van 'n kernontploffing of die toksiese eienskappe van 'n chemiese oorlogvoering-reagens of die besmetlike of toksiese eienskappe van 'n biologiese oorlogvoering-reagens, mense, diere of plante dood te maak, of te beseer, of te besmet, en ook 'n afleweringstelsel wat uitsluitlik ontwerp, aangepas of bedoel is om sodanige wapens af te lewer”.
- “afleweringstelsel – enige vuurpyl, ballistiese missielstelsel, ruimtelanseertuig, sondeervuurpyl of onbemande lugvaartuig, met inbegrip van 'n kruisermisiel, afstandbeheerde teikenvliegtuig of afstandbeheerde verkenningsvliegtuig, wat in staat is om 'n loonvrag van minstens 500 kilogram oor 'n afstand van minstens 300 kilometer af te lewer”.

Sesdert die verkiesing in April 1994 van 'n demokratiese regering van nasionale eenheid vir Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse regering hom verbind tot 'n beleid van die bevordering

van globale vrede en veiligheid deur die eliminerings- en nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Sulke wapens word gewoonlik as kern-, chemiese- en biologiese wapens geklassifiseer. Ten einde 'n beleid van nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging te implementeer, het die Suid-Afrikaanse Kabinet op 31 Augustus 1994 'n voorstel van die Minister van Buitelandse Sake aanvaar dat Suid-Afrika 'n aktiewe deelnemer in die verskillende nie-proliferasie regimes en verskaffergroepe behoort te wees; in die openbaar die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging, met die doel om internasionale vrede en veiligheid te bevorder, moes ondersteun; sy posisie as lid van die verskaffersregimes en die OB vir die bevordering van nie-proliferasie moes gebruik; en te verseker dat beheermaatreëls nie ontwikkelende state se toegang tot gevorderde tegnologieë vir vreedsame doeleindes en ontwikkelingsbehoefte sou belemmer nie.⁵⁹

Suid-Afrika se betrokkenheid by multilaterale ooreenkomste ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging word vervolgens in oënskyn geneem.

2.3.1 Die Kernsperverdrag

As 'n staat wat oor gevorderde kerntegnologie beskik, deel Suid-Afrika die internasionale gemeenskap se kommer oor die proliferasie van kernwapens en onderskryf Suid-Afrika die konsep van 'n internasionale kernwapenvrye wêreld. Bewys van Suid-Afrika se erns ten opsigte van hierdie saak is die vernietiging van Suid-Afrika se kernwapens gedurende 1990 tot 1991 en Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsperverdrag in Julie 1991.⁶⁰

Suid-Afrika het tydens die hersieningskonferensie van die Kernsperverdrag wat in 1995 gehou is, 'n sentrale rol gespeel. Die VSA wat namens die verklaarde kernwapenstate opgetree het, het druk op Suid-Afrika geplaas om ondersteuning om 'n onbeperkte verlenging van die Kernsperverdrag deur die konferensie aanvaar te verkry. Aan die ander kant wou die nie-kernwapenstate, waarvan die meeste saam met Suid-Afrika lidstate van die OB is, Suid-Afrika se steun hê vir die verlenging van die Kernsperverdrag vir 'n vasgestelde tydperk. Hulle wou druk op die kernwapenstate volhou vir 'n groter verbintenis tot kernontwapening en die beskikbaarstelling van nie-kernwapentegnologie.⁶¹

Weens die feit dat Suid-Afrika hom op daardie stadium in die unieke posisie bevind het dat hy die enigste staat ter wêreld was wat kernwapens besit het en toe geheel en al ontwapen het, kon Suid-Afrika se afgevaardigdes met gesag oor albei kante van die saak praat. Onder leiding van die Minister van Buitelandse Sake het die Suid-Afrikaanse afvaardiging dan ook 'n belangrike bydrae gelewer sodat daar uiteindelik 'n kompromis tussen die twee partye, naamlik die kernwapenstate en die nie-kernwapenstate, bereik kon word. Suid-Afrika het met die kernwapenstate saamgestem vir 'n onbeperkte verlenging van die Kernsperverdrag, maar terselfdetyd druk op hulle geplaas om hulle verbintenis tot

artikel VI van die Kernsperverdrag na te kom. Artikel VI lees soos volg: “Each of the Parties to the Treaty undertakes to pursue negotiations in good faith on effective measures relating to cessation of the nuclear arms race at an early date and to nuclear disarmament, and on a treaty on general and complete disarmament under strict and effective international control”.⁶²

Die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake het onder andere in sy toespraak by die konferensie aanbeveel dat die volgende beginsels vir kern nie-proliferasie en ontwapening in ag geneem word by die hersiening van die Kernsperverdrag:⁶³

- (a) Hernude verbintenis tot die nie-proliferasie van kernwapens;
- (b) versterking van IAEA veiligheidsmaatreëls en volle samewerking ten opsigte van ooreenkomste in dié verband;
- (c) toegang tot kernmateriaal en tegnologie vir vreedsame aanwending;
- (d) vordering met onderhandelinge oor ‘n “Afsnykonvensie”;
- (e) vordering in die vermindering van kernwapenarsenale;
- (f) vordering in onderhandelinge vir ‘n omvattende kerntoetsverbodkonvensie;
- (g) verbintenis tot die instelling van streek kernwapenvrye sones; en
- (h) toepassing van bindende veiligheidsversekerings vir nie-kernwapenstate.

Al hierdie beginsels is deel van die ooreenkoms wat in 1995 bereik is om die geldigheid van die Kernsperverdrag vir ‘n onbepaalde tydperk te verleng,⁶⁴

2.3.2 Die Internasionale Atoom Energie Agentskap (IAEA)

Suid-Afrika was ‘n stigterslid van die IAEA toe dit in 1957 deur die VN gestig is. As die mees gevorderde staat op die gebied van kerntegnologie in Afrika het Suid-Afrika tot 1977 ook sitting op die agentskap se beleidmakende raad gehad. In 1995 is Suid-Afrika weer, verteenwoordigend van Afrika, tot dié raad toegelaat. In ooreenstemming met die Wet op Kernenergie van 1993 is die Kernenergiekorporasie (KEK) in Suid-Afrika verantwoordelik vir die implementering van die veiligheidsvoorsorgmaatreëls soos ooreengekom met die IAEA, en soos deur die Kernsperverdrag vereis.⁶⁵ Dié ooreenkoms met die IAEA het op 16 September 1991 in werking getree.⁶⁶

2.3.3 Die Omvattende Kerntoetsverbod (CTBT)

Die primêre onderhandelinge oor ‘n Omvattende Kerntoetsverbod het binne die VN se Konferensie vir Ontwapening (KO) gedurende 1994, 1995 en 1996 plaasgevind. Die doel van die Verdrag is dat die internasionale gemeenskap die wêreld van kernwapentoeuse wil

bevry. Suid-Afrika het aktief deelgeneem aan die onderhandelinge met die oog op die sluiting van die Verdrag. Soos reeds genoem was een van Suid-Afrika se aanbevelings by die konferensie vir die hersiening en verlenging van die geldigheid van die Kernsperverdrag dat 'n omvattende kerntoetsverbod so gou doenlik ingestel moes word. Suid-Afrika se verteenwoordiger was die voorsitter by die eerste vergadering van die voorbereidende kommissie van die "Comprehensive Test Ban Treaty Organisation" (CTBTO). Suid-Afrika het die Verdrag op 24 September 1996 onderteken en dit op 30 Maart 1999 geratifiseer.⁶⁷ Die Verdrag maak voorsiening vir drie moniteringstasies op Suid-Afrikaanse grondgebied, naamlik te Boshoff, Sutherland, Marion Eiland en een by die Suidpool.⁶⁸

2.3.4 Die Afrika Kernwapenvrye Sone Verdrag (Pelindaba Verdrag)

Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsperverdrag in 1991 en sy algehele kernontwapening wat dit vooraf gegaan het, het die weg gebaan vir die sluiting van 'n verdrag wat Afrika 'n kernwapenvrye gebied sou maak. Suid-Afrika se deelname aan die samesprekings om die Pelindaba Verdrag 'n werklikheid te maak het reeds in 1993 begin. Die Verdrag is dan ook die eerste grootskaalse samewerkingsverdrag wat tussen post-apartheid Suid-Afrika en die res van die streek gesluit is.⁶⁹

Suid-Afrika het gedurende 1994 by die Algemene Vergadering van die VN resolusies vir die skepping van globale kernwapenvrye sones, insluitende 'n kernwapenvrye sone vir Afrika, ondersteun. Opvolgend op die hersienings- en verlengingskonferensie vir die Kernsperverdrag is daar in Mei-Junie 1995 'n vergadering van OAE/VN deskundiges gehou om 'n kernwapenvrye sone verdrag vir Afrika saam te stel. Suid-Afrika was deur sy verteenwoordiger by die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO) in Genève in die groep van deskundiges verteenwoordig. Hierdie groep van deskundiges het die konsepverdrag artikelgewys, tesame met kommentaar wat deur lidstate ingedien is, oorweeg. Die konsep is deur die deskundiges aanvaar; deur die OAE onderskryf;⁷⁰ en op 11 April 1996 vir ondertekening beskikbaar gestel.⁷¹ Suid-Afrika het die Pelindaba Verdrag, soos dit algemeen bekend staan, op 27 Maart 1998 geratifiseer.⁷²

Volgens artikel 12 en 13 van die Pelindaba Verdrag het die partye besluit dat 'n kommissie, naamlik die "African Commission on Nuclear Energy" (ACNE) gestig moes word om te verifieer dat die partye tot die Verdrag wel die bepalings van die Verdrag nakom. Volgens die OAE resolusie oor die implementering van die Verdrag sal die hoofkwartier van ACNE in Suid-Afrika wees.⁷³

2.3.5 Kern- en tweeledige gebruik uitvoerbeheer

As deel van die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis om Suid-Afrika se beeld as 'n verantwoordelike besitter en invoerder/uitvoerder van kern- en tweeledige gebruik kernmateriaal en tegnologie te bevorder, het Suid-Afrika in 1993 lid van die Zangger Komitee (ZK) en in 1995 lid van die Kernverskaffersgroep (KVG) geword.⁷⁴

Die Zangger Komitee, wat 'n multilaterale organisasie is, definieer en monitor die handel in goedere en toerusting wat spesifiek vir kerngebruik ontwerp is. Die Minister van Mineraal en Energie Sake in Suid-Afrika oefen, in samewerking met die Kernenergie-korporasie beheer uit oor die uitvoer van Zangger Komitee tipe items.⁷⁵

Die KVG is ook 'n multilaterale organisasie wat hulle beywer vir uitvoerbeheer oor kernverwante tweeledige gebruik toerusting, materiaal en tegnologie. Die KVG beheer kernmateriaal, toerusting en tegnologie (deel een) en kernverwante tweeledige gebruik items (deel twee). In Suid-Afrika word KVG beheermaatreëls vir "deel een" tipe items deur die Minister van Mineraal en Energie Sake in samewerking met die Kernenergiekorporasie toegepas. Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootsekaalse Vernietiging pas KVG beheermaatreëls toe op die uitvoer van "deel twee" tweeledige gebruik tipe items.⁷⁶

2.4 Chemiese en biologiese wapens

Soos reeds gemeld het Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare die vermoë om chemiese en biologiese wapens te vervaardig ontwikkel.

Met 'n geheime interne ondersoek wat deur Luitenant-Generaal P. Steyn, in opdrag van die staatspresident na die lojaliteit van die Suid-Afrikaanse gewapende magte gedoen is, het Steyn in sy verslag aan die president beweer dat Basson se Sewende Mediese Bataljon, besig was met 'n biologiese oorlogvoeringprogram. Op 31 Maart 1993 het die Klerk opdrag gegee dat "Project Coast" onmiddellik gestaak word.⁷⁷ Suid-Afrika se betrokkenheid by die BTWK en die CWK word vervolgens bespreek.

2.4.1 Die BTWK

Soos reeds genoem is Suid-Afrika al sedert 1975 'n party tot die BTWK. Suid-Afrikaanse deskundiges neem sedert 1991 reeds deel aan vergaderings van die BTWK om 'n verifikasieprosedure vir die Konvensie saam te stel. Suid-Afrika is ook sedert 1994 'n aktiewe deelnemer in onderhandelinge van 'n *ad hoc* groep van die partye tot die Konvensie

om 'n verifikasie prosedure saam te stel. Die werk wat deur die *ad hoc* groep gedoen word en die vlak waarop Suid-Afrika daaraan deelneem het Suid-Afrika as een van die primêre deelnemers aan die onderhandelinge gevestig.⁷⁸

Suid-Afrika neem jaarliks op 'n vrywillige basis deel aan die uitruil van inligting en data oor biologiese vermoëns en fasiliteite ooreenkomstig 'n gestandaardiseerde prosedure soos ooreengekom in die Algemene Vergadering van die VN. Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Groot skaalse Vernietiging reguleer die implementering van die Konvensie in Suid-Afrika. Die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Groot skaalse Vernietiging van 1993 gee hulle die mandaat daartoe.⁷⁹

2.4.2 Die CWK

Op 13 September 1995 het Suid-Afrika die CWK geratifiseer. Die Konvensie het op 29 April 1997 in werking getree, en word wettiglik ingevolge Wet 87 van 1993 in Suid-Afrika deur die Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Groot skaalse Vernietiging toegepas.⁸⁰ Die CWK bepaal dat state op 'n gereelde grondslag verklarings moet maak oor spesifieke militêre- en nywerheidsaktiwiteite, insluitende onlustebeheer, in die chemiese veld. Die verklarings word geverifieer deur op-terrein inspeksies deur inspeksiespanne vanaf die hoofkwartier van die "Organisation for the Prohibition of Chemical Weapons" (OPCW) in Den Haag. Hierdie organisasie administreer die CWK.⁸¹ Die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Groot skaalse Vernietiging sien ingevolge Wet No 87 van 1993 toe dat die bepalings van die Konvensie in Suid-Afrika nagekom word.

Weens die feit dat Suid-Afrika 'n groot chemiese nywerheid het is Suid-Afrika een van nege Afrikastate wat lid is van die uitvoerende raad van die OPCW. Suid-Afrika se afgevaardigde was die voorsitter van die voorbereidende kommissie van die OPCW vir die periode Augustus 1995 tot Februarie 1996. Gedurende hierdie tyd het die Suid-Afrikaanse ambassadeur by Den Haag afvaardigings na die VSA en die Russiese Federasie, as die grootste verklaarde besitters van chemiese wapens, gelei om hulle te oorreed om die Konvensie te ratifiseer.⁸² Albei hierdie state het die CWK in 1997 geratifiseer.⁸³

Die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake het gedurende September 1994 'n suksesvolle seminaar te Pretoria gereël vir die nasionale implementering van die CWK. Die seminaar was die eerste van sy soort in Afrika en is deur 120 afgevaardigdes, waaronder afgevaardigdes van 38 Afrikastate wat die Konvensie tot op daardie stadium onderteken het, bygewoon. Die doel van die seminaar was om verteenwoordigers van Afrikastate van 'n forum te voorsien waar op 'n informele wyse standpunte oor voorbereidings vir die inwerkingtreding van die Konvensie uitgeruil kan word sowel as om 'n beter begrip van die vereistes vir die implementering van die Konvensie op nasionale vlak te

verkry. Suid-Afrika het ook aktief deelgeneem aan twee soortgelyke seminare wat sedertdien gehou is.⁸⁴

Soos reeds genoem is die Australië Groep 'n groep state wat probeer om op 'n informele wyse beheer uit te oefen oor die proliferasie van chemiese en biologiese stowwe wat vir die vervaardiging van chemiese en biologiese wapens gebruik kan word. Alhoewel Suid-Afrika nie 'n lid van die groep is nie is Suid-Afrika nogtans bereid om Australië Groep tipe beheer uit te oefen oor die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwe wat vir genoemde wapenvervaardiging gebruik kan word maar nie deur die CWK of die BTWK se bepalings gedek word nie.⁸⁵

2.5 Suid-Afrika en die Missieltegnologie Beheerregime (MTBR)

Soos reeds gemeld was daar in die laat tagtigerjare sterk gerugte dat Suid-Afrika met hulp van Israel 'n ballistiese missiel vermoë ontwikkel het. Volgens Allbright het 'n behoefte by die Suid-Afrikaanse regering ontstaan vir 'n missiel met 'n reikafstand van 3 000 kilometers. Krygkor se ballistiese missielvermoë is toe in samewerking met Israel ontwikkel. Die twee state het intensief op dié gebied saamgewerk. Hierdie samewerkingspoging het in 1992 tot 'n einde gekom en in 1993 is Suid-Afrika se ballistiese missiel bedrywighede gestaak en is die tegnologie na 'n ruimte lanseringsprogram gekanaliseer.⁸⁶

Die MTBR is 'n multilaterale organisasie wat in 1987 gestig is met die doel om die proliferasie van afleweringstelsels vir wapens van grootskaalse vernietiging te probeer verhoed. Die MTBR het riglyne vir sensitiewe missielverwante oorplasings tussen state saamgestel. Hierdie riglyne is in 1993 uitgebrei om alle ballistiese- en kruisermissiele wat vir die aflewering van wapens van grootskaalse vernietiging gebruik kan word, in te sluit.⁸⁷

Suid-Afrika se gevorderde wapennywerheid het missieltegnologieë ontwikkel wat ook vir die ontwikkeling van ballistiese missiele gebruik kan word. In die lig van Suid-Afrika se ondersteuning van die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging maak die Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging voorsiening vir beheer oor die beweging van toerusting en tegnologieë wat gebruik kan word vir die vervaardiging van afleweringstelsels vir wapens van grootskaalse vernietiging.⁸⁸

Op 3 Oktober 1994 het Suid-Afrika en die VSA 'n bilaterale missielverwante invoer/uitvoer ooreenkoms wat Suid-Afrika se verbintenis tot die MTBR verpligtinge bevestig het, onderteken. Die ooreenkoms tussen die VSA en Suid-Afrika het verder bepaal dat Suid-Afrika lanseerstelsels om satelliete in die buitenste ruimte te plaas mag invoer, in ruil vir 'n onderneming deur Suid-Afrika om sy eie ruimte lanseringsnavorsingsprogram te staak.⁸⁹



Suid-Afrika het op 13 September 1995 lid van die MTBR geword. MTBR beheermaatreëls word in Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootskaalse Vernietiging geïmplementeer.⁹⁰

Soos reeds gemeld was Suid-Afrika gedurende die Koue Oorlog tot 'n groot mate selfversorgend ten opsigte van konvensionele wapens. Die beleid ten opsigte van konvensionele wapens is egter na die Koue Oorlog tot 'n groot mate by die veranderde omstandighede aangepas. Dit word vervolgens bespreek.

2.6 Konvensionele wapens

Die Suid-Afrikaanse regering het die beleid ten opsigte van beheer oor konvensionele wapens aansienlik aangepas by die veranderde politieke omgewing wat na die Koue Oorlog in Suid-Afrika, veral na die 1994 demokratiese verkiesing, ingetree het, soos vervolgens bespreek word.

2.6.1 Verbintenis deur die Suid-Afrikaanse regering tot konvensionele wapenbeheer

Ten einde 'n internasionaal-aanvaarbare en verantwoordelike benadering tot konvensionele wapenbeheer te handhaaf en te verseker verbind die Suid-Afrikaanse regering homself tot die volgende beginsels:⁹¹

- (a) Ooreenkomstig die Handves van die VN huldig die regering die sienswyse dat 'n vermindering in wêreldwye militêre uitgawes 'n positiewe uitwerking op die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die mensdom kan hê.
- (b) Alle soewereine state het, volgens die Handves van die VN, die reg tot selfverdediging.
- (c) Dit moet verseker word dat wapens wat van een staat na 'n ander oorgeplaas word nie vir die skending van die doelstellings van die Handves van die VN gebruik word nie.
- (d) Oormatige en destabiliserende konvensionele wapenvermeerdering bedreig nasionale, streek-, en internasionale vrede en veiligheid. Wapenverkope aan state in streke waar oorloë gereeld ontstaan moet op 'n deurlopende basis geëvalueer en hersien word om die moontlike eskalاسie van streekskonflikte te beperk.
- (e) Die noodsaaklikheid van effektiewe nasionale meganismes om die oorplasing van konvensionele wapens en verwante tegnologieë te beheer.
- (f) Die regering ondersteun die VN se Register van Konvensionele Wapens en is verbind tot die verskaffing van die nodige data en inligting vir die Register, soos deur die VN verlang.

Suid-Afrika het in 1994 besluit om inligting ten opsigte van in- en uitvoere van sekere kategorieë wapens vir opname in die VN se Register van Konvensionele Wapens beskikbaar te stel. Die doelstellings van die Register is die instandhouding van internasionale vrede en veiligheid; die inherente reg van state tot selfverdediging; redelike maar effektiewe instandhouding van streekveiligheid, vrede en stabiliteit; onverminderde vlakke van veiligheid aan alle state teen die laagste moontlike vlakke van wapens; en die noodsaaklikheid van behoorlike beheer met wapenoorplasings wat gebaseer is op legitieme behoeftes vir die veiligheid van lidstate.⁹²

Suid-Afrika het verslae vir die VN se Register van Konvensionele Wapens jaarliks vanaf 1994 tot 2000 ten opsigte van wapenuitvoere ingedien. Ten opsigte van invoere toon die verslag vir elk van genoemde jare, dat daar geen invoere was nie.⁹³

In 1999 het Suid-Afrika egter kontrakte vir die aankoop van konvensionele wapens ten bedrae van 29.99 miljard rand geteken.⁹⁴ Die opleidingsvegvliegtuie, vegvliegtuie, helikopters, patrolliebote en duikbote wat deur middel van die kontrakte verskaf gaan word, word hoofsaaklik benodig om ou uitgediende oorlogtuie te vervang.⁹⁵ As 'n teenprestasie het buitelandse maatskappye wat die wapentuig moet verskaf onderneem om beleggings; kontrakte aan Suid-Afrikaanse firmas; en teenaankope ten bedrae van 104 miljard rand in Suid-Afrika te maak, wat die potensiaal vir die skepping van werkgeleenthede in Suid-Afrika inhou. Hierdie teenbeleggingsprogramme mag egter so lank as 10-15 jaar neem om te realiseer.⁹⁶ Suid-Afrika het ook 'n opsie om 12 van die 24 Hawk opleidingsvegvliegtuie se bestelling teen 2002 te kanselleer sowel as om 19 van die 28 Gripen vegvliegtuie se bestelling teen 2004 te kanselleer.⁹⁷ As gevolg van inflasie het die koste van die wapens reeds tot 37.5 miljard rand gestyg en word daar bespiegel dat die transaksie uiteindelik soveel as 50 miljard rand kan kos.⁹⁸

2.6.2 Die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens (NKBKW)

Die Suid-Afrikaanse Kabinet het in 1995 die aanstelling van die NKBKW goedgekeur. 'n Stel riglyne en kriteria wat verseker dat wapenhandel en oorplasings volgens internasionaal aanvaarbare norme geskied is terselfdertyd vir die NKBKW neergelê. Die organisatoriese struktuur wat deur die Kabinet geskep is, bestaan uit die volgende vier vlakke.⁹⁹

- (a) 'n Vlak om permitaansoeke te prosessee. Die Direkoraat van Konvensionele wapenbeheer is hierby betrokke.

- (b) 'n Multidepartementele vlak om aansoeke volgens neergelegde kriteria te hersien en aanbevelings daarvoor te maak.
- (c) Op die derde vlak is daar 'n Komitee, bestaande uit die Direkteurs-Generaal van die Departemente van Buitelandse Sake, Suid-Afrikaanse Geheime Diens, en die Departement van Handel en Nywerheid, sowel as die Sekretaris van Verdediging. Hierdie komitee gaan weer eens die permitaansoeke na en doen dan aanbevelings aan die NKBKW.
- (d) Die vierde en laaste vlak van politieke beheer is die NKBKW wat uit verskeie ministers en adjunk-ministers bestaan, met 'n voorsitter wat geen lynfunksie in die wapennywerheid verrig of by uitvoere betrokke is nie. Hierdie komitee wat deur die Kabinet goedgekeur is neem die uiteindelige besluit en die Minister van Verdediging reik die permitte ingevolge die wet op Wapen Ontwikkeling en Vervaardiging, No 57 van 1968, soos gewysig, uit.

Volgens die Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens (W50—2000) wat in Julie 2000 in die Staatskoerant gepubliseer is, is die NKBKW tans saamgestel uit Ministers, of Ministers en Adjunkministers asook ander persone wat nodig mag wees, soos deur die President aangestel. Die Komitee kan subkomitees instel wat werksaamhede moet verrig soos deur die Komitee gelas. Die take wat uit die Komitee of 'n subkomitee se werksaamhede voortvloei moet deur 'n sekretariaat bestaande uit administratiewe personeel en inspekteurs van die Verdedigingsekretariaat verrig word. Die Minister van Verdediging stel hierdie personeel in oorleg met die Sekretaris van Verdediging aan.¹⁰⁰

Geen persoon mag enige konvensionele wapens invoer, uitvoer, heruitvoer, vervoer, vervaardig, bemark of verhandel, of 'n diens lewer wat betrekking het op konvensionele wapens nie, tensy daardie persoon in besit is van 'n geldige permit wat hom magtig om dit te doen. Die Minister van Verdediging kan, met instemming van die Komitee, 'n permit uitreik of weier om magtiging te verleen.¹⁰¹

Ten opsigte van ontvangerstate sal die volgende aspekte in aanmerking geneem word deur Suid-Afrika voordat wapens aan state verskaf word:¹⁰²

- (a) Of die betrokke staat se regering respek vir menseregte en basiese vryhede toon.
- (b) 'n Evaluasie van die ontvangerstaat ten opsigte van die VN se Universele Verklaring van Menseregte en die Afrika Handves van Menseregte. Spesiale aandag sal aan gevalle waar politieke, maatskaplike, kulturele godsdienstige en wetlike regte ernstig deur staatsowerhede geskend word, gegee word.
- (c) Die interne situasie in die ontvangerstaat en in die streek in die lig van bestaande spanninge en gewapende konflikte.

- (d) Die spesifieke staat se rekord van nakoming met betrekking tot internasionale ooreenkomste en verdrae.
- (e) Die aard en koste van die wapens wat oorgeplaas moet word in verhouding tot omstandighede in die ontvangerstaat ten opsigte van legitieme veiligheids- en verdedigingsbehoefte, en die doel van die minimum aanwending van menslike en ekonomiese hulpbronne vir wapens.
- (f) Die mate waartoe wapenverkope tot voordeel van Suid-Afrika se nasionale en buitelandse belange is.

Wapenverkope en –verskaffing sal vermy word in gevalle waar:¹⁰³

- (a) Wapens vir die skending en onderdrukking van menseregte en basiese vryhede aangewend word;
- (b) Suid-Afrika se verbintenisse ten opsigte van VN wapenembargo's en ander wapenbeheerooreenkomste daardeur teëgewerk word;
- (c) vrede bedreig word; streekonstabiliteit veroorsaak word; of waar die militêre balans negatief beïnvloed word deur wapenverskaffing;
- (d) wapens binne die ontvangerstaat aangewend word of heruitgevoer word vir doeleindes wat in stryd met Suid-Afrikaanse beleid is;
- (e) wapenverskaffing 'n negatiewe invloed op Suid-Afrika se diplomatieke en handelsbetrekkinge met ander state kan hê;
- (f) wapenverskaffing terrorisme aanmoedig of ondersteun;
- (g) wapens vir ander doeleindes as legitieme verdedigings- en veiligheidsbehoefte aangewend word; en
- (h) wapenverskaffing tot die eskalاسie van streekkonflikte kan bydra.

Ten spyte van hierdie verbintenisse het Suid-Afrika na bewering gedurende die laat negentigerjare wapens na state met swak menseregte rekords soos Saoedi-Arabië en Algerië uitgevoer.¹⁰⁴ Suid-Afrika het net voor die begin van die burgeroorlog in die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK) gedurende 1997 en 1998 wapens en toerusting na state soos Namibië, Zimbabwe, Angola, Oeganda en Rwanda, wat betrokke is by die konflikte, uitgevoer.¹⁰⁵ Ten spyte van duidelike bewyse van grootskaalse skending van menseregte en onstabiliteit in Oeganda en Rwanda het Suid-Afrika in 1997, volgens "Human Rights Watch", wapens ter waarde van R 18 miljoen aan hierdie state verskaf, en in 1998 wapens ter waarde van R 17 miljoen aan Rwanda.¹⁰⁶ Die wapens was sensitief van aard.

2.6.3 Suid-Afrika en die Onmenslike Wapenkonvensie

Soos reeds vroeër beskryf is die Onmenslike Wapenkonvensie 'n multilaterale konvensie wat die volgende vier protokolle insluit:

- (a) Protokol I aangaande nie-waarneembare fragmente.
- (b) Protokol II wat die gebruik van landmyne, fopmyne en ander soortgelyke toestelle verbied of die gebruik daarvan beperk.
- (c) Protokol III wat brandbomme en soortgelyke wapens wat ergere brandwonde kan veroorsaak verbied of beperk.
- (d) Protokol IV wat laserwapens wat permanente blindheid kan veroorsaak verbied.

Die Konvensie het in 1983 van krag geword en 84 state het dit reeds geratifiseer. Protokol II is in 1996 aangepas om interne konflikte in te sluit en is terselfdertyd strenger gemaak om groter onderskeid tussen burgerlike en militêre doelwitte te tref en voorafwaarskuwings moet gegee word van fopmyne, landmyne en soortgelyke toestelle in 'n oorlogsgebied. Protokol IV is 'n nuwe protokol wat in 1995 by die ander drie gevoeg is. Suid-Afrika het op 13 September 1995 'n party tot die Konvensie (Protokolle I, II en III) geword, en op 26 Junie 1998 is Suid-Afrika se verklaring van verbintenis tot die gewysigde Protokol II en Protokol IV by die VN ingehandig.¹⁰⁷

2.6.4 Suid-Afrika en teen-personeelmyne

Soos vroeër gemeld is Afrika een van die streke wat die meeste onder die onoordeelkundige gebruik van teen-personeelmyne ly. Hierdie uiters gevaarlike wapens het 'n vernietigende effek op die burgerlike samelewing nadat konflikte beëindig is en plaas geweldige beperkings op pogings tot heropbou en ontwikkeling in veral buitestedelike gebiede. In Suider-Afrika is die landmynprobleem in Angola en Mosambiek veral geweldig akueel.¹⁰⁸

Die belangrikste aspekte wat dringende aandag nodig het is om die miljoene geplante teen-personeelmyne te vind en dit onskadelik te maak, en tweedens om te poog om 'n algehele wêreldwye verbod op die gebruik van teen-personeelmyne ingestel te kry. Suid-Afrika wat erken word as 'n staat wat oor gevorderde ontmyningstechnologie beskik, het reeds bilateraal en deur die VN aan ander state soos Mosambiek en Angola hulp met die oplossing van hulle landmynprobleme aangebied.¹⁰⁹

In 1994 het die vorige Suid-Afrikaanse regering, in ooreenstemming met 'n VN resoluëie, 'n moratorium op die bemarking, uitvoer, en transito vervoer van alle tipes landmyne geplaas. In 1996 het Suid-Afrika 'n verbod op die uitvoer van alle tipes landmyne geplaas. Die Suid-Afrikaanse Kabinet het verder op 19 Februarie 1997, met onmiddellike

effek, 'n verbod op die gebruik, ontwikkeling, vervaardiging en opberging van teen-personeelmyne geplaas. Op 18 September 1997 het die Oslo Diplomatieke Konferensie, onder voorsitterskap van Suid-Afrika, die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie aanvaar. Dié Konvensie plaas 'n verbod op die gebruik, berging, vervaardiging, en oorplasing van teen-personeelmyne en bepaal dat hierdie myne vernietig moet word. Op 30 Oktober 1997 is die vernietiging van 261 423 teen-personeelmyne wat Suid-Afrika op daardie stadium in voorraad gehad het, voltooi. Agtien duisend is vir opleidingsdoeleindes uitgehou. Hiervan is 5 000 lewendige myne en 13 000 "oefen" myne.¹¹⁰

Die TPM Konvensie is op 3 Desember 1997 te Ottawa, Kanada vir ondertekening beskikbaar gestel. Suid-Afrika het dit op 3 Desember 1997 onderteken. Op 26 Junie 1998 het Suid-Afrika die TPM Konvensie geratifiseer, en op 1 Maart 1999 het die Konvensie in werking getree.¹¹¹

Alvorens daar oorgegaan word tot die bespreking van wapenbeheer en ontwapening met verwysing na kleinwapens, word die proliferasie van kleinwapens ná die Koue Oorlog in Suid-Afrika eers in oënskou geneem. Soos reeds genoem het die proliferasie van ligte en kleinwapens, en die konflikte wat daarmee gepaard gaan, na die Koue Oorlog die grootste probleem in Afrika, maar veral in die Suider-Afrikaanse substreek, geword. Dié situasie en die redes vir die proliferasie van hierdie wapens in Suid-Afrika word vervolgens in oënskou geneem.

2.6.5 Kleinwapens

Soos reeds in hoofstuk 5 gemeld is daar 'n oorvloed van onwettige kleinwapens en ammunisie in omloop in die Suider-Afrikaanse substreek. Weens die feit dat Suid-Afrika se grense vir groot afstande onbewaak is, vind die instroming van hierdie wapens na Suid-Afrika vrylik plaas. Behalwe vir 'n geskatte vier miljoen gelisensieerde vuurwapens in Suid-Afrika, is daar 'n geraamde agt miljoen onwettige kleinwapens in omloop in Suid-Afrika. Die aantal gelisensieerde vuurwapens wat verlore raak of gesteel word vermeerder elke jaar. Die omvang van die probleem word die beste gedemonstreer deur die gemak waarmee kriminele, politieke antagoniste en sogenaamde "vigilante" groepe wapens vir hul doeleindes kan bekom. Gister se wapens van oorlog en politieke bevryding het vandag se wapens van misdaad en geweld in Suid-Afrika geword.¹¹²

2.6.5.1 Kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika

Die volgende faktore gee aanleiding tot kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika:

(a) Die Koue Oorlog nalatenskap

Gedurende die Koue Oorlog het die Warschau-Verdragstate, Kuba en die Volksrepubliek van Sjina die sogenaamde bevrydingsbewegings in Suider-Afrika, naamlik die (MPLA), “People’s Liberation Army of Namibia” (PLAN), “Zimbabwe People’s Liberation Army” (ZIPRA), en *Frente de Libertação de Mozambique* (FRELIMO) van massiewe hoeveelhede wapens voorsien. Soos reeds genoem het Westerse state en wapenvervaardigers aan die ander kant weer, ten spyte van die wapenverbod van 1977, vir Suid-Afrika van militêre toerusting en wapens voorsien. Beide Suid-Afrika en die VSA het weer wapens aan anti-kommunistiese insurgente in Angola verskaf.¹¹³

(b) Apartheid se nalatenskap

Soos reeds genoem het Suid-Afrika in sy stryd teen die ANC, behalwe vir oorgrens operasies teen die ANC, ook militêre hulp aan goedgesinde organisasies in Suid-Afrika se buurstate verleen. Organisasies soos RENAMO, UNITA, en die “Lesotho Liberation Army” het hierby gebaat. Wapens wat deur Krygkor vervaardig is en wapens wat deur Suid-Afrikaanse magte in Angola en Namibië gebuit is, is hiervoor gebruik. Na bewering is 40 000 AK-47’s wat van Pole, Roemenië, Bulgarye, Joego-Slawië, Hongarye en Sjina vanaf 1976 tot 1986 gekoop is, aan UNITA verskaf en is AK-47’s wat van Bulgarye en Hongarye gekoop is, aan RENAMO verskaf. Een van die dodelikste ligte wapens, naamlik die teen-personeelmyn, wat deur Suid-Afrika vervaardig is, is na bewering ook saam met ander wapens en ammunisie aan RENAMO voorsien.¹¹⁴

(c) Oneffektiewe post-konflik ontwapening

Soos reeds vroeër genoem was die gebrek aan effektiewe ontwapening gedurende multilaterale vredesoperasies een van die hoofoorsake van kleinwapenproliferasie in Suider-Afrika. Ten spyte van ontwapeningsreëlings wat deur die “United Nations Transitional Assistance Group” (UNTAG) getref is toe SWAPO en Suid-Afrikaanse magte in Namibië gedemobiliseer is, is baie wapens nie ingehandig nie, en het dit mettertyd hul pad na Suid-Afrika gevind. In Angola met die VN se UNAVEM II sending het die VN magte nie die hulpbronne gehad om die strydende magte te ontwapen nie. Wapens wat wel ingehandig is, was van swak kwaliteit, klein hoeveelhede, swak bewaak en in onveilige plekke geberg. Baie van hierdie wapens het hul pad na Namibië en Suid-Afrika gevind. Die VN se UNIMOBZ operasie in Mosambiek het, soortgelyk aan Angola, misluk. Die proliferasie van kleinwapens

in Mosambiek het binnelands 'n groot probleem geword en baie van die wapens is ook na Suid-Afrika en Malawi gesmokkel.

Die demobilisering- en integrasieproses na konflikresolusie in Suid-Afrika was baie gekompliseerd. Sewe verskillende gewapende magte moes in een enkele, legitieme en verteenwoordigende weermag saamgesnoer word. Hierdie magte het die volgende ingesluit: MK, SANW, "Azanian People's Liberation Army" (APLA), en die vier TBVC (Transkei, Boputhatswana, Venda en Ciskei) state. Alle MK wapenopslagplekke in Suid-Afrika moes verklaar word.¹¹⁵ Gedurende die integrasieproses is daar egter baie min aandag aan die ontwikkeling van 'n spesifieke program vir die opruiming van wapenopslagplekke van die voormalig nie-statutêre magte (NSM) gegee. Ses maande na die demokratiese verkiesing in Suid-Afrika is "Operation Rollerball" in Oktober 1994 geloods om ANC wapenopslagplekke in Suid-Afrika en in naburige state op te ruim. Die SANW se destydse Hoof van die Generale Staf, Generaal S. Nyanda, het in Februarie 1995 aangekondig dat dié operasie 'n sukses was, maar net 70 AK-47 gewere en 53 pistole is onder andere gevind. Vele opslagplekke is nie gevind nie en vele van dié wat wel gevind is het geen wapens of ammunisie opgelewer nie. 'n Sterk moontlikheid bestaan dat die "verlore" wapens later vir onwettige en destabiliserende aktiwiteite gebruik is.¹¹⁶

(d) Gelisensieerde wapens

Soos reeds gemeld is daar ongeveer vier miljoen gelisensieerde vuurwapens in Suid-Afrika. Die wetlike vereistes vir die verkryging van vuurwapens was in die vroeë negentigerjare nie baie streng nie en wapens kon dus maklik bekom word. Wette is sedertdien strenger gemaak. 'n Groot bron van kommer in Suid-Afrika is egter die geweldige aantal vuurwapens wat jaarliks verloor en gesteel word en dan in verkeerde hande beland. Ongeveer 30 000 gesteelde gelisensieerde vuurwapens beland jaarliks in die onwettige wapenhandel mark.¹¹⁷

(e) Verlies van vuurwapens deur veiligheidsmagte

Nog 'n interne bron van onwettige wapens is die geraamde 8 500 vuurwapens wat jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) en die SANW verloor word, of gesteel word. Dit word beweer dat lede van die SAPD en die SANW self wapens steel en dit in die smokkelhandel verkoop.¹¹⁸

(f) Die wapennywerheid as 'n belangrike bron

Suid-Afrika is die grootste wapenvervaardiger in Afrika. In die middel tagtigerjare was Suid-Afrika die tiende grootste wapenvervaardiger in die wêreld. Hierdie onderskeiding is deur Krygkor bewerkstellig. Krygkor het tot een van die grootste nywerheidsorganisasies in Suid-Afrika ontwikkel en wapens was ná goud en steenkool Suid-Afrika se grootste uitvoerbate. Krygkor het egter nie wapens in die burgerlike handel verkoop nie, maar slegs aan die Suid-Afrikaanse weermag wapens verskaf.¹¹⁹

(g) Die ontstaan van misdaadsindikate, gewapende “vigilante” groepe en Moslem ekstremiste groepe

Misdaadsindikate, “vigilante” groepe soos “People Against Gangsterism and Drugs” (PAGAD) en Moslem ekstremiste groepe soos “Muslims Against Global Oppression” in Suid-Afrika gee aanleiding tot die proliferasie van veral kleinwapens in Suid-Afrika. Hierdie groepe opereer nie sonder wapens nie en die gebruik van onwettige wapens is aan die orde van die dag. Dit gebeur gereeld dat voertuie wat geld vervoer deur bendes wat met AK-47's gewapen is beroof word. As gevolg hiervan, sowel as die feit dat gewapende misdaad geweldig toegeneem het in Suid-Afrika in die negentigerjare, het die Suid-Afrikaanse samelewing onveilig geraak en het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van talle privaat veiligheidsorganisasies wat hul dienste aanbied. Dit op sigself dra by tot kleinwapenproliferasie in Suid-Afrika deurdat hierdie organisasies nie hul werk sonder vuurwapens kan doen nie. Daar is hierdeur meer wapens in omloop en die moontlikheid van verlies en /of diefstal word dus vergroot.¹²⁰

(h) Politieke geweld

Alhoewel politieke geweld na 1994 tot 'n mate verminder het in Suid-Afrika, het 'n politieke organisasie, die Inkhata Vryheidsparty in die laat negentigerjare steeds kleinwapens op groot skaal vir hulself bekom. Die politieke stryd en gepaardgaande geweld tussen die Inkhata Vryheidsparty en die ANC woed al sedert die vroeë negentigerjare en het nog steeds nie tot 'n einde gekom nie. Voor 1994 het hulle gebruik gemaak van 'n tuisgemaakte vuurwapen, die “kwasha”, waarvoor konvensionele ammunisie gebruik kan word. Na 1994 het die patroon egter verander en word G-3 aanvalsgewere, R-5, R-4 en R-1 gewere gebruik. Hierdie nuwe wapens het ongetwyfeld bygedra tot die hoë vlak van politieke geweld in Kwazulu/Natal.¹²¹

2.6.5.2 Beheer oor kleinwapens in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse regering se sienswyse ten opsigte van pogings tot teenproliferasie van ligte en kleinwapens is dat daar 'n holistiese benadering met deurlopende aksie op nasionale, streek en internasionale vlakke behoort te wees wat spesifiek op ligte en kleinwapens fokus.¹²² Die Suid-Afrikaanse regering het 'n aantal maatreëls ingestel om die proliferasie van kleinwapens die hoof te bied:

- (a) Progressiewe strengere klousules in die Wapen en Ammunisie Wet No 75 van 1969 tesame met strengere vereistes vir die verkryging van vuurwapenlisensies.¹²³ Die Minister van Wet en Orde het op 12 Oktober 2000 Wetsontwerp No 34 van 2000 ten opsigte van Beheer oor Vuurwapens in Suid-Afrika by die parlement ingedien. Volgens dié wetsontwerp is die ouderdom vir die besit van 'n vuurwapen van 16 na 21 verhoog; mag 'n persoon net een vuurwapen vir selfverdediging besit; die vuurwapen mag nie 'n outomatiese wapen wees nie; 'n vuurwapenlisensie sal vyfjaarliks hernu moet word; en 'n nuwe aansoeker sal 'n sertifikaat van bevoegdheid om 'n vuurwapen te mag besit saam met sy aansoek om 'n vuurwapenlisensie moet inhandig.¹²⁴
- (b) Suid-Afrika is daartoe verbind om die vloed van onwettige wapens oor sy grense te beëindig.¹²⁵ Gesamentlike operasies deur die SANW en die SAPD om toenemende misdaad en proliferasie van kleinwapens te bekamp word van tyd tot tyd onderneem. Aangesien wapens Suid-Afrika onwettig binnekom vanaf state soos Mosambiek, Zimbabwe, Angola, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland en Zambië (almal buurstate van Suid-Afrika) het Suid-Afrika met bilaterale inisiatiewe begin om die probleem die hoof te bied. Suid-Afrika het dan ook bilaterale ooreenkomste aangegaan met Swaziland en Mosambiek.¹²⁶ Operasies Rachel wat deur die Suid-Afrikaanse en Mosambiekse polisiemagte uitgevoer is het sedert 1995 tot die vernietiging van 450 ton kleinwapens en ammunisie wat by wapenopslagplekke in Mosambiek gevind is, gelei.¹²⁷ Tydens die jaarlikse operasie wat tydens 2001 in Mosambiek uitgevoer is, is reeds 18 wapenopslagplekke gevind. Bykans 1 000 vuurwapens, 246 magasyns, 77 handgranate, 120 000 patrone, bykans 300 vuurpyle, 647 mortiere en 31 teen-personeelmyne is gevind en vernietig.¹²⁸
- (c) Suid-Afrika het 'n beleid aanvaar om alle uitgediende en surplus kleinwapens te vernietig sodat dit nie vir onwettige- en oorlogsdoeleindes gebruik kan word nie. Gedurende 1997 het die SAPD 70 ton kleinwapens en ammunisie vernietig. Dié wapens het 4 504 pistole, rewolwers, gewere, haelgewere en tuisgemaakte vuurwapens ingesluit.¹²⁹ Die Departement van Verdediging het sedert Junie 2000

ongeveer 262 000 kleinwapens vernietig. Die wapens was ondiensbaar, nie meer in gebruik nie of van onwettige eienaars gekonfiskeer. Die vernietiging van die wapens is onder die naam “Operasie Mouflon” gedoen.¹³⁰

- (d) Suid-Afrika het homself tot 'n beleid van verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid in die handel en oorpasing van alle wapens verbind. Die regering het 'n wapenbeheerstelsel ingestel wat voorsiening maak vir 'n ministeriële liggaam, die Nasionale Komitee vir Beheer oor Konvensionele Wapens, om kriteria, beginsels en riglyne vas te stel om te verseker dat die handel in konvensionele wapens op 'n verantwoordelike wyse geskied.¹³¹
- (e) Suid-Afrika is een van die onderskrywers van 'n VN Algemene Vergadering resoluëie wat 'n oproep doen om 'n internasionale konferensie oor onwettige wapenhandel wat nie later nie as 2001 gehou moet word. In 'n brief aan die Sekretaris-Generaal versoek Suid-Afrika dat die konferensie 'n aksieplan, wat gebaseer is op die ondervindinge van individuele state, teen die proliferasie van kleinwapens moet saamstel.¹³²

Beheer oor kleinwapens is natuurlik nie net Suid-Afrika se taak nie. Kleinwapenproliferasie is nie net Suid-Afrika se probleem nie maar is inderwaarheid die Suider-Afrikaanse substreek en 'n Afrika probleem. Dit word egter nie tot dieselfde mate deur sommige ander state in Afrika besef nie. Suid-Afrika het dus 'n groot taak om sy buurstate te oorreed om hul verantwoordelikheid ten opsigte van kleinwapenbeheer in 'n meer ernstige lig te beskou.

2.7 Suid-Afrika en die VN se Konferensie oor Ontwapening (KO)

Die KO is, soos genoem, deur die VN se Algemene Vergadering tydens sy eerste spesiale sitting in 1978 gestig. Die KO is die enigste globale ontwapening onderhandelingsforum. Suid-Afrika se toelating, saam met 22 ander state, tot die KO op 17 Junie 1996 het op verskeie jare se onderhandelinge om die KO se lidmaatskap van 38 uit te brei, gevolg. Sedert sy toelating is Suid-Afrika 'n aktiewe lid van die KO wat tans 66 lidstate het.¹³³

Suid-Afrika het sedert toelating tot die KO aktief aan die verrigtinge deelgeneem. Op 4 Maart 1999 het Suid-Afrika se verteenwoordiger by die KO die Konferensie meegedeel dat die voorsitter van die NKBKW in Suid-Afrika aangekondig het dat ingevolge regeringsbeleid oor nie-proliferasie en wapenbeheer, die regering besluit het dat alle uitgediende kleinwapens in besit van die regering eerder vernietig moet word as om dit, soos vroeër gedoen is, op tender te verkoop. Die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger het die Konferensie verder meegedeel dat daar voor die besluit deur die Suid-Afrikaanse regering, sedert 1997

reeds 50 ton vuurwapens en 20 ton ammunisie wat gekonfiskeer is of as oortollig beskou is, deur die SAPD vernietig is.¹³⁴

Op 20 Januarie 1998 het die ambassadeur van Suid-Afrika 'n konsepbesluit by die KO ingedien wat soos volg gelui het:¹³⁵

"1.The Conference on Disarmament decides to establish an Ad Hoc Committee on Nuclear Disarmament to deliberate upon practical steps for systematic and progressive efforts to eliminate nuclear weapons as well as to identify if and when one or more such steps should be the subject of negotiations in the Conference.

2.In discharging its functions, the Ad Hoc Committee will take into account existing proposals and views as future initiatives on nuclear disarmament."

Op 29 April 1998 het die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger in die VN se Voorbereidende Komitee vir 2000 se Kernsperverdrag hersieningskonferensie die Komitee meegedeel dat daar nog nie konsensus in die KO bereik kon word oor genoemde *ad hoc* komitee nie, en het hy weer 'n pleidooi gelewer vir die instelling van 'n ondergeskikte liggaam.¹³⁶

Die 2000 Kernsperverdrag hersieningskonferensie het egter aangaande die praktiese uitvoering van artikel VI van die Kernsperverdrag, wat op kernontwapening betrekking het soos volg besluit: "The necessity of establishing in the Conference on Disarmament an appropriate subsidiary body with a mandate to deal with nuclear disarmament. The Conference on Disarmament is urged to agree on a programme of work which includes the immediate establishment of such a body."¹³⁷

3. Samevatting

Daar was gedurende die Koue Oorlog nie enige sprake van wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika nie. Suid-Afrika se beleid van apartheid; volgehoue administrering van Suid-Wes Afrika (Namibië) en beperkte politieke deelname aan swart mense in Suid-Afrika en in Namibië het tot hewige politieke konflik en internasionale isolasie van Suid-Afrika gelei. Die politieke konflik het mettertyd tot 'n militêre konflik gelei en Suid-Afrika tot 'n groot mate van sy buurstate en die wêreldgemeenskap vervreem.

Ten einde die politieke *status quo* in Suid-Afrika en Namibië te handhaaf het Suid-Afrika geen ander keuse gehad as om homself deeglik militêr toe te rus nie. Wapenembargo's wat sedert die vroeë sestigerjare deur die VN teen Suid-Afrika toegepas is het daartoe gelei dat Krygkor gestig is, en Suid-Afrika sy eie konvensionele-, ligte-, en kleinwapens sowel as missiele begin vervaardig het. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n konvensionele aanslag vanuit Afrika verwag; was verplig tot oorgrensaanvalle in buurstate

om ANC basisse uit te wis; en was in 'n teeninsurgensie oorlog teen SWAPO gewikkel wat tot oorgrensaanvalle in Angola gelei het. Hierbenewens het Suid-Afrika goedgesinde organisasies soos UNITA in Angola, RENAMO in Mosambiek en die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho van logistieke hulp, opleiding en wapens voorsien in hulle stryd teen die regerings van die betrokke state. Groot bedrae is deur die Suid-Afrikaanse regering bestee aan die opleiding van militêre personeel; die mobilisering van die Suid-Afrikaanse weermag; die vervaardiging van wapens; en die verskaffing van wapens aan bogenoemde organisasies in buurstate.

Ten spyte van die feit dat Suid-Afrika 'n party tot die BTWK is, is biologiese wapens in die tagtigerjare in Suid-Afrika vervaardig. Suid-Afrika is ook 'n party tot die Geneefse Protokol, wat bakteriologiese oorlogvoering verbied. So ook het Suid-Afrika gedurende die Koue Oorlog sedert die tagtigerjare chemiese wapens, en gedurende die sewentigerjare 'n kernwapenvermoë ontwikkel en ses kernwapens vervaardig. Die Suidpool Verdrag en die Seebodem Verdrag waarvan Suid-Afrika onderskeidelik sedert 1959 en 1971 'n party is, verbied nie die ontwikkeling van 'n kernwapenvermoë nie. Hierbenewens het Suid-Afrika in samewerking met Israel begin met die ontwikkeling van ballistiese missiele. Hierdie herbewapening van Suid-Afrika het in die sestigerjare begin en tot in die laat tagtigersjare voortgeduur.

In Suid-Afrika se geval is dit baie duidelik dat indien 'n staat militêr van binne en van buite sy grense bedreig word, deelgenootskap aan ooreenkomste soos die BTWK hom nie sal verhoed om te doen wat nodig is om homself teen anargie van binne sy grense en militêre bedreigings van buite sy grense te verdedig nie.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Die ooreenkomste wat wel onderteken is, het weinig (indien enigsins) beperkings ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening op Suid-Afrika geplaas.

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het egter na 1989 dramaties verander. Die Koue Oorlog het tot 'n einde gekom en daarmee saam die supermoondhede se wedywering in Afrika en Suider-Afrika. Dit het aanleiding gegee tot die oplossing van sommige historiese konflikte in Suider-Afrika. Dit het ook 'n invloed op Suid-Afrika se persepsie van 'n eksterne konvensionele bedreiging gehad. Suid-Afrika het terselfdertyd 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat tot die onafhanklikwording van Namibië en die ontbanning van onder andere die ANC in Suid-Afrika en die beëindiging van die beleid van apartheid gelei het. In 1991 is onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika tot 'n einde te bring. Dit het tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika gelei.

Die Suid-Afrikaanse regering se beleid ten opsigte van internasionale handel in verdedigingsverwante produkte bepaal dat 'n verantwoordelike benadering gevolg moet word. Soos egter uit hierdie hoofstuk duidelik is, stel die Suid-Afrikaanse regering hom bloot aan kritiek deurdat daar nie altyd, veral ten opsigte van die beleid aangaande die uitvoer van konvensionele wapens, by die riglyne gehou word nie. Suid-Afrika ondersteun alle resolusies ten opsigte van deursigtigheid in wapens, streeksvertroueskepping, en die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Die Suid-Afrikaanse regering het sy benadering tot wapenuitvoere ná die Koue Oorlog drasties verander. Die verbintenis van die Suid-Afrikaanse regering tot wapenbeer en ontwapening is duidelik uit die volgende:

- Suid-Afrika se vernietiging van sy kernwapens, om sodoende die eerste staat ter wêreld te word om algehele kernontwapening toe te pas; die ondertekening van die Kernsperverdrag in Julie 1991; en die sentrale rol wat Suid-Afrika by die 1995 hersieningskonferensie van die Kernsperverdrag gespeel het.
- Suid-Afrika se deelname aan die raad van die IAEA en die omvattende veiligheidsooreenkoms wat met die IAEA in 1991 gesluit is.
- Die inhoud van Wet No 87 van 1993 oor die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die Omvattende Kerntoetsverbod in 1999.
- Suid-Afrika se bydrae tot die samestelling van die Pelindaba Verdrag en die ratifikasie daarvan in 1998.
- Suid-Afrika se lidmaatskap van die Zangger Komitee in 1993 en die KVG in 1995.
- Die staking van Suid-Afrika se chemiese en biologiese wapenprogram ("Project Coast") in 1993.
- Suid-Afrika se deelname sedert 1991 aan 'n internasionale *ad hoc* groep om onder andere 'n verifikasieprosedure vir die BTWK saam te stel.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die CWK in 1995.
- Suid-Afrika se aanbieding van 'n suksesvolle seminar in 1994 oor die implementering van die CWK in Afrika.
- Suid-Afrika se bereidwilligheid om, ten spyte van die feit dat Suid-Afrika nie 'n lid van die Australië Groep is nie, nogtans die groep se maatreëls ten opsigte van die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwe na te kom.
- Suid-Afrika se lidmaatskap van die MTBR in 1995.
- Die neerlegging van streng riglyne en kriteria vir konvensionele wapenuitvoere en oorplasing met die aanstelling van die NKBKW in 1995 en die Wetsontwerp oor die Beheer van Konvensionele Wapens (50/2000).



- Suid-Afrika se verbod op die uitvoer van alle tipes landmyne in 1996 en 'n verdere verbod op die vervaardiging van teen-personeelmyne in 1997. In 1997 is 261 423 teen-personeelmyne vernietig.
- Suid-Afrika se ratifikasie van die TPM Konvensie in 1998.
- Progressiewe strenger klousules in die Wet op Wapens en Ammunisie van 1969 en die Wetsontwerp oor die Beheer van Vuurwapens (B34D/2000) met strenger vereistes vir die verkryging van vuurwapenslisensies sowel as vir die bewaring van vuurwapens.
- Suid-Afrika se verbintenis daartoe om die vloed van onwettige wapens oor sy grense te stop.
- Die vernietiging van 70 ton kleinwapens en ammunisie deur die SAPD in 1997.
- Die gesamentlike operasies Rachel wat sedert die negentigerjare deur die Suid-Afrikaanse en Mosambiekse polisiemagte in Mosambiek uitgevoer word en gelei het tot die vernietiging van 450 ton kleinwapens en ammunisie wat in wapenopslagplekke in Mosambiek gevind is.
- Suid-Afrika se toelating as lid van die VN se KO in 1996.

Met verwysing na hoofstuk 1 is Suid-Afrika se ondertekening van die Kernsperverdrag en die Pelindaba Verdrag sowel as die ratifisering van die CWK voorbeelde van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik asook om strategiese stabiliteit te bewerkstellig. Die beëindiging van Suid-Afrika se kern-, chemiese- en biologiese wapenprogramme kan ook beskou word as ontwapening aan die einde van 'n konflik. Die riglyne en kriteria wat vir die uitvoer en oorplasing van konvensionele wapens geld; die verbod op teen-personeelmyne en Suid-Afrika se ratifisering van die TPM Konvensie; maatreëls teen die proliferasie van kleinwapens; en die vernietiging van kleinwapens is voorbeelde van wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur.

VERWYSINGS

- 1 Goldblat, J, Arms Control: A Guide to Negotiations and Agreements, Sage Publications, London, 1996, pp. 286-313.
- 2 Baynham, S, Military Power and Politics in Black Africa, Croom Helm, London, 1986, p.296
- 3 Batchelor P and Dunn, P, The Restructuring of South Africa's Defence Industry, University of Cape Town. Internet: www.iss.co.za/Pubs/ASR/7.6/The%20Restructuring.htm p.1. Toegang: 22/02/2001.

- 4 Van der Merwe, F A, ongepubliseerde Magister Verhandeling, 'n Politikologiese Ontleding van die Voormalige Sowjet-Unie se Ideologies-Geostrategiese Uitgangspunte met spesiale verwysing na die RSA, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1993, p.169.
- 5 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 6 Landgren, S, Embargo Disimplemented: South Africa's Military Industry, Oxford University Press, Oxford, 1989, p.25.
- 7 Baynham, S, op cit, p.297.
- 8 Ibid.
- 9 Ibid, pp.303-304.
- 10 Baynham, S, op cit, p.217; en Luckham, R, "Militarization in Africa", in SIPRI Yearbook 1985: World Armaments and Disarmament, Taylor and Francis, London, 1985, p.316.
- 11 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 12 Luckham, R, op cit, pp.317-318.
- 13 Baynham, S, op cit, pp.303-304.
- 14 Everyone's United Nations, United Nations, New York, 1986, pp.88-91.
- 15 UN: Resolution 181 of August 1963. Internet: www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r181e.pdf Toegang:13/06/01.
- 16 UN: Resolution 182 of December 1963. Internet: www.un.org/documents/sc/res/1963/s63r182e.pdf Toegang: 14/06/01.
- 17 UN: Resolution 418 of 1977. Internet: www.un.org/documents/sc/res/1977/77r418e.pdf Toegang: 13/06/01.
- 18 UN: Resolution 558 of 1984. Internet: www.un.org/documents/sc/res/1984/84/r558e.pdf Toegang: 13/06/01.
- 19 UN: Resolution 591 of 1986. Internet: www.un.org/Docs/scres/1986/591e.pdf Toegang: 13/06/01.
- 20 Landgren, S, op cit, p.9.
- 21 Ibid.
- 22 Robinson, T, and Boutwell, J, "South Africa's Arms Industry: A new Era of Democratic Accountability ?", Armed Forces & Society, Vol 22 No 4, 1996, pp.599-618.
- 23 Singh, R P, and Wezeman, P D, "South Africa's arms production and export", in SIPRI Yearbook 1995: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1995, p.580.
- 24 Ferm, R, " Major multilateral arms control agreements", in SIPRI Yearbook 1992: World Armaments and Disarmament, Oxford University Press, Oxford, 1992, p.613; en Goldblat, J, op cit, p.277.

- 25 The Chemical Warfare Case, 1997, p.4. Internet: www.contrast.org/truth/html/chemical_biological_weapons.html Toegang: 22/02/2001.
- 26 Landgren, S, op cit, pp. 149-151.
- 27 The Chemical Warfare Case, op cit, pp.6 en 15.
- 28 Ibid, p.4
- 29 Ibid, pp.6-10 en 15-16.
- 30 RSA: Truth and Reconciliation Commission Final Report, Volume Two, Chapter Six, October 1998. Special Investigation into Project Coast: South Africa's Chemical and Biological Warfare Programme, pp.1-2. Internet: <http://www.polity.org.za/govdocs/commissions/1998/trc> Toegang: 18/04/01.
- 31 Ibid, pp.1 en 4.
- 32 Ibid, pp.1,2 en 4.
- 33 Ibid, p.7.
- 34 "Chemical and Biological Weapons ", Nuclear Forces Guide, 1999. Internet: www.fas.org/nuke/guide/rsa/cbw/ Toegang:19/04/01.
- 35 Horton, R E, Out of Africa: Pretoria's Nuclear Weapons Experience, Program in Arms Control, Disarmament and International Security, Unversity of Illinois at Urbana Champaign, June 1998, pp.1-2.
- 36 Albright, D, "South Africa's Secret Nuclear Weapons", ISIS Report, 1994, pp.6-7.
- 37 SIPRI Yearbook 1992, op cit, p.613; en Goldblat, J, op cit, pp.318-319.
- 38 Albright, D, op cit, pp.6-7.
- 39 Ibid, pp.10-11en16,
- 40 De Villiers, J W, et al, "Why South Africa Gave Up the Bomb", Foreign Affairs, Vol 72 No5, Nov/Dec 1993, pp103-104.
- 41 RSA: Debates of Parliament (HANSARD),1993-1994, 8 March to 7 April 1993, Vol 39, pp.3465-3471.
- 42 Landgren, S, op cit, pp.103-104.
- 43 Ibid, p.103.
- 44 Ibid, p.165.
- 45 RSA: Department of Foreign Affairs, Missile Technology Control Regime (MTCR), p.1. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/mtrc.htm Toegang: 16/01/02.
- 46 Batchelor, P, and Dunn, P, op cit, p.4.
- 47 Ibid.
- 48 Cilliers, J, and Reichardt, M, About Turn, Institute for Defence Policy, Halfway House, 1996, p.134.
- 49 Batchelor, P, and Dunn, P, op cit, p.5.
- 50 Ibid,

- 51 RSA: Department of Foreign Affairs, Wassenaar Arrangement, p.2. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/wassenaar.htm Toegang: 16/01/02.
- 52 UN: 49th General Assembly of the United Nations: Statement delivered by the H E Mr Vernon R W Steward, Permanent Representative of South Africa in the First Committee of the General Assembly, 17 October 1994.
- 53 RSA: Defence in a Democracy: South African White Paper on Defence, 1996, p.29.
- 54 RSA: Defence in a Democracy: South African Defence Review, 1998, p.5.
- 55 Cilliers, J, "Towards a South African Conventional Arms Trade Policy", African Security Review, Vol 4 No 4, 1995, p.6.
- 56 RSA: White Paper on South African Defence Related Industries, Chapter Six, 1999, pp.3-4.
- 57 Beri, R, "South Africa's Nuclear Policy", Strategic Analysis, Vol XXII, No 7, 1998, p.6. Internet: www.idsa-india.org/an-oct8-2.html Toegang: 18/01/02.
- 58 RSA: Wet op die Nie-Proliferasie van Wapens van Grootsekaalse Vernietiging, No 87 van 1993.
- 59 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction: The Role of the Department of Foreign Affairs, South African Communication Service, Parow, 1995, pp.7-8.
- 60 Ibid, pp.9-10.
- 61 Ibid, p.20.
- 62 Goldblat, J, op cit, p.345.
- 63 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction: The role of the Department of Foreign Affairs, op cit, pp.36-37.
- 64 UN: "Documents of the 1995 NPT Review and Extension Conference" in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 20, 1995, United Nations, New York, 1995, pp.23-24.
- 65 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six op cit, pp.2-3.
- 66 Beri, R, South Africa's Nuclear Policy, op cit, p.6.
- 67 RSA: Department of Foreign Affairs, Comprehensive Nuclear Test-Ban Treaty (CTBT), p.1. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ctbt.htm Toegang: 16/1/02.
- 68 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 69 Saxena, S C, "Disarmament: The African Perspective", Strategic Analysis, Vol XXII, No 7, 1998, p.11. Internet: www.idsa-india.org/an-oct8-3.html Toegang: 18/01/02.
- 70 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass-destruction, op cit, pp.11-12.

- 71 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1999: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1999, p.721.
- 72 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 73 OAU: The African Nuclear-Weapon-Free Zone Treaty (The Treaty of Pelindaba), Organisation of African Unity, pp.6, 7 en 21.
- 74 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.3.
- 75 Ibid.
- 76 Ibid.
- 77 Mangold, T, and Goldberg, J, Plague Wars: A true story of biological warfare, Macmillan, London, 1999, p.267.
- 78 RSA: Department of Foreign Affairs, Biological and Toxin Weapon Convention (BTWC), pp.1-2. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/btwc.htm
Toegang:16/01/02.
- 79 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 80 RSA: Department of Foreign Affairs, Chemical Weapons Convention (CWC), p.1. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/cwc.htm Toegang:16/01/02.
- 81 RSA: Staatskoerant, No 17967, 1997, pp.1-25.
- 82 RSA: Chemical Weapons Convention(CWC), op cit, pp.1-2.
- 83 Ferm, R, "Arms control and disarmament agreements", in SIPRI Yearbook 1997: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1997 p.593.
- 84 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction, op cit, pp.13-14.
- 85 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 86 Allbright, D, "South Africa's Secret Nuclear Weapons", ISIS Report, May 1994, p.16.
- 87 RSA: Missile Technology Control Regime (MTCR), op cit, p.1.
- 88 RSA: South Africa's policy on the non-proliferation of weapons of mass destruction, op cit, p.14.
- 89 Anthony, I and Stock, I, "Multilateral military-related export control measures", in SIPRI Yearbook 1996: Armaments, Disarmament and International Security, Oxford University Press, Oxford, 1996, pp.550-551.
- 90 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.2.
- 91 Ibid, pp 5-6.
- 92 Cilliers, J, op cit, pp. 6-7.

- 93 UN: UN Register of Conventional Arms. Internet: <http://domino.un.org/REGISTER.nsf>
Toegang : 21/11/2001; en “Conventional Weapons Issues”, in The United Nations Disarmament Yearbook, Vol 24, 1999, United Nations, New York, 2000, p.110.
- 94 Hagelin, B, et al, “Transfers of major conventional weapons”, in SIPRI Yearbook 2000: Armaments, Disarmament and International Security, pp.354-355.
- 95 DSEI News, 16/09/99.
- 96 Hagelin, B, et al, SIPRI Yearbook 2000, op cit, pp.354-355.
- 97 RSA: Armscor Annual Report 1999-2000, pp.11-12.
- 98 Beeld, (Pretoria), 04/05/2001.
- 99 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.5 ; en RSA: Department of Foreign Affairs, The National Conventional Arms Control Committee (NCACC), p.1. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/ncacc.htm Toegang: 16/01/02.
- 100 RSA: Wetsontwerp op die Beheer van Konvensionele Wapens, (W50), 2000, pp.5,7,9 en 11.
- 101 Ibid, p.13.
- 102 RSA: White Paper, 1999, Chapter Six, op cit, p.6
- 103 Ibid.
- 104 Jeppie, S, Foreign Affairs. Internet: www.uct.ac.za/depts/religion/foreign.htm Toegang: 16/05/01.
- 105 Human Rights Watch: South Africa; A Question of Principle, Vol 12 No 5 (A) ,October 2000, Chapter VII, pp.2-3.
- 106 Ibid; en RSA: Department of Defence, Directorate Conventional Arms Control: South African Export Statistics for Conventional Arms 1997-1999, pp.5-13. Internet: <http://www.mil.za/SecretaryforDefence/ConventionalArmsControl/NCACC1999/ncac.htm>
Toegang: 21/11/00.
- 107 RSA: Department of Foreign Affairs, Convention on Prohibition or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons which may be Deemed to be Excessively Injurious or to have Indiscriminate Effects (CCW), pp.1-2. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/treaties/ccw.htm Toegang: 16/01/02.
- 108 Ibid, pp2-3.
- 109 Ibid, p.3.
- 110 Ibid, pp.4-6 en 10.
- 111 Ibid, p.10.
- 112 Beri, R, “Coping with Small Arms Threat in South Africa”, Strategic Analysis, Vol XXIV, No 1, 2000, p.1. Internet: www.idsa-india.org/an-apr010.html Toegang: 18/01/02.

- 113 Cock, J, "Light Weapons Proliferation", in Cock, J and Mckenzie, P, From Defence to Development: Redirecting Military Sources in South Africa, David Philip, Cape Town, 1998, pp.135-136.
- 114 Ibid, pp.136-138.
- 115 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, pp.3-5.
- 116 Oosthuysen, G, Small Arms Proliferation and Control in Southern Africa, South African Institute of International Affairs, Johannesburg, 1996, p.7.
- 117 Ibid, .p.5.
- 118 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, p.5; en Cock, J, op cit, pp.143-144.
- 119 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat", op cit, pp.5-6.
- 120 Ibid, p.7.
- 121 Ibid, pp.7-8.
- 122 RSA: Small Arms, pp.3 en 5. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/arms.htm Toegang: 17/01/02.
- 123 Ibid, p.2; Beri, R, "Coping with Small Arms Threat", op cit, p.8.
- 124 RSA: Wetsontwerp no 34 van 2000 vir die Beheer oor Vuurwapens, Suid-Afrika, 2000.
- 125 Deen, T, "Disarmament: South Africa Leads Effort to Curb Small Arms", World News, Inter Press Service. Internet: www.oneworld.org/ips2/jan99/03_00_001.html Toegang: 31/05/01.
- 126 Beri, R, "Coping with Small Arms Threat" op cit, p.8.
- 127 Small Arms, op cit, pp.3-4.
- 128 Beeld, (Pretoria), 21/05/01.
- 129 Deen, T, op cit, p.1.
- 130 Beeld, (Pretoria), 28/05/01.
- 131 RSA: Wetsontwerp oor die Beheer van Konvensionele Wapens, op cit, pp.5-13.
- 132 Deen, T, op cit, p.2.
- 133 RSA: Department of Foreign Affairs, Conference on Disarmament (CD), pp.1 en 3. Internet: www.dfa.gov.za/for-relations/multilateral/cd.htm Toegang:16/01/02.
- 134 UN: Press Release DCF/362: Conference on Disarmament hears Statements on Small Arms and Landmines from South Africa and Ukraine.
- 135 UN: Disarmament Diplomacy, Issue No 22, Statements to the Conference on Disarmament: Statement by South Africa, 20 January 1998, pp.1-2.
- 136 UN: The Preparatory Committee for the Year 2000 NPT Review Conference (Second Session): Statement by the Republic of South Africa, 29 April 1998, pp.2-3.
- 137 UN: 2000 Review Conference of the Parties to the Treaty on the Non-Proliferation of Nuclear Weapons, 14 April-19 May 2000, Final Document, p.18.



HOOFSTUK 7 WAARDESKATTING

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig oor die studie as geheel gegee en word daar ook aangetoon of die hipoteses wat in die inleidende hoofstuk gestel is wel geverifieer is aldan nie.

1. Die konsep van wapenbeheer en ontwapening

Ontwapening beteken 'n algemene internasionale toestand van verminderde wapenvlakke, wat bewerkstellig word deur 'n tussenstaatlike ooreenkoms, wat dikwels deur 'n proses van onderhandeling voorafgegaan word. In uitsonderlike gevalle besluit 'n staat soms op unilaterale ontwapening met die hoop dat ander state daardeur oorreed sal word om dieselfde te doen.

Verskillende benaderings kan met ontwapening gevolg word. Volgens die "spanning eerste" benadering kan konflik verminder word deur beter kommunikasie tussen partye. Dit kan tot 'n beter verstandhouding, wat interstaatlike verhoudinge positief kan beïnvloed, en tot groter buigzaamheid in ontwapeningsonderhandelinge en selfs 'n gewilligheid om te ontwapen, lei. Volgens die "politieke skikking" benadering is ontwapening nie moontlik solank politieke kwessies wat belangrik vir die betrokke partye is, onopgelos bly nie. Die "wapens eerste" benadering is gegrond op die idee dat spanning alleenlik verminder en politieke konflik alleenlik opgelos kan word wanneer die ontwapeningsproses begin het.

Die belangrikste argumente ten gunste van ontwapening is vrees vir oorlog; dat beskikbare fondse eerder vir ekonomiese ontwikkeling as vir wapens aangewend moet word; en dat wapens die oorsaak van internasionale spanning en oorlog is.

Die belangrikste argumente teen ontwapening is oorversekering deurdat superioriteit bo pariteit verkies word; wanpersepsies wat tot wapenwedlope lei; wapens is nie noodwendig die belangrikste oorsaak van internasionale spanning nie; en die mens se inherente wantroue in sy medemens maak ontwapening 'n vergesogte opsie.

Algemene en omvattende ontwapening verwys na die wêreldwye vermindering van alle kategorieë wapens tot die minimum wat nodig is om interne wet en orde te handhaaf; die veiligheid van burgerlikes te verseker; en ooreengekome kontingente vir 'n internasionale vredesmag te voorsien. Die ideaal van algemene en omvattende ontwapening sal weens politieke en ideologiese verskille en, onder andere, ekonomiese, soewereiniteits, en militêre vraagstukke wat in onderhandelinge vir so 'n ooreenkoms sal ontstaan, dit onmoontlik maak om so 'n wêreldwye ooreenkoms te sluit. Meer beperkte ontwapening kan ook ten opsigte van

sekere tipes wapens toegepas word, wat dan nie noodwendig net 'n vermindering nie maar afskaffing van 'n tipe of kategorie wapen(s) kan beteken.

In teenstelling met ontwapening is die benadering met wapenbeheer 'n ooreenkoms wat tussen twee of meer state wat potensieel vyande is aangegaan word, waardeur, as gevolg van gemeenskaplike belange, samewerking bewerkstellig word om beheersdheid aan die dag te lê, en beperkings toe te pas, ten opsigte van die besit, ontwikkeling, gebruik en berging van sekere tipes en kategorieë wapens, asook die hoeveelhede en eienskappe van volledige wapens of komponente daarvan. Wapenbeheer, soos dit in die twintigste eeu gemanifesteer het, het in die middel vyftigerjare in reaksie op die kernwapenwedloop gedurende die Koue Oorlog ontstaan. Die herhaalde mislukking van ambisieuse ontwapeningskemas om enige impak in die praktyk te hê het verder tot die ontwikkeling van 'n benadering van wapenbeheer bygedra.

Alhoewel daar 'n verwantskap tussen ontwapening en wapenbeheer bestaan is daar 'n aantal duidelike verskille tussen die twee konsepte wat onder andere die volgende insluit: ontwapening verwys altyd na 'n vermindering van wapens terwyl wapenbeheer ook 'n beheerde vermeerdering van wapens kan beteken; voorstanders van ontwapening glo dat algehele en omvattende ontwapening moontlik is terwyl die voorstanders van wapenbeheer se standpunt is dat dit nie moontlik is nie; voorstanders van ontwapening beskou die bestaan van wapens as die oorsaak van oorloë; terwyl die voorstanders van wapenbeheer glo dat daar geen eenvoudig verklaarbare oorsaak-en-gevolg verband tussen die besit van wapens en die uitbreek van oorlog is nie.

Te oordeel na die geskiedenis van wapenbeheer is daar vyf benaderings tot wapenbeheer te onderskei, naamlik wapenbeheer soos toegepas aan die einde van konflikte; wapenbeheer om strategiese stabiliteit te bevorder; wapenbeheer om sekere gedragse norme te skep; wapenbeheer om die proliferasie van wapens te bestuur; en wapenbeheer deur internasionale organisasie.

'n Belangrike aspek van enige benadering tot wapenbeheer of ontwapening is die ooreenkoms wat aangegaan word. Daar is basies drie wyses van optrede, naamlik unilaterale (een staat en geen ooreenkoms) optrede; stilswyende ooreenkomste, wat neerkom op 'n blote verstandhouding tussen state; en formele ooreenkomste. Laasgenoemde twee metodes kan verder bilateraal (twee state) of multilateraal (meer as twee state) van aard wees.

Die belangrikste argumente ten gunste van wapenbeheer is onder andere soos volg: die essensiële doel is internasionale veiligheid en vermindering van spanning; om wapenwedlope te verhoed en vreedsame skikkings van geskille te bevorder; en om ekonomiese besparings teweeg te bring en vrygestelde hulpbronne vir doeleindes soos omgewingsbewing, bestryding van armoede, maatskaplike opheffing en meer onlangs, die bestryding van VIGS aan te wend.

Die belangrikste argumente teen wapenbeheer is onder andere die volgende: wapens is 'n weerspieëling van politieke wantroue, nie die oorsaak nie; wapenbeheer is onrealisties want veiligheid is die uitvloeisel van die handhawing van militêre oorheersing; en wapenbeheerooreenkomste word verbreek en diegene wat dit respekteer word daardeur benadeel.

Wanneer 'n wapenbeheer- of 'n ontwapeningsooreenkoms tussen state aangegaan word sal daar as 'n reël 'n verifikasie-, inspeksie- en afdwingingsprosedure ingestel word. Die doel van verifikasie, wat nie werklik sonder een of ander vorm van inspeksie toegepas kan word nie, is om sover moontlik afwykings en oortredings van die verdrag of ooreenkoms te ontmoedig; nakoming te bevorder; en vertroue tussen state sowel as openbare vertroue in die ooreenkoms te versterk. Afdwingingsmaatreëls teen 'n oortreder sluit die volgende in: onttrekking deur die benadeelde party van die ooreenkoms; ekonomiese en/of wapensanksies teen die oortreder; en militêre optrede teen die oortreder as 'n laaste uitweg.

Vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls het veral na die Koue Oorlog van kardinale belang geword. Soos die benaming aandui dra vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls daartoe by om vertroue tussen state te versterk en die risiko van gewapende konflik tussen state te verminder. Die volgende maatreëls is universeel van toepassing: maatreëls wat beperkings op die gedrag van partye plaas; maatreëls wat deursigtigheid, openheid en direkte kommunikasie tussen partye moontlik maak; en maatreëls wat ekonomiese en politieke samewerking tussen partye bevorder. Wapenbeheer, ontwapening en verifikasie is inderwaarheid vertroue- en veiligheidsversterkende maatreëls.

2. Die situasie na die beëindiging van die Koue Oorlog

Met die val van Kommunisme in die voormalige Sowjet-Unie aan die einde van die Koue Oorlog het die Oos-Wes wedywering, die kernwapenwedloop, kernafskrikking en die gevaar van 'n kernkatastrofe tussen die Ooste en die Weste, grootliks verdwyn. In die plek daarvan het groter samewerking op ekonomiese en politieke gebied tussen die Ooste en die Weste gekom. Die koste verbonde aan die vervaardiging van wapens, omgewingskwessies en toenemende klem op menseregte, het nuwe stukrag aan wapenbeheer en ontwapening gegee. Die fokus het na 'n belangrike onmiddellike doelwit, naamlik die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging en gevorderde wapentegnologie, en deproliferasie verskuif. Multilaterale wapenbeheer het in die nuwe konteks belangriker as net bloot bilaterale wapenbeheer geword. Met toenemende openheid in militêre aangeleenthede is verifikasie, inspeksie en nakoming nie meer so 'n groot hindernis by die aangaan van wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkomste soos gedurende die Koue Oorlog nie.

Indien die proliferasie van wapens in ag geneem word en dit in gedagte gehou word dat afvalmateriaal van kernreaktors verwerk kan word om as kernwapenmateriaal gebruik te word;

dat 44 state in die wêreld reeds oor kernreaktors beskik; dat honderde ton uraan jaarliks vir oënskynlik onskuldige redes verkoop word; en dat daar in 1972 reeds 23 laekoste tegnologiese metodes beskikbaar was om uraan te verryk, het die fokus na die Koue Oolog eintlik net na nuwe gevare verskuif. Hierby het konvensionele wapens hoogs gesofistikeerd geword en sal state dit, nie noodwendig om kwaadwillige redes nie, graag wil bekom.

Die mees oorheersende verskynsel sedert die einde van die Koue Oorlog is die ontstaan van hoofsaaklik intrastaatlike gewapende konflikte, veral in Afrika. Die verbrekking van die Sowjet-Unie in 'n aantal onafhanklike state, sowel as die lidstate van die Warschau Verdragsorganisasie wat van die Sowjet invloedssfeer bevry is, het die potensiaal vir konflik in die wêreld verhoog. State soos Sirië, Irak, Libië en Noord-Korea het ook nie die Chemiese Wapenkonsensie van 1993 onderteken nie, wat die vermoede laat ontstaan dat hierdie state moontlik met chemiese wapenprogramme besig is of selfs oor chemiese wapens beskik.

Indien die argumente wat na die Tweede Wêreldoorlog ten gunste van wapenbeheer en ontwapening aangevoer is, in oënskynning geneem word, is dié argumente steeds geldig. Die gevare verbonde aan 'n kernwapenwedloop, kernafskrikking en 'n moontlike wêreld kernkatastrofe het bykans verdwyn, maar die mens se inherente natuur het nie verander nie. Nuwe vrese het na die Koue Oorlog ontwikkel en eienskappe soos nayswer, gierigheid, magshonger en strewes na oorheersing, selfs al is dit net binnelands, het nie saam met die Koue Oorlog verdwyn nie.

3. 'n Historiese oorsig van die toepassing van wapenbeheer en ontwapening

Die ooreenkomste wat in die antieke tyd gesluit is was in die algemeen bilateraal van aard en aan die einde van konflikte gesluit. Die verloorder is deur middel van 'n ongelyke verdrag, ook die *foedus inaequum* genoem, gedwing om te ontwapen. Die Verdrag van 546 vC was egter 'n vrywillige multilaterale ontwapeningsooreenkoms aan die einde van 'n konflik. Gedurende die Middeleeue is wapenbeheer hoofsaaklik deur proklamasies en bilaterale ooreenkomste toegepas. Die ooreenkomste was ook meer op wapenbeheer as op ontwapening gerig. Die ooreenkomste wat gedurende die tydperk wat van 1648 tot 1914 gestrek het gesluit is, was hoofsaaklik bilateraal van aard. Die verdrae wat België in 1839; Luxemburg in 1867 en die Swart See in 1856 as neutrale gebiede verklaar het, is voorbeelde van wapenbeheer om strategiese stabiliteit te skep sowel as om gedragsnorme te bepaal. Die Anglo-Franse Vlootbeperkingsverdrag van 1787 en die Argentyns-Chileense Vlootbeperkingskonvensie van 1902 is gesluit om wapenwedloopstabiliteit te bevorder en kan ook as vertroueversterkende maatreëls gesien word.

'n Aantal verdrae wat gedragskodes en reëls vir oorlogvoering neergelê het is gedurende hierdie tydperk (1648-1914) gesluit. Die Deklarasie van St. Petersburg van 1868 het byvoorbeeld die gebruik van sekere tipes projektele in oorlogvoering verbied. Twee vorme van wapenbeheer wat onder andere in die antieke tyd gegeld het, naamlik die skep van buffergebiede en die *foedus inaequum* aan die einde van konflikte, is gedurende die tydperk 1648 tot 1902 herhaal. 'n Ontleding van die tipes ooreenkomste wat gedurende hierdie tydperk gesluit is toon dat wapenbeheer eerder as ontwapening toegepas is.

Al die benaderings tot wapenbeheer is gedurende die tussen-oorlogtydperk (1919-1939) toegepas. Die Verdrag van Versailles van 1919 is 'n voorbeeld van 'n *foedus inaequum* tipe verdrag wat aan die einde van 'n konflik, die Eerste Wêreldoorlog, toegepas is. Dié Verdrag is op Duitsland, en ander soortgelyke verdrae op verskeie ander Oos-Europese state van toepassing gemaak, deurdat die grootte van hul weermagte daardeur beperk is. Die Kellogg Briand Verdrag van 1928 verwerp oorlog as 'n instrument van nasionale beleid en is 'n voorbeeld van 'n multilaterale ooreenkoms om verhoudings te versterk, en dien dus as 'n vertroueversterkende maatreël. Die 1930 Vloot Protokol tussen Turkye en Griekeland is 'n verdere voorbeeld van 'n ooreenkoms om strategiese stabiliteit te versterk. Die Geneefse Protokol van 1925 wat die gebruik van giftige gasse in oorlogvoering en bakteriologiese wapens verbied, is 'n voorbeeld van 'n ooreenkoms wat gedragsnorme en oorlogreëls bepaal. In 1922 is 'n soortgelyke verdrag wat die gebruik van skadelike gasse in oorlogvoering verbied reeds gesluit.

Die Convention for the Control of the Trade in Arms and Ammunition van 1919 en die Convention for the Supervision of International Trade in Arms and Ammunition and the Implements of War van 1925, is pogings om proliferasie van wapens te bestuur. Gedurende die tussen-oorlogtydperk is verdrae ook inhoudelik in groter detail opgestel om dubbelsinnighede en skuiwergate uit te skakel. Groeiende kommer oor die verifikasie van ooreenkomste en die proliferasie van wapens was verdere kenmerke van hierdie tydperk. Verskeie verdrae om die proliferasie van wapens te beheer en te beperk is dan ook gesluit. Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het die eerste keer deur die stigting van die Volkebond in 1919 en deur die Wêreld Ontwapeningskonferensie van 1932 beslag gekry.

Die vrees vir oorlog is na die Tweede Wêreldoorlog met wapens van grootskaalse vernietiging geassosieer. Wapenbeheer en ontwapening is dan ook na 1945 rondom kernafskrikking gestruktureer. Die VN wat in 1945 tot stand gekom het, het deur verskeie resolusies 'n prominente rol in pogings tot kernontwapening gespeel. 'n VN resolusie van 1961 het ook die basis vir die Kernsperverdrag van 1968 gevorm. Wapenbeheer deur middel van internasionale organisasie het dan ook na 1945 met die stigting van die VN en die stigting van die IAEA in 1956, wat tot stand gekom het om die vreedsame aanwending van atoomenergie te bevorder, gedurende die Koue Oorlog beslag gekry. Toe die VSA ingevolge die Baruch Plan

van 1946 kerntegnologie vir vreedsame doeleindes beskikbaar wou stel, het die Sowjet-Unie dit teengestaan. Dit was 'n belangrike bydraende faktor tot die begin van die Koue Oorlog.

In die vroeë sestigerjare is daar as reaksie op die mislukkings van pogings tot kernontwapening tot wapenbeheer oorgegaan. Addisioneel tot die vrees vir 'n kernkatastrofe en strategiese stabilisering deur kernafskrikking, was die oogmerk onder andere om insentiewe om 'n eerste kernaanval te loods te verminder en kernproliferasie deur 'n situasie van wedersydse versekerde vernietiging (MAD) teen te werk. Hierdie benadering is dan ook gedurende die tydperk vanaf 1963 tot 1979 suksesvol gevolg. Gedurende hierdie tydperk is daar dan ook verskeie verdrae wat gedragsnorme tussen veral die supermoondhede gereël en die vertroue en veiligheidsituasie tussen hulle versterk het, gesluit.

Die SALT I ooreenkoms van 1972 tussen die twee supermoondhede het 'n vyf jaar moratorium op die ontplooiing van IKBM's in die twee state geplaas. Die ABM Verdrag wat in dieselfde jaar tussen hulle gesluit is het 'n beperking op die ontplooiing van ABM's in die twee state geplaas. Hierdie twee ooreenkomste het nie net gedragsnorme gereël nie maar ook strategiese stabiliteit bevorder. Die gespanne internasionale situasie wat sedert die laat sewentigerjare tussen hulle geheers het, het egter veroorsaak dat daar tot 1984 geen verdere kernwapenbeheer of kernontwapeningooreenkoms tussen die twee supermoondhede gesluit is nie. Die SALT II Verdrag van 1979 het misluk maar die Onmenslike Wapenkonvensie wat multilateraal van aard is, is egter in 1981 vir ondertekening voorgelê.

Toe Gorbatsjof in 1985 President van die Sowjet-Unie geword het, het daar 'n dramatiese verandering in die Sowjet-Unie se houding teenoor die Weste ingetree. Die polarisasie tussen die twee supermoondhede het verander na een van tegemoetkomendheid en samewerking. Die gevolg was skouspelagtige vordering met wapenbeheer- en ontwapeningsooreenkoms wat gedurende die voorafgaande veertig jaar ondenkbaar was. 'n Aantal ooreenkomste wat vanaf 1985 tot 1990 gesluit is het die vertroue en veiligheidsituasie tussen die twee supermoondhede en in die wêreld aansienlik versterk. Die bilaterale INF Verdrag van 1988 het byvoorbeeld tot die totale afskaffing en vernietiging van middel- en kortafstand kernmissiele aan beide kante gelei. Die Chemiese Wapenooreenkoms van 1990 tussen die supermoondhede het 'n verbod op die produksie van chemiese wapens en die drastiese vermindering van chemiese wapens tot gelyke vlakke beteken. Genoemde Ooreenkoms het nie die gebruik van chemiese wapens verbied nie. Die multilaterale CFE Verdrag van 1990 het beperkings op vyf kategorieë wapens en toerusting in Europa geplaas, en die CFE 1A Ooreenkoms op die getalle van gevegsmagte in Europa.

Gorbatsjof se beleid van *glasnost* en *perestroika* het daartoe gelei dat die Sowjet-Unie verbrokkel en tot 'n val gekom het en dit het tot die beëindiging van die Koue Oorlog gelei. Hy het die slagoffer van sy eie beleid geword en het aan die einde van 1991 as Sowjetleier bedank.

'n Ontleding van die vernaamste verdrae en ooreenkomste wat gedurende die Koue Oorlog gesluit is, sowel as die betrokke VN resolusies, toon dat dit grotendeels eerder oor wapenbeheer as ontwapening gehandel het en dat bilaterale en multilaterale ooreenkomste bykans eweveel was. Bilaterale ooreenkomste is meesal tussen die supermoondhede gesluit. Die vernaamste ooreenkomste en verdrae wat sedert die vroeë tagtigerjare tot aan die einde van die Gorbatsjof-ëra gesluit is was meesal bilateraal van aard en wapenbeheer eerder as ontwapening was ter sprake. Die verdrae wat teen die einde van die Koue Oorlog gesluit is resorteer onder die benadering "wapenbeheer aan die einde van konflikte".

4. Globale wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog

Die beëindiging van die Koue Oorlog is gekenmerk deur 'n aantal gebeurtenisse wat 'n radikale invloed op internasionale politieke verhoudinge gehad het. Saam met die verbrokkeling van die Sowjet-Unie, die Warschau Verdragsorganisasie (WVO) wat tot 'n einde gekom het en Duitsland wat herenig is, het 'n aantal soewerein onafhanklike state binne 'n kort tydsbestek in Europa ontstaan. Hierdie proses is verhaas deur die val van Kommunisme in die Sowjet-Unie en Oos-Europa, want die Sowjet-Unie se invloed het binne 'n kort tydsbestek in Sentraal en Oos-Europa verdwyn. Die bipolêre ideologiese verhouding van konfrontasie tussen die Ooste en die Weste het verander na 'n multilaterale benadering van samewerking ook ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening. Met die nuwe veiligheidsstelsel het state baie meer ingestel geraak op gemeenskaplike waardes soos konflikvoorkoming, konflikoplossing en krisisbestuur eerder as 'n balans van mag en vrees. Die basiese skeidslyn in die wêreld het van 'n ideologiese tussen Oos en Wes verander na 'n groeiende ekonomiese gaping tussen Noord en Suid. Die hoofdryfvere, veral in Europa, is nou die strewe na legitieme regerings, demokrasie en handhawing van menseregte. Nuwe bedreigings soos ekonomiese krisis, etniese konflikte, misdaad, internasionale terrorisme, en besoedeling van die omgewing, het prioriteite geword en sal in die toekoms 'n groot invloed op samesprekings oor wapenbeheer en ontwapening hê.

Verskeie faktore het na die Koue Oorlog wapenbeheer en ontwapening bevorder. Die primêre dryfkrag vir stabiliteit en veiligheidskepping ná die Koue Oorlog is interafhanklikheid van nasionale belange en samewerking om koöperatiewe veiligheid te bevorder. Daarvoor is openheid, deursigtigheid, vertroue en voorspelbaarheid nodig. Baie van hierdie elemente funksioneer reeds binne veiligheidstrukture soos die VN, OSCE, NAVO, WEU en die (EU). Steun vir die handhawing van menseregte en moraliteit het tot 'n groter mate 'n internasionale norm geword; verswakkende ekonomiese toestande in veral Sentraal en Oos-Europa het tot 'n

vermindering in verdedigingsuitgawes gelei; en die bipolêre ideologiese Oos-Wes verdeling wat verdwyn het, het die gevaar van 'n wêreldwye militêre konfrontasie grootliks verminder.

In teenstelling met die voorgaande, is daar ook 'n aantal faktore wat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog nadelig beïnvloed het. Voorbeelde hiervan is die voorkoms van konflikte, hoofsaaklik in die Derde Wêreld, wat primêr intrastaatlik van aard is; proliferasie van wapens en wapenhandel wat onverpoosd voortgaan; probleme met die doeltreffende toepassing van verifikasieprosedures; en die koste verbonde aan die vernietiging van wapens.

Daar is egter na die Koue Oorlog op verskeie gebiede merkwaardige vordering met wapenbeheer en ontwapening gemaak. Op die gebied van kernwapenbeheer en ontwapening is die START I Verdrag die eerste multilaterale verdrag wat langafstand offensiewe kernwapens verifieerbaar aan beide kante, dit wil sê die VSA en Rusland, verminder het. Die onderhandelinge vir die sluiting van START I was aanvanklik bilateraal van aard, maar die Verdrag is uiteindelik deur vyf partye, naamlik die VSA, Rusland, Belarus, Kazahkstan en Oekraïne onderteken. Laasgenoemde drie state het ingevolge die verdrag onderneem om nie-kernwapenstate te word nadat hulle aanvanklik oor kernwapens beskik het. Die drie state het hulself ook onderwerp aan die bepalings van die Kernsperverdrag. Die onbepaalde verlenging van die geldigheid van die Kernsperverdrag en, wanneer geratifiseer, die Omvattende Kerntoetsverbod, is lofwaardige pogings om globale kernwapenproliferasie te bestuur.

Ten opsigte van chemiese wapens is die mees uitstaande ooreenkoms na die Koue Oorlog die Chemiese Wapenkonvensie wat in 1997 van krag geword het. Dit is 'n geskiedkundige ooreenkoms in die sin dat dit chemiese wapens wêreldwyd verbied; 'n wye spektrum van inspeksies om verifikasie van nakoming van die verbod te verseker insluit; en alle aktiwiteite om chemiese wapens te ontwikkel of te vervaardig, streng verbied. Die CWK is 'n multilaterale ontwapeningsooreenkoms wat reeds deur 106 state, waaronder Rusland en die VSA, geratifiseer is.

Die stigting van UNSCOM en die gedwonge ontwapening van Irak is 'n voorbeeld van internasionale toepassing van die *foedus inaequum* reël teen 'n enkele staat.

In die afwesigheid van 'n formele multilaterale ooreenkoms wat die proliferasie van missiele beperk, lewer die MTBR steeds 'n waardevolle bydrae om die proliferasie van missiele en missieltegnologie te beperk. State soos die Volksrepubliek van Sjina, Israel, Roemenië en Oekraïne, wat nie-lede is, is bereid om hulle by die riglyne van die regime te hou.

Op die gebied van konvensionele wapens is daar ook na die Koue Oorlog 'n aantal deurbreke gemaak. Die CFE Verdrag wat reeds in 1990 onderteken is, is na die Koue Oorlog geratifiseer. Dit is 'n regionale multilaterale ooreenkoms waarvolgens konvensionele wapens in die betrokke gebied, naamlik die ATTU sone, drasties verminder is. Die opvolgende CFE 1A Ooreenkoms het die gevegsmagte van Europese state in genoemde sone ook drasties verminder.

Protokol IV wat in 1995 tot die Onmenslike Wapenkonvensie toegevoeg is verbied wapens, naamlik laserwapens, wat ontwerp is om permanente blindheid by mense te veroorsaak. Vir die eerste keer sedert die 1868 Deklarasie van Petersburg is 'n nuwe wapen wat reeds ontwikkel en getoets is, verbied voor dit op die slagveld gebruik kon word. Voortspruitend uit die versterking van Protokol II van dieselfde Konvensie is die Teen-Personeelmyn (TPM) Konvensie op 3 en 4 Desember 1997 deur 121 state onderteken. Die TPM Konvensie plaas 'n algehele verbod op teen-personeelmyne en bepaal verder dat alle bestaande teen-personeelmyne vernietig moet word. Hierdie twee protokolle is albei voorbeelde van die toepassing van gedeeltelike ontwapening.

Deur die stigting van die FSC in 1992, het die CSCE state ná die Koue Oorlog voortgegaan om hulle pogings te intensifiseer om op 'n regionale basis CSBM's te inisieer, te verfyn en te bevorder. Die Verdrag op Oop Lugruime van 1992 wat deur 25 state onderteken is, is een van die mees verreikende CSBM's wat nóg na die Koue Oorlog-era aangegaan is. Die VN Register van Konvensionele Wapens is ook 'n multilaterale CSBM.

Met verwysing na die benaderings tot wapenbeheer, soos uiteengesit in hoofstuk 1, kan die ná Koue Oorlogverdrae, ooreenkomste en konvensies soos volg gekategoriseer word:

- Wapenbeheer aan die einde van konflikte - Die START I Verdrag; die VSA/Russiese unilaterale vermindering van kernwapens; die CFE Verdrag; en die toepassing van die *foedus inaequum* beginsel teen Irak na die Golf-oorlog. Laasgenoemde was 'n ontwapeningsmaatreël.
- Wapenbeheer en ontwapening om proliferasie te bestuur en te beheer - Alle genoemde verdrae wat na die Koue Oorlog ingestel is behalwe die CFE 1A Ooreenkoms, die VN Register van Konvensionele Wapens, CSBM/s en die Verdrag op Oop Lugruime.
- Wapenbeheer om gedragsnorme te skep en te bepaal – Die CFE 1A Ooreenkoms; die Verdrag op Oop Lugruime, die VN se Register van Konvensionele Wapens en CSBM's.
- Wapenbeheer deur internasionale organisasie – die betrokkenheid van die VN ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening; die IAEA en UNSCOM wat deur die VN vir 'n spesifieke doel ingestel is.
- Wapenbeheer om strategiese stabiliteit te versterk – Die START I Verdrag; die VSA/Russiese unilaterale vermindering van kernmagte; die START II Verdrag; die CFE Verdrag; die CFE 1A Ooreenkoms; en die Verdrag op Oop Lugruime.

Alhoewel ander aspekte ten opsigte van internasionale veiligheid, naas die militêre ná die Koue Oorlog belangriker geword het, geld die onderliggende argumente ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening steeds. Probleme soos intrastaatlike konflikte en proliferasie van wapens, wat vroeër deur die Oos-Wes polarisasie oorheers is, geniet tans groter prominensie in die internasionale politiek. Die belangrikheid van globale wapenbeheer en ontwapening het

ná die Koue Oorlog nie werklik verminder nie. Skouspelagtige vordering is intendeel ná die Koue Oorlog met wapenbeheer en ontwapening gemaak.

5. Afrika en wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog

Die tydperk in Afrika gedurende die Koue Oorlog wat vanaf 1960 tot 1990 gestrek het, is deur veral drie aspekte wat 'n invloed op pogings tot wapenbeheer en ontwapening gehad het, gekenmerk. Dié drie aspekte was naamlik die dekoloniseringsproses in Afrika wat veral vanaf 1960 momentum gekry het, en voortgeduur het tot in die tagtigerjare/vroeë negentigerjare; die mededinging tussen die Ooste en die Weste wat om strategiese, ekonomiese, en ideologiese redes hul invloed na onafhanklikwording in Afrika wou uitbou en versterk; en Suid-Afrika se beleid van apartheid, wat vanaf die vroeë sestigerjare met geweld deur die ANC teengestaan is en Suid-Afrika as die vyand van Afrika en as die grootste bedreiging vir vrede in Afrika uitgesonder het. Hierdie gebeure het tot vele hoofsaaklik intrastaatlike oorloë gelei en veroorsaak dat Afrika wêreldbekendheid verwerf het as die kontinent waar staatsgrepe op 'n gereelde basis aan die orde is.

Die Afrika perspektief op wapenbeheer en ontwapening toon sekere duidelike tendense in die benadering tot wapenbeheer en ontwapening gedurende die Koue Oorlog. Aanvanklik was daar 'n sterk gevoel by die OB sowel as die OAE teen kernwapens en ten gunste van algemene ontwapening. Alhoewel hierdie sienswyse hoofsaaklik ten opsigte van kernwapens gedurende die Koue Oorlog voortgeduur het, het wapenbeheer en ontwapening ten opsigte van konvensionele wapens 'n illusie gebly en het die klem in die laat sewentiger/ vroeë tagtigerjare na een van konflikvoorkoming, -oplossing en -bestuur verskuif, met ander woorde die "spanning eerste" benadering.

Teenstrydighede in die Afrika opset het veroorsaak dat daar van die goeie voornemens ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening, en veral wat konvensionele wapens betref, gedurende die Koue Oorlog nie veel tereg gekom het in Afrika nie. Die talle militêre konflikte wat gedurende die Koue Oorlog in Afrika plaasgevind het, is met konvensionele ligte en kleinwapens geveg. Die vernaamste oorsaak van interstaatlike konflikte was grensgeskille as gevolg van grense wat gedurende die koloniale era vasgestel is en konflik tussen "nuwe" onafhanklike state veroorsaak het. Deurlopende ekonomiese mislukking van state; oneffektiewe regering; politieke ontevredenheid; en etniese verskille was die belangrikste oorsake vir intrastaatlike konflikte. Hierdie redes en Suid-Afrika wat in die vroeë sestigerjare herbewapen het, het veroorsaak dat uitgawes aan wapens in Afrika skouspelagtig gestyg het in die sestigerjare; aanhou styg het in die sewentigerjare; en eers in die vroeë tagtigerjare begin afneem het.

In omstandighede soos hierbo geskets, was daar dus gedurende die Koue Oolog ten opsigte van konvensionele wapens nie werklik sprake van wapenbeheer en/ of ontwapening in Afrika nie. Twee state het die Onmenslike Wapenkonvensie van 1981 geratifiseer. Die Afrika beskouing van ontwapening soos by die eerste konferensie wat in Afrika oor streeksveiligheid, ontwapening en ontwikkeling in 1985 te Lomé gehou is, uiteengesit, dui eerder op 'n benadering van vreedsame oplossing van geskille as om wapenbeheer en/of ontwapening as sulks toe te pas. Dié benadering kan 'n omgewing skep waarbinne wapenbeheer /ontwapening toegepas sal kan word, maar dit op sigself is nie wapenbeheer of ontwapening nie. Die OAE en EGWAS se optrede dui ook op hierdie benadering en moet eerder as pogings om vertroue en veiligheid te bevorder gesien word.

Ten opsigte van kernwapens is daar alreeds vanaf die vroeë sestigerjare gepoog om Afrika as 'n kernwapenvrye sone te verklaar, maar dié doel is nie gedurende die Koue Oorlog bereik nie. Die ontwikkeling van 'n kernwapenvermoë deur Suid-Afrika in die tagtigerjare het in dié verband 'n belangrike rol gespeel. Die OAE het wel in 1988 die storting van kern- en nywerheidsafval in Afrika as 'n misdad teen Afrika en sy inwoners bestempel. Hierbenewens het 34 Afrikastate die PTBT; 45 die Kernsperverdrag; en 22 die Seebodem Verdrag gedurende die Koue Oorlog geratifiseer. Verder het 34 Afrikastate die Geneefse Protokol van 1925 geratifiseer; 25 die BTWK van 1975; en sewe die ENMOD Konvensie van 1977. Die ondersteuning vir ooreenkomste ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging is bemoedigend maar konvensionele wapens is gedurende die Koue Oorlog in Afrika konflikte gebruik, wat die waarskynlike rede is waarom die Onmenslike Wapenkonvensie so swak ondersteun is. Die bogemelde verdrae wat oor kernwapens handel is teen kernproliferasie gemik terwyl die Kernsperverdrag klousules insluit wat kernontwapening aanmoedig. Die Geneefse Protokol is ook 'n ontwapeningsooreenkoms wat gedragsnorme bepaal. Al bogemelde ooreenkomste is multilateraal van aard.

Die VN se vredesendings na Afrika gedurende die Koue Oorlog se mandate was gewoonlik beperk tot dié van fasiliteerder, met militêre personeel wat nie veronderstel was om, behalwe uit selfverdediging, geweld te gebruik nie. Die VN se ondersteuningsgroep wat in die laat tagtiger/ begin negentigerjare in Namibië by die implementering van die vredesooreenkoms tussen SWAPO en Suid-Afrika betrokke was, se mandaat het 'n spesifieke ontwapeningsklousule ingesluit. Ontwapening wat ingevolge hierdie ooreenkoms toegepas is kan gesien word as ontwapening aan die einde van 'n konflik, soos in hoofstuk 1 beskryf. Die verpligte internasionale wapenverbod wat die VN vanaf 1977 teen Suid-Afrika ingestel het, kan as gedwonge wapenbeheer beskou word weens die feit dat dit 'n poging was om Suid-Afrika wapens te ontsê.

6. Afrika en wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog

Na die Koue Oorlog het daar veral ten opsigte van kleinwapenproliferasie en teenpersoneelmyne 'n merkbare verandering in die houding van sommige Afrikastate ingetree. Die situasie ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening met betrekking tot konvensionele wapens in die algemeen het egter nie verander nie. Die traagheid by Afrikaleiers om ontwapening en wapenbeheer in 'n ernstige lig te beskou is grootliks gegrond op die behoefte om eers heersende veiligheidsprobleme aan te spreek voordat wapenbeheer en ontwapening oorweeg kan word. Hierdie benadering staan bekend as die "politieke skikking" benadering.

Die VN se Register van Konvensionele Wapens word swak ondersteun deur state uit Afrika en talle Afrikastate akkumuleer steeds wapens as gevolg van 'n persepsie van bedreiging veral van binne hul grense. Die VN se Register van Konvensionele Wapens sluit nie landmyne, ligte en kleinwapens in nie. Alhoewel gewapende konflik in Afrika in die middel negentigerjare afgeneem het, het dit nie 'n vermindering in konvensionele wapens teweeg gebring nie. Gewapende konflik het in die laat negentigerjare in elk geval weer tot die 1990 vlak toegeneem. Met die beëindiging van die Koue Oorlog het die wedywering tussen die Ooste en die Weste in Afrika grootliks tot 'n einde gekom en het die supermoondhede se belangstelling in Afrika verminder; hervormings het in Suid-Afrika begin wat uiteindelik tot die beëindiging van die beleid van apartheid gelei het; en Oos-Wes surrogaat konflikte om die groot moondhede se geskille te besleg sowel as die frontliniestate se stryd teen apartheid en bevrydingsoorloë het ook tot 'n einde gekom. Hierdie gebeure het wapenbeheer en ontwapening bevorder. Oorsake van intrastaatlike konflikte in Afrika soos separatisme, ontevredenheid met bestaande regerings, en etniese- en stamgeskille bestaan steeds en lei steeds tot bloedige konflikte. Bydraende faktore wat wapenbeheer bemoeilik is die vele onbewaakte toegangsroetes in en na Afrika vir wapenhandel en smokkelary. Logistieke probleme en 'n gebrek aan hulpbronne maak die beheer van wapens uiters moeilik.

Kleinwapenproliferasie het na die Koue Oorlog 'n ernstige politieke en veiligheidskwessie op plaaslike, substreek en streekvlak in Afrika geword. Die teenwoordigheid van verskeie vorms van intrastaatlike konflik, tesame met hoë vlakke van politieke geweld en onstabiliteit in vele Afrikastate het 'n aanvraag vir kleinwapens laat ontstaan. 'n Surplus van wapens op die internasionale mark en in Afrika, en 'n groot swartmark vir klein- en ligte wapens het veroorsaak dat hierdie wapens baie goedkoop bekom kan word. Ander redes waarom daar so baie van hierdie wapens in Afrika in omloop is sluit 'n lang geskiedenis van intrastaatlike konflik in Afrika, en onvoldoende wapenbeheer- en ontwapeningsreëlings tydens vredesoperasies in Afrika in, wat veroorsaak het dat talle wapens nie deur strydende groepe ingehandig is met die sluiting van vredesooreenkomste nie. EGWAS se moratorium op kleinwapens en die vernietiging van surplus en onwettige wapens in Mosambiek (Operasie

Rachel) is pogings wat in Afrika aangewend word om proliferasie van ligte en kleinwapens te bekamp. Strenger maatreëls tydens vredesoperasies en om die probleme van wapensmokkelary en onwettige wapenhandel aan te spreek is egter nodig. Die tyd is ryp dat ernstige oorweging daaraan geskenk word om 'n register van konvensionele wapens, wat klein en ligte wapens insluit, vir Afrika in te stel.

In 1997 is die eerste kontinentale konferensie oor die gevaar van landmyne in Afrika te Kempton Park, Suid-Afrika gehou. Daar is by dié konferensie op 'n plan van aksie besluit om geplante landmyne in Afrika op te spoor en te vernietig en Afrikastate is aangemoedig om die TPM Konvensie te onderteken. By die VN het 38 Afrikastate 'n resoluie wat teen-personeelmyne wêreldwyd verbied, gesteun. Teen 23 Februarie 2001 het 43 Afrikastate die TPM Konvensie reeds onderteken en het 32 dit geratifiseer. Die Konvensie het op 1 Maart 1999 in werking getree. Teen Januarie 2001 was die steun uit Afrika vir die Onmenslike Wapenkonvensie egter steeds swak. Twaalf van die 17 state wat dié Konvensie onderteken het, het dit tot op daardie stadium geratifiseer.

Ten opsigte van wapens van grootskaalse vernietiging toon steun uit Afrika vir die CWK, die BTWK en die Geneefse Protokol dat dit die meerderheid state in Afrika se erns is dat chemiese en biologiese wapens wêreldwyd verbied word. Die Pelindaba Verdrag van 1996 het uiteidelik die weg voorberei vir 'n kernwapenvrye sone in Afrika om 'n werklikheid te word. Teen 9 Januarie 2001 het 15 van die 50 state wat dit toe reeds onderteken het, dit ook geratifiseer. Daar is dus 'n traagheid in Afrika om die Verdrag in werking te stel. Dié Verdrag is 'n voorbeeld van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik sowel as om strategiese stabiliteit te versterk. Daar word 28 ratifikasies benodig voor die Verdrag in werking kan tree. Hierbenewens het 53 Afrikastate die Kernsperverdrag en 35 die Gedeeltelike Kerntoetsverbod teen 15 April 2001 geratifiseer.

Die voorkoms van gewapende konflikte in Afrika is na die Koue Oorlog steeds geweldig inhiberend op enige pogings tot wapenbeheer en ontwapening van veral konvensionele wapens. Die benadering in Afrika is een van "politieke skikking" of "spanning eerste" voor daar oor wapenbeheer en ontwapening onderhandel kan word. CSBM's en die Kampala Dokument se riglyne is hier van kardinale belang. Steun vir die CWK; die Pelindaba Verdrag; die verbod op teen-personeelmyne; die moratorium op die invoer, uitvoer en vervaardiging van ligte wapens in Wes-Afrika; en die sukses met bilaterale pogings (Operasie Rachel) tussen Suid-Afrika en Mosambiek om surplus en onwettige wapenopslagplekke op te spoor en te vernietig, is egter positiewe tekens dat daar wel beperkte sukses met wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika behaal is.

7. Suid-Afrika en wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog

Suid-Afrika het gedurende die Koue Oorlog 'n party tot die volgende internasionale ooreenkomste wat op wapenbeheer en ontwapening betrekking het, geword: die Handves van die VN (1945); die Statuut van die IAEA (1956); die Suidpool Verdrag (1959); die Seebodem Verdrag (1971); en die BTWK (1975). Hierbenewens is Suid-Afrika ook 'n party tot die Geneefse Protokol ("Gasprotokol") van 1925.

Suid-Afrika se beleid van apartheid; sy volgehoue administrasie van Suidwes-Afrika (Namibië); en beperkte politieke regte aan swart mense het egter tot hewige politieke konflik en die internasionale isolasie van Suid-Afrika gelei. Die politieke konflik het mettertyd tot militêre konflik gelei en Suid-Afrika tot 'n groot mate van sy buurstate en die wêreldgemeenskap vervreem.

Ten einde die politieke *status quo* in Suid-Afrika te handhaaf het Suid-Afrika geen ander keuse gehad as om hom militêr deeglik toe te rus nie. Wapenembargo's wat sedert die vroeë sestigerjare deur die VN teen Suid-Afrika toegepas is, het daartoe gelei dat Krygkor gestig is en Suid-Afrika sy eie konvensionele-, ligte- en kleinwapens sowel as missiele begin vervaardig het. Die Suid-Afrikaanse regering het 'n konvensionele aanslag vanuit Afrika verwag; het verplig gevoel tot oorgrensaanvalle in buurstate om ANC basisse uit te wis; en was in 'n teen-insurgensie oorlog teen SWAPO gewikkel wat tot oorgrensaanvalle in Angola gelei het. Hierbenewens het Suid-Afrika goedgesinde organisasies soos UNITA in Angola, RENAMO in Mosambiek en die "Lesotho Liberation Army" in Lesotho van logistieke hulp, opleiding en wapens in hulle stryd teen die betrokke regerings, voorsien. Groot bedrae is deur die Suid-Afrikaanse regering aan die opleiding van militêre personeel; die mobilisering van die Suid-Afrikaanse weermag; die vervaardiging van wapens; en die verskaffing van wapens aan bogenoemde organisasies in buurstate bestee. Suid-Afrika het ook sedert die tagtigerjare 'n chemiese en biologiese wapenprogram bedryf en gedurende die sewentigerjare ses kernwapens ontwikkel.

Daar was dus gedurende die Koue Oorlog nie werklik sprake van wapenbeheer en ontwapening deur Suid-Afrika nie. Die ooreenkomste wat wel onderteken is het weinig (indien enigsins) beperkings ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening op Suid-Afrika geplaas.

Suid-Afrika se eksterne strategiese omgewing het egter na 1989 dramaties verander. Die Koue Oorlog het tot 'n einde gekom en daarmee saam die supermoondhede se wedywering in Afrika. Suid-Afrika het terselfdertyd 'n radikale politieke beleidsaanpassing gemaak wat tot die onafhanklikwording van Namibië en die ontbanning van onder andere die ANC in Suid-Afrika en die beëindiging van apartheid gelei het. In 1991 is onderhandelinge met die ANC begin om die binnelandse onrus in Suid-Afrika tot 'n einde te bring. Dit het tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika gelei.

Die Suid-Afrikaanse regering maak tans aanspraak op 'n verantwoordelike benadering tot internasionale handel in verdedigingsverwante produkte. Die regering stel homself egter bloot aan kritiek deurdat daar nie altyd by die riglyne gehou word nie en wapens soms aan state verskaf word waar growwe menseregteskendings aan die orde is. Suid-Afrika ondersteun alle resolusies ten opsigte van deursigtigheid in wapens; streeksvertroueskepping; en die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging. Die Suid-Afrikaanse regering se houding jeens wapenbeheer en ontwapening het na die Koue Oorlog, en veral na die demokratiese verkiesing van 1994, soos vervolgens sal blyk, drasties verander.

Suid-Afrika se optrede gedurende 1990/1991 deur die eerste staat ter wêreld te word om algehele kernontwapening unilateraal toe te pas en in 1991 die Kernsperverdrag te onderteken, dui op 'n "wapens eerste" benadering tot ontwapening. Voortspruitend hieruit het Suid-Afrika in 1991 'n omvattende veiligheidsooreenkoms met die IAEA gesluit, en vanaf 1995 weer sitting op die beleidmakende raad van die IAEA verkry om sodoende deel te hê aan die globale verifikasie van kernwapenverdrae en ooreenkomste. Suid-Afrika het ook 'n sentrale rol gespeel tydens die 1995 konferensie oor die Kernsperverdrag. Dié rol het betrekking gehad op die bestuur van kernwapenproliferasie. Suid-Afrika het ook 'n belangrike rol vervul in die aanloop tot die sluiting van die Pelindaba Verdrag wat 'n voorbeeld is van wapenbeheer om strategiese stabiliteit ten opsigte van kernproliferasie in Afrika te versterk. Suid-Afrika het die Pelindaba Verdrag in 1998 geratifiseer. Suid-Afrika se ratifisering van die Omvattende Kerntoetsverbod in 1999 is 'n verdere onderskrywing van globale wapenbeheer deur die proliferasie van kernwapens te bestuur. Aanvullend hiertoe spreek die Wet op Wapens van Grootskaalse Vernietiging van 1993 ook die nie-proliferasie van wapens van grootskaalse vernietiging aan en het Suid-Afrika in 1993 'n lid van die Zangger Komitee en in 1995 lid van die Kernverskaffersgroep geword. Hierdie twee multilaterale organisasies beywer hulle vir uitvoerbeheer oor kernverwante materiaal, toerusting en tegnologie wat vir tweeledige doeleindes aangewend kan word. Dit is verdere voorbeelde van Suid-Afrika se onderskrywing van globale wapenbeheer deur die bestuur van kernproliferasie.

Suid-Afrika se unilaterale optrede met die beëindiging van sy chemiese en biologiese wapenprogramme in 1993 is 'n verdere voorbeeld van die "wapens eerste" benadering tot ontwapening. Suid-Afrika is ook sedert 1994 'n lidstaat van 'n multilaterale *ad hoc* groep van die partye tot die BTWK om 'n verifikasieprosedure vir die Konvensie saam te stel en het die CWK in 1995 geratifiseer. Suid-Afrika lewer dus ten opsigte van chemiese en biologiese wapens 'n bydrae tot strategiese stabiliteit op globale en streekvlak sowel as tot die bestuur van die proliferasie daarvan. Suid-Afrika se bereidwilligheid om ten spyte van die feit dat hy nie 'n lid van die Australië Groep is nie, nogtans die groep se maatreëls ten opsigte van die uitvoer van chemiese en biologiese stowwe en giwwe na te kom, is 'n verdere bydrae tot die bestuur van die proliferasie van hierdie wapens.

Suid-Afrika se lidmaatskap van die MTBR in 1995; die riglyne en kriteria wat vir die uitvoer van konvensionele wapens geld; die verbod op teen-personeelmyne; die vernietiging van 261 423 teen-personeelmyne in 1997; Suid-Afrika se ratifisering van die TPM Konvensie; maatreëls teen die proliferasie van kleinwapens; en die vernietiging van kleinwapens, is voorbeelde van wapenbeheer deur die proliferasie van wapens te bestuur. Die verbod op teen-personeelmyne beteken ook ontwapening van 'n spesifieke tipe wapen ingevolge Protokol II van die Onmenslike Wapenkonvensie waartoe Suid-Afrika in 1995 'n party geword het. Suid-Afrika het homself, sedert 1996 toe hy lid van die VN se Konferensie oor Ontwapening geword het, ook deeglik ten opsigte van die bevordering van globale kernontwapening laat geld.

Die wapenembargo's wat die VN in 1963 en 1977 op Suid-Afrika van toepassing gemaak het, was multilaterale ooreenkomste wat deur die toepassing van die *foedus inaequum* beginsel op 'n eensydige wyse wapenbeheer op Suid-Afrika toegepas het. Alhoewel die embargo's nie aan die einde van 'n konflik toegepas is nie was die doel met die optrede van die VN om Suid-Afrika strategies sowel as polities te isoleer.

8. Gevolgtrekkings

Die beëindiging van die Koue Oorlog was tot 'n groot mate die resultaat van die radikale verandering wat gedurende die Gorbatsjof-era in onder andere die buitelandse beleid van die voormalige Sowjet-Unie ingetree het. Gorbatsjof het in 1986 reeds verklaar dat sover dit die Sowjet-Unie betref die wêreld teen die jaar 2000 kernwapenvry moes wees.¹ Die verdrae wat dus na die Koue Oorlog bilateraal tussen die VSA en Rusland ten opsigte van kernwapenbeheer en -ontwapening gesluit is sowel as die multilaterale ooreenkomste wat na die Koue Oorlog ten opsigte van konvensionele wapenbeheer in Europa gesluit is, was ooreenkomste wat aan die einde van 'n konflik gesluit is en wat 'n positiewe invloed op internasionale veiligheid gehad het. Na die verbokkeling van die Sowjet-Unie is Rusland tot 'n groot mate ontmagtig ten opsigte van invloed in Oos-Europa, asook weens die feit dat die voormalige republieke van die Sowjet-Unie onafhanklikheid verkry het. Aangesien Rusland dus sy status as 'n supermoondheid in die proses verloor het kan dit as 'n oorwinning vir die Weste beskou word wat dit dan 'n volwaardige voorbeeld van wapenbeheer aan die einde van 'n konflik soos in hoofstuk 1 beskryf, maak.² Die beëindiging van die Koue Oorlog het dus 'n positiewe uitwerking op globale wapenbeheer en ontwapening gehad.

Alhoewel die supermoondhede se invloed in Afrika na die Koue Oorlog grootliks verdwyn het en daarmee saam hul invloed ten opsigte van surrogaat konflikte en wapenskenkings aan Afrikastate, het konflikte in Afrika aanvanklik afgeneem, maar dié tendens was net tydelik van aard. Die feit dat die aantal groter gewapende konflikte in Afrika teen 1999



weer op die 1990 vlak was, is bewys dat daar, ten spyte van die beëindiging van die Koue Oorlog, steeds genoeg wapens beskikbaar was in Afrika om in konflikte te gebruik. Die sluiting van die Pelindaba Verdrag is hoofsaaklik moontlik gemaak deurdat Suid-Afrika 'n "wapens eerste" benadering gevolg het deur kernontwapening unilateraal toe te pas en die Kernsperverdrag te onderteken.

Alhoewel die beëindiging van die Koue Oorlog 'n positiewe invloed op wapenbeheer en ontwapening in Suid-Afrika gehad het, kan die radikale beleidsverandering weg van apartheid deur die Suid-Afrikaanse regering wat saam met die beëindiging van die Koue Oorlog geval het, nie net as 'n resultaat van die beëindiging van die Koue Oorlog beskou word nie. Die beleidsverandering was ook gemaak as gevolg van ernstige buitelandse en binnelandse politieke druk. Die idee om oor 'n politieke skikking te begin onderhandel het reeds in die tagtigerjare ontstaan voordat daar enige sprake van die beëindiging van die Koue Oorlog was.³ Na die 1994 demokratiese verkiesing het Suid-Afrika weer sy regmatige plek in die wêreldgemeenskap begin inneem en wapenbeheer en ontwapening is hoog op die agenda van die Suid-Afrikaanse regering, vandaar die talle ooreenkomste wat deur Suid-Afrika ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening onderteken is en Suid-Afrika se prominente rol ten opsigte van kernontwapening by Kernsperverdrag hersieningskonferensies.

Die volgende feite dui daarop dat wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog ten minste nog net so belangrik is soos gedurende die Koue Oorlog.

- Alhoewel die Koue Oorlog tot 'n einde gekom het, beskik die VSA en Rusland gesamentlik steeds oor tussen 18 000 en 19 000 kernploffkoppe, indien nie-strategiese en defensiewe kernwapens ingesluit word. Hierdie twee state is dus steeds 'n bedreiging vir mekaar. Hierbenewens is Pakistan, Indië en Israel (na bewering) nou ook kernwapenstate, wat veroorsaak dat algehele kernontwapening 'n illusie sal bly.
- State soos Libië, Iran, Irak en Noord-Korea word steeds daarvan verdink dat hulle programme vir die vervaardiging van wapens van grootskaalse vernietiging bedryf.
- Geen verifikasieproses om vas te stel of ooreenkomste nagekom word is absoluut effektief nie.
- Talle gewapende konflikte is wêreldwyd en veral in Afrika steeds aan die orde van die dag.
- Groot kommer heers wêreldwyd oor die onbeheersde proliferasie van ligte en kleinwapens.
- Die VSA se Nasionale Missielverdedigingsprogram {"National Missile Defence " (NMD)) wat tans aan die gang is om die VSA in staat te stel om ballistiese missiele wat moontlik vanaf vyandige state deur die buitenste ruimte na teikens in die VSA gelanseer kan word, in die ruimte of die atmosfeer te vernietig voordat dit die teiken tref, is besig om die ABM Verdrag in die gedrang te bring.⁴ President G W Bush van Amerika het dan ook op 13



Desember 2001 bekend gemaak dat die VSA oor ses maande aan die ABM Verdrag gaan onttrek.⁵

Volgens die hoofstukke in hierdie studie wat oor wapenbeheer en ontwapening na die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika handel, is dit duidelik dat daar, aan die hand van beskikbare navorsingsmateriaal, wel deeglik kennis geneem kan word van wat na die Koue Oorlog in Afrika en Suid-Afrika ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening bereik is. 'n Aspek wat met hierdie studie as grondslag verdere navorsing regverdig is die kwessie van verifikasie, inspeksie en afdwinging van ooreenkomste en verbintenisse wat ten opsigte van wapenbeheer en ontwapening tydens en na die Koue Oorlog deur Afrikastate en, meer spesifiek, Suid-Afrika aangegaan is. Nog 'n aspek wat verdere navorsing regverdig is om vas te stel wat die redes is waarom Afrikastate so traag is om sekere verdrae en ooreenkomste te onderteken en/of te ratifiseer.

VERWYSINGS

- 1 Gorbachev, M S. The Coming Century of Peace, Richardson & Steirman, New York, 1986, pp.11-15.
- 2 Croft, S, Strategies of arms control: A history and typology, Manchester University Press, New York, 1996 p.69.
- 3 Rhodie, E, P W Botha: The Last Betrayal, SA Politics, Melville, Johannesburg, 1989 pp.140-170; en Mandela, N, Long Walk to Freedom, Abridged Edition, Nolwazi Educational Publishers, Braamfontein, Johannesburg, 1996 pp.100-106
- 4 Stop Star Wars; Back to the Future. Internet: <http://www.stopstarwars.org/html/intro.html>
Toegang: 25/07/01.
- 5 Beeld, Pretoria, 14/12/2001.